

HOOFTUK I.

Die tweede Afrikaanse Taalbeweging.

INLEIDING.

Die Afrikaanse Taalbeweging dagteken uit die laaste kwart van die vorige eeuw. Die stigting deur ds. S. J. DU TOIT van *Die Genootskap van Regte Afrikaners* in 1875, met Paarl (Kaapland) als uitgangspunt en *Die Patriot* als orgaan, was die eerste stap om Afrikaans, die volkstaal van Suid-Afrika, erken te krij als skryftaal naas Engels en Hollands. Die ontstaan, geskiedenis en pennevrugte van die beweging, gewoonlik naar die vernaamste orgaan van die „Genootskap” genoem die „*Patriotbeweging*”, is breedvoerig uiteengeset in ’n Amsterdamse dissertasie van dr. LYDIA VAN NIEKERK.¹⁾ Met die Boere-oorlog van 1900 kom die *Patriot*-beweging tot stilstand, en enkele jare na die oorlog ontstaat als historiese voortsetting daarvan ’n nuwe beweging, met ’n veel groter uitgebreidheid en ’n heeltemaal nuwe karakter: die tweede Afrikaanse Taalbeweging.

Die naam van GUSTAV PRELLER is ten nouwste verbonde met die ontstaan en die geskiedenis van die tweede Afrikaanse Taalbeweging. Dit was op sij kragtige inisiatief dat die beweging in die lewe geroepe werd; en van die begin af het sij vaardige pen, deurdronge als hij was van dié erns en die goeie reg van die saak, waarvoor hij gepleit het, ook leiding gegee daaraan.

En in ’n saak als hierdie, waar die verhoudinge op taalgebied

¹⁾ *De eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen*, Amsterdam — SWETS EN ZEITLINGER — 1916.

aanvankelik soveel verwarring gestig het; waar aan die een kant soveel misverstand en vooroordeel weggeruim en aan die ander kant soveel onverskilligheid en slapheid bestrij moes word, was dit gelukkig dat die beweging in PRELLER 'n pleitbesorger gevind het, wat met warme oortuiging die deugdelikheid van sij standpunt kon verdedig; maar wat tewens die takt en insig gehad het om voorlopig 'n middelweg te kies en daardeur die moontlikheid te open tot 'n eventuele toenadering tussen beide uiterste partije in belang van die één groot saak — die bestendinging van ons volksbestaan.

Ons volksbestaan! Want dit was ten slotte die kern van die saak, die spil waaromheen die hele beweging gedraai het. Al die voorvegters vir die erkenning van die Afrikaanse volks-taal het dit van die staanplek af herhaaldelik met nadruk voorop gestel, dat die taalbeweging vir hulle in die eerste plaas nie bloot 'n taalkwessie was sonder meer nie, maar 'n lewenskweessie vir ons volk, waarby ons nasionale voortbestaan op die spel gestaan het.

„Ons het 'n volk om te behou; ons het 'n nasie om op te voed; ons kannie wag nie!”¹⁾

„Die vraag, wat vir vorm van Hollands die spreek- en skryf-taal van S. Afrika moet wees, is m.i. te veel bespreek als 'n bloot taalkundig probleem. Die twee tale, Nederlands en Afrikaans, word dan gewoonlik naas mekaar geset en met mekaar vergelyk, en dan kies mense die een of ander op grond van sekere taalkundige eienaardighede, omdat hulle meen, dat die een of die ander als taal voorkeur verdien... Taalkundige oorweginge is egter, naar onse mening, in die taalstryd geheel misplaas. Dit is vir ons nie die kwessie van 'n meer of minder ontwikkelde taal nie. Dis allermens 'n kwessie van smaak. Daarvoor is ons nasionale toestand te ernstig. Dit is in die eerste plaas — ek wil amper sê, dit is enkel en alleen — 'n volksaak. Dis vir ons 'n kwessie van bestaan of nie-bestaan...”²⁾

„Ons taal is vir mij, na die godsdien, die ernstigste saak wat die Afrikaner kan besighou. Dit is — laat mij toe om mij so uit te druk — 'n saak van lewe en dood.”³⁾

1) JAN CELLIERS in *De Volkstem*, 19 Junie 1907.

2) Dr. D. F. MALAN: *Dit is ons erns* (1908).

3) Ds. J. D. KESTELL in 'n rede op die Taalkongres, Bloemfontein (1909).

„Geen volk, dat zijn nationaal zelfrespekt verliest, kan ooit karaktersterk zijn. Als ik daarom pleit voor onze taal en onze nationaliteit, dan pleit ik vóór oneindig meer dan dat, voor wat het hoogste en het heiligste in de mens is. Had de taalstrijd alleen op het oog de redding of bevordering van 'n taal, de gehele kwestie zou mij betrekkelijk koud laten. Maar door merg en been gevoel ik het, gevoelde ik het reeds lang: het gaat hier om het karakter van ons volk.”¹⁾

Daarom het hierdie voormanne nie alleen hulle eie pad duidelik afgebaken gesien nie, maar was hulle van die begin af ook daarvan oortuig, dat die voorstanders van Hollands, wat ten slotte presies dieselfde doel beoog het, maar alleen langs 'n ompad, sig vroeër of later met hulle sou verenig in die strijd tot verwesenliking van 'n gemeenskappelijke ideaal.

Dit sou egter jare van oortuigingswerk kos, alvorens ook die „Hoog-Hollandse” partij sou insien, dat die Afrikaanse taalbeweging die enigste rasonale weg was, waarlangs 'n eie kultuur tot stand kon kom en die behoud van die Dietse stam in Suid-Afrika verseker kon word.

Die verrassend snelle tempo waarin die beweging veld gewin het, veral sedert 1914, het ten slotte selfs die mees optimistiese voorstander van Afrikaans verbaas laat staan. Wat hij enkele jare gelede nog als 'n toekomstige ideaal gekoester het, is vandag reeds werklikheid geword: die erkenning van Afrikaans deur staat en kerk, skool en universiteit.

Hoe hierdie merkwaardige evolusie, wat van agter besien tog ook weer so vanselfsprekend is, in so 'n korte tijd tot stand gekom het, sal in die volgende oorsig van die ontstaan en groei van die beweging nader aangetoon word.

Hoewel die *Patriot*-beweging met die Boere-oorlog tot staan gekom was, het *Die Patriot* self nog tot 1904 verskijn. Maar dit was slegs die laaste stuiptrekkinge van 'n blad, wat veral om sij politieke rigting, nie meer beantwoord het aan die eise van die tijd nie. Sij ondergang was dan ook nie te wijte aan die feit, dat die blad in Afrikaans verskijn het.²⁾ Maar omdat

¹⁾ Dr. D. F. MALAN: „Taal en Nationaliteit,” *Die Brandwag*, 1 Junie 1911.

²⁾ Vgl. dr. L. VAN NIEKERK: *De eerste Afrik. Taalbeweging* ens., bls. 52.

taal en nasionaliteit onafskeidelik met mekaar verbonde is, en *Die Patriot* in die 'oorlog ontrow geword het aan die tweede lid van sij tweevoudige sinspreuk „Vir Moedertaal en Vaderland”, kon hij die kragtig oplewende nasionale verlangens van sij lesers nie langer bevredig nie. En daarom was dit ook te voorsien dat die vloedgolf van nasionalisme, wat in die oorlogsjare van uit die twee strijdende republieke heel Suid-Afrika oorstrom het, vroeër of later onvermijdelik sou voer tot 'n herlewing van die Afrikaanse taalbeweging. Die blijwende verdienste van *Die Patriot* is, dat dit hierdie herlewing des te makliker gemaak het, omdat 'n jonger geslag kon voortbouw op 'n reeds gelegde fondament en daarbij partij kon trek van die ervaring van die eerste baanbrekers.

Dit is merkwaardig dat die geboortekiem van 'n nuwe strijd so dikwels gesoek moet word in 'n vredestraktaat. Bij art. 5 van die vrede van Vereniging (1902) was bepaal: „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony, where the parents of the children desire it, etc.”¹⁾ Die geskiedenis herhaal sig. Wat 'n eeuw tevore bij die oorgawe van die Kaap gebeur was ten aansien van die landstaal, het ook hier weer plaasgevind: die bedonge voorwaardes was alleen van krag... op papier!

Die volgende aanhaling uit 'n brief van SARGENT, toenmalige direkteur van onderwijs in Transvaal, aan Lord MILNER, is tekenend vir die manier waarop aan art. 5 uitvoering sou gegee word. Die brief dateer uit 1903: „Wij moeten 'n beroep doen op Engeland en de broeders en zusters van hen, die voor het Rijk gestreden hebben, hen vragen om over te komen om dat deel van de arbeid te verrichten, dat hun mannelijke familieleden niet in staat waren te voltooien. Onze militaire operaties hebben ten gevolge gehad, dat 't grootste deel der jongens tans in de kampen verblijft; en ik ben overtuigd, dat wij geen betere gelegenheid hebben dan tans, om hen 't volgend jaar *allen engelsprekend te maken*. Wat wij tans hier nodig hebben zijn vrouwen, hoogst bekwame onderwijzeressen, met sterke vaderlandsliefde, die genegen

¹⁾ *Zuid-Afrika's Geschiedenis in Beeld*, bls. 126.

zullen zijn hierheen te komen en de ontberingen van 't kampleven te doorstaan, tēn einde de kinderen van de burgers *onze taal en onze idealen* te onderwijzen. Leer die kindēren langzamerhand ook *onze grote imperiale idealen*." ¹⁾

Dat dit inderdaad erns was met hierdie poginge om die Boerebevolking heeltemaal te verengels, blyk verder uit die feit, dat binne vier jaar na die oorlog 3000 „young women” deur bemiddeling van „The South African Colonisation Society” naar Suid-Afrika gestuur was. ²⁾

Die gevolge hiervan was te voorsien, als daar nie vroegtijdig teenmaatreëls sou beraam word nie. In Suid-Afrika het dan ook voortdurend stemme van protes opgegaan. So b.v. skryf President STEIJN in 'n brief aan W. T. STEAD (verskijn in die *London Times*, 13 Febr. 1906) o.m.: „Wij verlangen dat Engeland het traktaat van Vereniging uitvoert, alsook de toenmaals gegeven beloften, door de Holl. taal ernstig op de scholen te doen onderwijzen. *Tans is dat onderwijs enkel schijn*. Wij verlangen inderdaad gelijkstelling der beide talen...” ³⁾

Maar proteste, hoe welsprekend ook, het nie veel gebaat nie. Onder offisiële beskerming het Engels hand oor hand toegeneem, en die Hollandse boeketaal van die skool, vir sover die nog gehandhaaf kon word, was magteloos teenoor invloede, wat van 'n georganiseerde staatsdiens uit die hele maatskappij als 'n suurdeeg deurtrek het. Die proses het natuurlik daardeur vergemakkelik geword, dat hierdie invloede versprei geword het deur 'n lewende taal, wat om die rede reeds dadelik 'n voorsprong op Hollands behaal het; terwyl die enigste middel, wat berekend was om hierdie invloede op die duur te keer te gaan — die eigenlike landstaal — als sodanig nie erken en benut, maar als minderwaardig oor die hoof gesien werd. Die gevolg hiervan was, dat nie alleen Hollands als sodanig gaandeweg deur Engels beïnvloed geword het nie, of selfs geheel verdring, maar ook die alledaagse spreektaal was blootgestel aan totale verwording, omdat dit glad geen beskerming of verpleging geniet het nie.

Een goeie illustrasie daarvan lewer die volgende anekdote van

1) *Die Brandwag* I, 14, blz. 418. Kursivering van mij.

2) *Zuid-Afrikaanse Post*, 15 Maart 1906.

3) *De Volkstem*, 10 Maart 1906.

'n ou Boer, wat aan iemand sou gesê het: „Nee, ou Neef, die ding loop nou glad verkeerd met ons taal. Partij Boere praat nou al te wonderlik. Hulle sê vir *mes* „Neef” (knife), vir *neef* „kussing” (cousin), vir *kussing* „Piet Louw” (pillow), vir 'n *dooi perd* „karkis” (carcase) en vir *groente* „witstippel merries” (vegetable marrows)! ¹⁾

Nog tekenender vir die betreurenswaardige taaltoestande in die jare volgende op die oorlog, is die volgende brief, gerig aan aan die Volkstem-redaksie: ²⁾

„*Warde Mister Edukteur,*

Ons sou vraag een weinig plaats in u newspaper, om te wiet wie te blijme is voordat ons nou gesummon word voor die rations wat ons van die repat. krij het. Wij heef gesoekt naar werkt en overal applications gemaakt, maar virniet — houserent is duur en moet wei ook rates betaal en taxes aan die munipalitei. Laas week ben wei met die baisekel na X gewees om te apply bij die condokter van die road party, maar-hij appoint net Engelschen en kaffers... ens.”

Sulke voorbeelde van taalvermenging sou met honderde vermenigvuldig kan word. En, wat erger was, dit het gladnie uitsluitend bij die minder ontwikkelde klasse voorgekom nie; maar selfs in die beste Afrikaanse kringe en huisgesinne was 'dit gaandeweg 'n soort mode, 'n mens kan amper sê, tweede natuur geword. Die oorheersende posiesie van Engels op die skool het tot gevolg gehad, dat sulke uitlatinge als die volgende skering en inslag was in die alledaagse gesprekke van ontwikkelde jong mense, vir sover hulle nie uitsluitend Engels gepraat het nie:

„I say, Joey, jij weet for the life of me, ik kannie meer decent Dutch praat nie, is 'nt it funny?...”

Ag wat, ik worry mij ook nie meer oor die language question nie, want 'n mens kan dit tog nie avoid om die twee languages op te mix nie!”

In skool en huis, in geselskap en briefwisseling, op die sportterrein en in studentevereniginge, in partikuliere- en regeringskantore, in handel en politiek, waar ook al, alles was als versadig met 'n allesbeheersende Engelse gees. Wie 'n winsgewende baantjie

¹⁾ *De Volkstem*, 7 Jan. 1905.

²⁾ *De Volkstem*, 24 April 1907.

wou bemaagtig, wie sig 'n air van geleerdheid en beskawing wou gee, wie van sonde en ergernis ontslae wou wees — moes Engels, *met 'n goeie aksent*, kon praat! Ons geskiedenis het ten slotte selfs die treurige feit moet boekstaaf, dat ook die Hollandse kerk in Suid-Afrika, wat sig altoos beroem het op haar onaan-tasbaarheid als „bolwerk van taal en nasionaliteit” op menige plek haar kansels ingeruim het vir die Engelse taal. En dit bij monde van haar eie predikante en ten aanhore van haar eie gemeentes! Dit lê nog vers in ieders geheue, hoeveel strid dit gekos het, b.v. in Kaapstad en Stellenbosch, om aan hierdie wantoestand 'n einde te maak.

Meer dan ooit was die noodkreet van „Jan wat versies maak” uit die sewentiger jare, van toepassing:

„Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jij siin en hoor;
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal fermoor.
Ag, hoe word ons folk ferbaster, daartoe werk ons leeraars saam,
Hollans nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote naam!
Wi hom ni laat anglisere, word geskolde en gesmaad.
Ook in Frijstaat en Transfaal al, ower al diselfde kwaad.
„Dis *vooruitgang!*” roep di skreeuwers, „dis *beskawing* wat nou kom!”
Di wat dit ni wil gelowe, di is *ouderwets en dom...*” ¹⁾

So 'n toestand van sake was onhoudbaar, omdat daar inderdaad groot gevaar bestaan het, dat die ideale van SARGENT en die „Colonisation Society verwesenlik sou word. Maar juis hierdie gevaar het ook geprikkel tot verset en was 'n heilsame middel om die groeiende nasionale gedagte tot rijpheid te bring, en daaruit te doen gebore word 'n onbedwingbare begeerte om sigself te blij, om 'n eie kultuur en 'n eie letterkunde in die lewe te roep.

Natuurlik het bestaande Hollandse instellinge soos die Kerk, die Taalbond, onderwysersvereniginge e.d. die toestand nie lijdelik aangesien nie, maar alle kragte georganiseer om te pleit en te te werk vir die handhawing van die Hollandse taal. En ook met 'n sekere mate van sukses, wat o.m. geblyk het uit die oprigting van die C. N. O. skole in die Noorde en uit die invoering van die vereenvoudigde spelling.

¹⁾ *Afrikaanse Gedigte: 1876—1906*, bls. 11.

Maar buite die skool en die kerk om het gaandeweg in breë kringe 'n lewendige besef ontstaan, dat daar met Hollands gladnie genoeg vordering gemaak werd nie; dat daar 'n radikale verandering moes kom in die propagandamiddele, als ons nie uiteindelik in die ongelijke strijd die onderspit sou delf nie. Baje mense het begin voel, dat die veldwinnende nasionale gedagte alleen tot volkome uiting sou kon kom deur middel van die volkstaal, en hulle het in die mening versterk geword deur die eerste skugtere openbaringe van 'n ontlukende Afrikaanse letterkunde.

Die Taalbond het blykbaar ook instinktmatig besef, ten spijte van alle beweringe van die teendeel, dat Nederlands als sodanig geen toekoms meer had in Suid-Afrika en dat die onnatuurlike kloof tussen skryf- en spreektaal nie langer gehandhaaf kon word nie. Vandaar sij kragtig gevoerde propaganda in 1904 en volgende jare om, trots verbitterde teenstand, die vereenvoudigde spelling algemeen deurgevoer te krij op skool- en universiteit.

En nou is dit veral opmerklik dat daar in hierdie verband voortdurend sprake was van *taalvereenvoudiging*, hoewel daarmee natuurlik, net soos in Nederland, bedoel werd *spellingvereenvoudiging*. Want „spellingverandering raakt de taal evenmin als verandering van het notenschrift de muziek.” ¹⁾ Maar als 'n mens die bekende brosjure „De Z.-A. Taalbond en de Taalvereenvoudiging” raadpleeg, dan blyk al dadelik dat die Taalbond inderdaad veel meer beoog het dan 'n blote verandering van die „Hoog-Hollandse” spelling. Want onder „woordkeus” word gesê: „Goorloofd is het gebruik van woorden, woordvormen en uitdrukkingen, die, hoewel ongewoon of zelfs geheel onbekend in het Nederlands, hier algemeen gangbaar en geldig zijn:

- (a) woorden, die voortleven in hun oorspronkelijke (17^{de} eeuwse) vorm en betekenis;
- (b) woorden, die voortleven met gewijzigde betekenis;
- (c) *woorden en uitdrukkingen, die naar het karakter van ons volk en de aard van 't land ontstaan zijn;*
- (d) woorden en uitdrukkingen, die aan vreemde talen ontleend zijn en door iedereen gebruikt en begrepen worden.” ²⁾

¹⁾ Prof. C. G. N. DE VOOYS: *De Letterkundigen tegenover de Vereenvoudigde spelling, De Beweging*, Apr. 1910.

²⁾ *De Goede Hoop*, Okt. 1904. Kursivering van mij.

Dus aan die hele beskaafde Afrikaanse woordeskat en selfs idiomatiese uitdrukkinge sou burgerreg verleen word, maar... gewring in die keurslijf van 'n *Nederlandse taalvorm*! Want die Nederlandse grammatika moes gehandhaaf word. Tiepies Afrikaanse woordvorme en uitdrukkinge moes dus eers in vorm „verhooghollandst” word en daarna opgedis als goeie „vereenvoudigd” Hollands! En omdat daar natuurlik geen sprake van was, dat Hollandse en Afrikaanse taalvorme deurmekaar kon gebruik word nie, is dit 'n raadsel hoe sulke spesifiek Afrikaanse woorde en uitdrukkinge als die volgende, wat volgens (c) geoorloof was, sou moet geskryf word: *Sij maters is dood, stadig oor die klippe, dis laaste sien van die blikkantien, nouw strop trek, 'n agtermekaar boer, 'n deurmekaar spul, stokfloww, perdgerus, naelskraap, opdraand, afdraand, praat van die ding*¹⁾ en honderde meer.

Geen wonder dat so 'n onmoontlike poging tot gevolg moes hê 'n soort skryftaal, wat grammatikaal misskien Hollands was, maar in wese Afrikaans, en daarom geen van beide. Was die Taalbond konsekwent te werk gegaan, dan moes hij eenvoudig die *Afrikaanse vorm* van Hollands, die alledaagse spreektaal van die beskaafde Afrikaner, als skryfmedium aanvaar het.

PRELLER en sij medestanders, wat later o.m. van die Taalbond heftige teenstand sou ondervind, het hulle op presies dieselfde standpunt als die Taalbond geplaas, maar net in omgekeerde verhouding. Uitgaande van die juiste veronderstelling, dat dit in die hoogste mate ontaalkundig en onwetenskaplik is om die volkspraak, met 'n van Nederlands als sodanig sterk afwijkende vormleer en idioom, te wil gaan skrywe volgens die grammatikale reëls van 'n uitheemse, in Suid-Afrika nie-meer-lewende taalvorm nie, het hulle als basis aangeneem die inheems-lewende Afrikaanse taalvorm; en, kragtens erfreg, die hele Dietse woordvoorraad (nie grammatika nie!) tot gemeengoed verklaar. Met dien verstande, dat al wat ons daaruit oorneem ter verrijking van ons eie taalskat, soveel moontlik in ooreenstemming sou wees met die Afrikaanse vormleer en taaleie, in ieder geval die beskaafde Afrikaanse taalgevoel geen geweld sou aandoen nie.

¹⁾ Nederlanse ekwivalente: *hij heeft zijns gelijke niet, haast u langzaam of zacht wat!, hij is ervan doorgestaan, al zijn krachten inspannen, 'n nauwgezette boer, 'n janboel, doodop, dood op zijn gemak, op het nippertje af, steil(te), glooiing, dat mag je wel zeggen.*

Met hierdie voorstel het die Taalbond dan ook heftige verset uitgelok bij die voorstanders van „zuiver Nederlands”. Aangesien ons die skriftaal van Nederland gebruik, so was hulle gedagte, moes ons ook wag tot *Nederland* die vereenvoudiging algemeen sou aanneem. Maar aan die ander kant was die gevolg daarvan, dat daar al meer stemme begin opgaan het ten gunste van suiwer Afrikaans. Die invoering van die vereenvoudiging werd beschouw als 'n eerste stap in die rigting van die gesproke taal. So skryf *De Afrikaner* o.m.: „Onze toekomst is niet Hollands en ook niet Engels, maar Afrikaans. Alle tekenen wijzen daarheen . . . Ons ontbreekt nog 'n vol besef van onze meerderjarigheid. Maar wij gaan die weg op — Afrika wordt *Afrikaans!*” ¹⁾

Ondertussen was reeds in Julie, 1903, als eerste voorbode van die naderende „renaissance”, in Kaapstad tot stand gekom *De Goede Hoop* — „een Zuid-Afrikaansch maandblad voor jongelieden” — onder redaksie van adv. J. H. H. DE WAAL, 'n warme voorstander van Afrikaans. Tot die vernaamste oprigters het o.m. behoort Mevr. KOOPMANS—DE WET en „Onze Jan”, name wat bekend genoeg was om die nasionale karakter van die blad te waarborg.

In sij „inleidingswoord” het die redakteur oud en jong uitgenooi om bij te dra tot die inhoud, en meegedeel, dat bijdrae naar verkiesing in Hollands of Afrikaans gestel kon word. Die eerste nommer bevat dan ook reeds twee korte verhale en twee gedigte in Afrikaans, één waarvan uit die pen van MELT BRINK, wat nadien 'n vaste medewerker was. Hoewel nog geen 4 van die 26 bladsije leesstof in Afrikaans gestel was, het „een geachte correspondent uit Stellenbosch” dadelik beswaar gemaak, dat „er te veel Afrikaansch in het eerste nummer voorkomt”. DE WAAL kon egter geen beterskap belowe nie, omdat hij in die 2e no. self voor die dag kom met *Anjelina*, 'n tragiese liefdespel in Afrikaans; terwijl hij in die 3e no. met voldoening gewag maak van die feit, dat al meer skrywers hulle van Afrikaans bedien.

Een groot beswaar was egter die spelling; waarom hij ter

¹⁾ Aangehaal in *De Volkstem*, 3 Mei 1905.

wille van eenvormigheid als leiddraad aanbeveel: „Spel volgens de uitspraak, maar wijk niet onnodig van de Hoog-Hollandse spelregels af.” Daarmee was die moeilikheid egter nog nie opgelos nie, en die onsekerheid ten aansien van die spelling was dan ook jare lang een van die vernaamste griewe teen Afrikaans. Die oog van die lesende publiek was so gewend aan 'n langgevestigde skriftradiesie, dat die besware teen die vereenvoudigde spelwijse nog in dubbele mate ten opsigte van Afrikaans gegeld het. Pas in 1915 sou die spellingvraagstuk tot 'n min of meer bevredigende oplossing kom.

Reeds in Julie 1904, het DE WAAL die wenselikheid daarvan betoog om die spelling deur 'n kommissie van taalgeleerde Afrikaners te laat vasstel, en die gedagte uitgespreek, dat 'n taalvereniging moes opgerig word „met het oog op het behoud en het voorthelpen van ons geliefd Afrikaansch.” Dit het egter voorlopig bij 'n vrome wens gebly, en DE WAAL was later, toe PRELLER in Transvaal en JOH. VISSCHER en ds. W. POSTMA in die Vrijstaat daadwerkelijk begin ijwer het vir so 'n vereniging, selfs genoodsaak, waarskynlik op 'n wenk van die beheerders van sij blad, om meer Hoog-Hollandse en minder Afrikaanse stukke op te neem.

Niettemin het *De Goede Hoop* ongetwyfeld veel gedaan om die skrywe van Afrikaans te bevorder. En wat veral van betekenis is, DE WAAL het daarin die eerste verdienstelike proewe gelewer op die gebied van die historiese roman in Afrikaans. Sedert Jan. 1904 was *Johannes van Wijk* in afleweringe in die *Goede Hoop* verskijn, en na voltooiing in 1906 in boekvorm uitgegee, en sedert meermale herdruk. Verder het DE WAAL daarin 'n reeks „rijmpjes, stories en toneelstukkies” geskryf, wat in 1911 afsonderlik uitgegee is onder die beskeie, maar goed gekose, titel *Stompies*. Ook sij *Africander Grammar*, meer bepaald vir Engelse landgenote bedoel, het aanvankelik in die *Goede Hoop* verskijn, en seker nie weinig daartoe bijgedra nie om meer waardeering te wek vir „the confused utterances of a half-articulate patois,” soos die *Cape Times* Afrikaans genoem het.

Die Afrikaanse gedigte uit die eerste jaargange van die *Goede Hoop* behoort sonder uitsondering nog tot die ou skool van vóór die oorlog. Grappige rijmpjes in *Patriot*-trant, waarin

veral gestreef werd naar 'n onberispelik gladde maat en goeie rijm. Die volgende paar staaltjies kan als tieperende voorbeelde dien:

Ik is 'n jonkman fief en vlug,
 En hou van meisies veel,
 So dat ik soms bal lus gevoel,
 Vir mij 'n paar te steel;
 Want ag, die goedjies lijk so mooi!
 Te meer als hul is opgetooi!...

M. J. B(RINK).¹⁾

* *

'n Meisi is 'n fraaie ding,
 'n Soete ding, 'n liewe ding,
 'n Meisi is di beste ding,
 Wat ooit op aarde was gebring...

JANNI.²⁾

* *

Di man, wat hierso voor ons staan,
 Is boeti M. J. BRINKI:
 Hij lijk net kwai, neh? — Mar hij is
 So sag as 'n tinktinki.

Hij lijk gelijk 'n biskop, neh?
 Te waardig vir 'n fratsi!
 Mar moenie glo ni! Hij di is
 Ons Kaapse Vader KATSI.

(*Bij 'n portret van MELT BRINK.*)³⁾

¹⁾ *De Goede Hoop*, Julie 1903.

²⁾ *De Goede Hoop*, Des. 1903.

³⁾ *De Goede Hoop*, Des. 1903.

LAAT 'T ONS TÓCH' ERNST WEZEN

Die eigenlike beweging tot verheffing van Afrikaans tot skryftaal het van Pretoria uitgegaan.

Soos uit die voorgaande bladsije gebleke is, was die tijd ryp vir 'n herlewing van die Afrikaanse taalbeweging. Daar moes alleen nog maar 'n doelbewuste voorman opstaan, wat die moed sou hê om die voortouw te vat en duidelik uit te spreek, wat reeds in so baie gemoedere aanwesig was. En die tijd het ook so 'n leier laat vorentoe kom.

GUSTAV PRELLER se joernalistieke arbeid het meegebring, dat niemand beter dan hij op die hoogte was van die verbijsterende taaltogstande in die eerste jare na die oorlog. Als sub-redakteur van 'n groot blad soos *De Volkstem*, het hij dag na dag te doen gekrij met 'n massa korrespondensie uit alle kringe van die samelewing, sodat hij presies ingelig was ten aansien van die skryfmedium van sij lesers-korrespondente. Hij was dus als vanself die aangewese persoon om die inisiatief te neem, ten einde hierin 'n verandering te weeg te bring.

Die onmiddellike aanleiding tot sij optree was die bekende Stellenbosse rede van „Onze Jan” in Maart 1905, oor die vraag: *Is 't ons ernst?* „Ernst met ons beweren, met het beweren van zo velen, — dat zij, dat wij, de miskennen, verguizing, minachting, vertrapping van onze Taal werkelijk gevoelen, die betreuren, verlangen onze Taal op te heffen, in eer te herstellen en al wat in ons vermogen is daartoe bij te dragen?...” En waarin o.m. ten opsigte van Hollands op dië skool verklaar werd: „Op de meeste scholen wordt het volstrekt niet onderwezen, en op het gros van de scholen, waar het wel op de Tijdstafel voorkomt, is het onderwijs daarin zo erbarmelijk, dat niet één uit de tien leerlingen ooit in staat wordt 'n verstaanbaar briefje aan vader of moeder in eigen taal te schrijven.” (Met *eigen taal* werd hier nie Afrikaans bedoel nie, maar Hollands.) Die algemene toestand het „Onze Jan” in die volgende woorde saamgevat: „*De hooggeroemde gelijkheid heeft nooit in de Kaapkolonie bestaan, was altijd min of meer 'n fiktie en is zulks nu nog meer dan ooit.*”¹⁾

¹⁾ *Zuid-Afrikaanse Prozasamling* (HOEKSTRA-VILJOEN) bls. 46 vlg.

Naar aanleiding van hierdie rede het in *De Volkstem* (19 April 1915 vlg.) 'n reeks vervolg-artiekels van PRELLER verskijn onder die opskrif: *Laat 't ons toch ernst wezen!* in Junie 1905, in brosjure-vorm uitgegee met die onder-titel: *Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse skryftaal.*

Hierdie pleidooi kan beskou word als die manifes van die tweede Afrikaanse taalbeweging, waarom dit nodig is daar enigssins uitvoerig op in te gaan.

„Onze Jan” had die onbevredigende toestand toegeskryf aan gebrek aan erns. PRELLER dring meteens deur tot die wortel van die kwaad: *miskenning van Afrikaans!* „Al de z.g. Hollands-sprekende Afrikaners spreken wat we nu kennen als 't Afrikaans, terwijl de overgrote meerderheid iets schrijft dat bestendig koers houdt tussen 't Nederlands der scholen, 't Afrikaans „zoas ons hom praat” en 'n soort van Engels, — een toestand die aan eerstgenoemde niet bevorderlik en voorzeker berekend is afbreuk te doen aan de gezonde ontwikkeling van 't Afrikaans. Deze toestand achten we hoogst onbevredigend, niet zozeer omdat 't Nederlands er geen baat bij heeft — die baat toch hebben we nog nooit buiten de school gezocht — maar omdat 't Afrikaans eronder lijdt. In dat Afrikaans, diezelfde „kombuistaal” of „patois”, schuilt het geheimzinnig taalorganisme dat hier bij ons leeft en aardt. Dit moeten Afrikaners inzien, en hoe eer we zulks doen, hoe beter voor ons en voor degenen, die na ons rekenschap zullen opvorderen van onze rentmeesterschap. Afrikaans is nog nooit vijandig geweest tegenover 't Nederlands, en kan of mag dit ook nooit zijn, want uit die oude en vaste stam moeten we onze kracht krijgen. Hebben we al eenmaal de vrome hoop gekoesterd, dat 't meer voor ons kon zijn, — die hoop ontsproot uit wat tans in het verledene ligt, en het is ijdel, het is meer dan ijdel, het is zelfmoordend om ons nog langer daarmee te vleien”.

PRELLER formuleer dan sij standpunt in die volgende twee stelling, met 'n derde als gevolgtrekking:

1. „De taal die in een land leeft, die in het ganse volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan, en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeiing van het volk waarin ze leeft. De geschreven taal van enige nasie regelt zich onwillekeurig,

of behoort zich te regelen, naar de gesproken taal van die nasie; anders lopen de twee naderhand zó ver uit mekaar, dat zij feitelijk afzonderlike talen zouden zijn.

2. Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in de gehele Afrikaner nasie. Geen andere taal doet hetzelfde. Onze schrijftaal verschilt zó ver van onze spreektaal, dat voor 't gros der Afrikaners het geschrevene als een vreemde taal is, die zij zelf nagenoeg nooit schrijven.
3. *Daarom* heeft Afrikaans in Zuid-Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan.
Daarom behoort onze schrijftaal veel nader bij 't Afrikaans te komen, dan waar zij zich tans bevindt."

Bij die motivering van sij stellinge gee Preller blijk van algemene belesenheid en van 'n juiste insig in taalverskijnsele. Hij erken dat wat hij hier verkondig niks nuwts bevat nie, maar sij doel daarmee is om „aan mijn eigen landgenoten te beduiden, dat zij zich niet aan 'n doodzonde schuldig maken, wanneer zij, om uiting te geven aan 't gevoel dat daar uit hun binnenste opborrelt, zich op verstandige en verstaanbare wijze bedienen van dezelfde spraak, die hun de hele dag zo maklik, licht en lustig op de lippen zweeft, instede van met hun gedachten en al te verdwalen in een harnas, waar zij te klein voor zijn of dat voor hen te groot is."

Sprekende oor wat „taal" is, sê hij o.m.: „Het is geen samenstel van willekeurige taalregels en wetten, geen gedrukte ding, geen reeks van zwarte merkies op papier, doch het beeld der gedachten van het volk, een steeds veranderende diorama van het innerlik bewustzijn van de mens. 'n Taal wordt niet in mekaar gespijkerd, zooals men 'n stoel of 'n tafel maakt, doch groeit, en al groeiende verliest ze sommige dingen terwijl ze andere wint; veranderingen vinden voortdurend plaats, totdat de taal na verloop van jare er heelmaal anders uitziet: precies zoals het portret van 'n man op verschillende leeftijden ook grote veranderingen vertoont."

Vervolgens word 'n hele reeks voorbeelde uit die geskiedenis aangevoer ten bewijse van die „taaiheid van 'n taalorganisme, waar het eenmaal in 'n volk wortel heeft geschoten": Angelsaksies, Wels, Kelties, Kanadees-Frans, Pools, Vlaams, Afrikaans, ens. Als voorbeeld van die teendeel word gewijs op Amerika, waar

die oorspronklike Hollands van „Nieuw Amsterdam” totaal verdwene is. Opvallend, meen PRELLER, dat 'n mens juis in die vrie wereldrepubliek onder vrieheid ondergang moet vind en in Suid-Afrika onder dwang vrie wording. Daaruit blijk, dat 'n taal wel ten onder kan gaan, maar alleen wanneer 'n volk geen kragtige poginge meer aanwend om dit te voorkom nie. Hierdie moontlikheid bestaan ook in Suid-Afrika; maar tot dusver lewer die geskiedenis die bewijs, dat die Afrikaanse nasie vas beslote is om sij taal en daarmee sij volksbestaan te handhaaf. Want ten spijte van die feit, dat Engels sedert 1825 die heersende taal geword het in S. A., en Hollands sedert 1882 in Kaapland en reeds vroeër in die twee republieke als offisiële taal erken geword het; en nietteestaande die stelselmatige teenwerking sowel van Engelse als van Hollandse kant in S. A. — het Afrikaans die spreektaal gebly van al die Afrikaners in Noord en Suid, en die spreektaal geword van honderde Engelse setelaars, wat hulle sedert 1820 in die land kom vestig het.

Ten bewijse watter vergeefse poging dit is om nog voortdurend te streef naar wat, met die beste kans van slaë, onder die gewese republieke reeds onmoontlik geblyk het, word herinner aan die uitspraak van dr. CHANGUION, wat reeds in 1844 gewanhoop het aan die herstel van Hollands in Suid-Afrika;¹⁾ en aan wat dr. N. MANSVELT, destijds hoogleraar in Stellenbosch, in 1880 verklaar het: „De eerste illusie van CHANGUION heb ik, evenals hij zelf later ook gedaan heeft, als ondenkbaar laten varen; — 't onderscheid in volksaard, land- en luchtgesteldheid, zeden, begrippen en belangen is té groot, dan dat 'n Afrikaansch volk zich ooit van het Hollandsch, zooals het ten noorden van de linie gesproken wordt, als voertuig zijner gedachten zou kunnen bedienen”.²⁾ En in 1902, nog vóór die vrede, het dr. MANSVELT met die oog op Afrikaans in Holland gepleit vir taalvereenvoudiging: „Wil echter die oude Moeder (Nederlands) wezenlijk haar kind (Afrikaans), dat trots de ongunstigste omstandigheden nog zoo trouw haar karakter bewaard heeft, helpen en steunen, dan moet zij die middeleeuwsche stijve kleederen, die thans hare nog niet verstorven bevallige leden ontsieren en als een ouderwetsch

¹⁾ *De Nederduitsche Taal in Z.-A. hersteld*, Kaapstad 1844.

²⁾ *Zuid-Afrik. Tijdschrift*, Aug. 1880.

harnas hare vrije beweging belemmeren, van zich werpen..."¹⁾;

„En dit” — sê PRELLER — „vóórdat er zo’n ding bestond als art. 5 van het Verenigingstraktaat, toen we nog hoopten!” Hoeveel te meer rede bestaan daar nie vandag nie, om die ouderwetse harnas opsj te set en ons natuurlike wapen te gebruik.

Maar hij verneem reeds bij voorbaat die bekende teenwerping van later: is Afrikaans ook ons Bijbel- en kanseltaal? Seker mag die beskawende invloed wat voortdurend daarvan uitgegaan het en nog uitgaan, nie onderskat word nie. Maar met dit al is dit slegs die taal van ’n bepaalde kultus, wat in hoofsaak tot ons kerkelike instellinge beperk is. Sodra die predikant sij preekstoel verlaat, praat hij Afrikaans. „Onze kerktaal beslaat slechts een min of meer beperkte vakterminologie, die maklik aangeleerd, doch niet eigen is, en noodwendig aangevuld wordt, vooral in de mond onzer jongere predikanten, door zuiver Afrikaanse woorden en zegswijzen, en in de kinderpreek en op het zendingveld geheel overgaat tot het Afrikaans”.

Dat die kanseltaal inderdaad veel nader aan Afrikaans dan aan Nederlands staan, toon PRELLER aan met feite, wat moeilik weerlê kan word. Bij geleentheid van ’n Sinode-sitting had hij ’n tiental preke uit die mond van verskillende predikante stenografies laat opneem, en vergelijk met enige woordelike verslae van preke deur predikante uit ander kerkgenootskappe; en met die gegevens voor hom verklaar hij „dat het resultaat beslist *geen* Nederlands was. Afrikaans leefde en wortelde erin, en worstelde om de boventoon, zòzeer dat ’t ’n lust was om aan te zien, en dat zich bij mij de overtuiging vestigde dat een gezaghebbende Afrikaanse vertaling van de Bijbel de doorslag zou geven aan Afrikaans als schrijftaal”

Met tal van voorbeelde laat PRELLER sien hoe weinig die Afrikaner sigself is, wanneer hij in ’n openbare vergadering probeer Hoog-Hollands praat: „Hij hakkelt, sukkelt en zoekt, en slaagt er bijna nooit in om iets goeds tevens mooi te zeggen”, want reeds die enkele woordjie „het” is al ’n onoverkomelike struikelblok op sij pad naar die welsprekendheid. „Nee, laten we ’t toch niet ontkennen: het Afrikaans wortelt diep in de Afrikaner

¹⁾ *Het onderwijs in Z.-A., vooral met betrekking tot de Ned. Taal*, (Amst. 1902).

nasie, zo diep dat 't onuitroeibaar is!... In 't Afrikaans alleen is de Afrikaner in staat met de meeste kracht weer te geven wat er in hem omgaat, zijn natuurlikste gewaarwordingen, zijn innerlikste gedachten, zijn diepste gevoelens — het is de taal die ook bij uitnemendheid hoort te wezen het voertuig zijner *op papier geschreven* gedachten."

In 'n klemmende betoog word die nadelige gevolge blootgelê, wat noodwendig voortvloei uit die onnatuurlike verhouding tussen spreek- en skrifftaal, die vernaamste waarvan is, dat in Suid-Afrika so verbasend min gelees en geskryf word. PRELLER maak hier handig gebruik van goed gekose aanhalinge o.m. uit KOLLEWIJN.¹⁾ Als selfs „Nederlandse professoren en studenten, taal- en letterkundigen, schoolmeesters en scholieren" voortdurend moet refereer naar een of ander „geslachtslijst", sodat hulle korrespondensie „in meerdere of mindere mate pijnlijk" word, — hoeveel te meer pijnlijk moet dit dan nie vir die Afrikaner wees nie, was glad geen gevoel meer besit vir taalkundige geslagsonderskeiding?

Reeds sedert jare word in Nederland 'n vinnige strijd gevoer om die verskil tussen die gesproke taal, „het algemeen beschaafd", en die offisiële skriftelike afbeelding daarvan minder groot te maak, omdat die laaste lang nie meer beantwoord aan die eerste nie. En hoeveel groter is die kloof nie bij ons nie, omdat *ons* „algemeen beschaafd" in vorm en wese glad geen gelijkenis meer vertoon met die tans geldende skriftelike afbeelding daarvan nie. „Het heeft zich aangepast bij 'n ander klimaat, ander geschiedenis, andere behoeften en andere volksaard, en staat vandaag *naast* het Nederlands als het volmaakt portret van 'n ander volk. En wij lijden, wij *verliezen*, omdat het ons een fisieke ondoenlikheid is op te leven in de vreemde taal, die we vandaag onze schrijftaal noemen. Na anderhalve eeuw van taalkundig onbelemmerde zelfstandige ontwikkeling gevoelt het Afrikaanse element drang tot optreden, het wil spreken doch wordt gedoemd tot 'n hakkelaar, het wil schrijven doch is verlamd. Geschiedenis, natuur, levensaard heeft het bekwaamd en gebreed voor 'n strijd op leven en dood in een worstelperk, waarbinnen het moet

¹⁾ *Opstellen over spelling en verbuiging.*

en zal uitloopen op de maklikste taal; tegenover zich heeft het een weerpartij met 'n taal, „die men in de praktijk spoediger leert dan enige andere mij bekende taal“; ¹⁾ zelf zijn we toegerust met de maklikste taal, die er vandaag op de wereld gesproken wordt, — doch men wil hebben dat we onze lendenen zullen omgorden en sterk wezen — dat 't ons „ernst” moet zijn . . . met het oude harnas! Is dit nu raadzaam en verdedigbaar?”

En die gevolge daarvan? Honderde voorbeeldē sou PRELLER kan aanhaal uit die korrespondensie van één dag. Als tieperend kies hij die volgende briefie aan 'n winkelier van 'n vrouw, wat eerlik haar bes doen om goeie Hollands te skrywe: „stuur mij tog asseblief twee pond harde vet, en as daar geen harde vet zijn ben te wezen, stuur dan maar safte.”

En nog die treurigste gevolg van die onbestaanbare taaltoestand — „vóór ons hebben we drie briefjes, twee van vrouwen, één van 'n heer, alle uit de aanzienlikste Afrikanerstand van de hoofdstad, achtereenvolgens aanvangende met deze bedroevende belijdenissen: „As my Dutch is not sufficiently good, enz.” — „Pardon me for writing in English, but I can hardly rely on my dear „taal” — „I hope you won't mind, old chap, but my Dutch grammar is too rusty to work, please translate”. „Kon de een nu maar weten” — vervolg PRELLER — „dat er geen *Dutch* nodig is, de ander dat *the taal* haar moederspraak, en de laatste dat hij 't ook wel zonder *Dutch grammar* zou konne stellen zonder voor 'n idioot aangezien te worden, en konden we maar allen schrijven zo naastenbij als we spreken, hoeveel anders zou alles niet zijn!”

Een Nederlandse blad had die opmerking gemaak, dat daar soveel partikuliere korrespondensie in Afrikaanse krante voorkom en dat dit opvallend was „hoe goed men er het Nederlands hanteert”. PRELLER wil geen redaksiegeheime verklap nie, maar laat iemand maar bij geleentheid heel vertrouwelik aan 'n redakteur vra of die ingesonde stukke „niet doorgaans 'n postskriptum dragen, waarop deze legende voorkomt, als ware 't een verzuchting onder de druk van 'n onduldbaar juk: *Maak asseblief tog die foutjies reg.*”

¹⁾ Dr. MANSVELT: *Het onderwijs in Z. A. ens.*

Die abnormale toestand van „opgeschroefde ernst” kannie langer gehandhaaf word nie. Daar moet ’n radikale verandering in kom. Waar ons op moet aanstuur, is die opbouwing van ’n eie literatuur. „Ons Volk lees nie. Ons Volk is onwetend en in die onwetendheid skuil het grootste gevaar voor onze taal. En die enkelen die wel veel lezen en weten, die werklik deur hun uitgebreide kennis die macht bezitten om ons Volk — *ons ganse Volk* — op te heffen, behoren zich toe te leggen op ’n middel om het oor van het ganse volk te bereik en te wen, nie slechts die enkele „ernstigen” voortdurend op te zwepen en teen een noodwendig doofstom volk te razen.”

Als hom gevraag word, wat hij dan eienlik wil, antwoord PRELLER: „geen onmiddellike omwenteling, iedereen *skryf soos hij praat*, wetteloosheid, anarchie” — maar eenvoudig ’n voortzetting van wat *Die Genootskap van Regte Afrikaners* reeds gedaan het, behalwe in twee opsigte: „wij willen onderscheid maken tussen het beschaafd Afrikaans en die taal van de straat, van de schoolplaats, van de outa en aja.¹⁾ We willen trachten zoveel mogelijk alleen dié klanken weer te geven, die we daár horen, waar ’t Afrikaans het zuiverste gesproken wordt...” En tweedens wil PRELLER geen suiwer fonetiese spelling volg nie, maar soveel moontlik die vereenvoudigde Nederlandse spelling handhaaf.

Verder is sij leus: „Stadig oor die klippe!” „Als overgangsmaatregel, totdat het Afrikaans algemeen geschreven wordt, omschrijven we onze gedragslijn: *Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen*. Omdat we ons voorloopig met het onderwijs niet bemoeien, zoeken we ook geen goedkeuring, geen sanksie of „charter” van enige onderwijs — of andere instelling. De taal immers, die we schrijven gaan, is een voldongen feit, dat goed noch af te keuren is, doch genomen moet worden zoals ze is. Al wat wij beproeven willen, is door de praktijk het vooroordeel te overwinnen van die Afrikaners, die tans lezen.”

¹⁾ PRELLER doen die *Regte Afrikaners* hier ongelijk aan. Dat hulle, ten minste in beginsel, wel ter dege die *beskaafde spreektaal* op die oog had, blijk uit die volgende resoluție: „Dat di Afrikaanse Taalkongres sig verklaar ten gunste van di beginsel: *skryf soos jii praat*, dit wil sê om di beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te lê en tot reël van skryftaal, en saam met ons volk te ontwikkel.”

Vgl. L. VAN NIEKERK: *De eerste Afrik. taalbeweging*, bls. 44.

Eindelijk word nog daarop gewijs, dat in Vlaandere eers nuwe lewe gekom het, toe die Vlaminge weer Vlaams in plaats van Nederlands begin skrijwe het. En als daar ooit in Suid-Afrika sprake sal wees van 'n eie kultuur, dan moet daar 'n begin gemaak word met ons eie taal. „De stelselmatig in studiekamers gekweekte exotikon onzer joernalisten, auteurs en predikanten is te stijf, te aanstellerig en te koud voor ons volk. Het heden-daags Nederlands met zijn streven naar verdieping, naar ontledende karakterstudie, naar fijn onderscheiden zielkundige uitrafeling der menselike eigendommelikheden, in nauw verband met omgeving en maatschappelijke toestanden — is bokant onze vuurmaakplek. Daarvoor is ons land nog te wijd, zijn onze bergen te hoog, is ons ho'eveld te onafzienbaar, en zijn wijzelfen te anders.

De „ernst” is er, maar het is de *harmonie*, die ontbreekt. Laat er toch harmonie komen tussen Volk en Taal!... Het Afrikaans is onze Moedertaal, onze Landstaal, onze Volkstaal — help om het te maken tot onze Schrijftaal!”

Aan die slot van sij betoog rig PRELLER 'n oproep tot almaal, wat sij sienswijse deel, om daarvan per brief te doen blijk, ten einde 'n vergadering te beleg met die oog op die stigting van 'n Afrikaanse Taalgenootskap. Tewens word *Winternag* van EUGENE MARAIS (toen nog 'n „onbekende digter”) afgedruk als bewijs van wat in Afrikaans kan uitgedruk word.

POLEMIEK OOR AFRIKAANS.

PRELLER se oproep het onmiddellik weerklank gevind oor die hele land. „Mannen van allerlei richting, Afrikaners, Hollanders leden van alle drie onze kerkgenootschappen, predikanten, advokaten en vele anderen melden zich aan voor deelneming aan de beweging om een genootschap te stichten ter handhaving en veredeling van de Afrikaanse taal.”¹⁾

Ook deur die meerendeel van die Hollandse pers in S. A.

¹⁾ *De Volkstem*, 28 Junie 1905.

werd sý brosjure met ingenomenheid begroet.¹⁾ Soos 'n korrespondent dit uitgedruk het: *die gras was aan die brand!* En wat veral van betekenis was, ook in Holland en selfs in Duitsland het die beweging dadelik steun gevind by manne soos Fr. ROMPEL, dr. HESSELING, dr. KIEWIET DE JONGE, dr. MANSVELT, dr. SCHIEPERS, dr. KOLLEWIJN, prof. KERN, prof. ERNST MARTIN (Straatsburg) e.a.

Veral die belangstelling van Nederlandse taalgeleerdes was 'n welkome steun vir die beweging. Want die hardnekkige bewering, wat jare lang nog sou volgehou word, als sou die bevordering van Afrikaans die ondergang van Nederlands in S. A. ten gevolge hê, het daarmee dadelik in betekenis verloor. Trouwens die voorstanders van Afrikaans het van die begin af duidelik verklaar en ook met die daad getoon, dat hulle beweging geensins vijandig gestaan het teenoor Nederlands nie. Dit was selfs nie moontlik nie, om die eenvoudige rede dat, uit hoofde van die verhouding van Afrikaans tot Nederlands, veral ten opsigte van die woordeskat, die eerste sonder die laaste nie denkbaar was nie. Afrikaans moes uit Nederlands verrijk word en daarom het hulle terselfdertijd ook geijwer vir degeliker Nederlands onderwijs op die skool. Nog meer, hulle was van die begin af daarvan oortuig, — en die enkele jare van ervaring sedert dien het dit reeds bevestig — dat die beoefening van Afrikaans, in plaas van die studie van Nederlands te bemoeilik en Engels in die hand te werk, juis die teendeel tot gevolg sou hê.

Soos te verwagte was, het die beweging ook dadelik teenstand uitgelok. Die onmiddellike gevolg van PRELLER se optree was 'n vinnige briefwisseling in *De Volkstem*. 'n Mens sou sê dat 'n aandagtige lesing van sý brosjure selfs die mees verstokte teenstander moes oortuig het. Maar vooroordeel en misverstand is net soos wieke; trek hulle uit, maar doodkrij is min.

En dan die „argumente"! „Willen de voorstanders van de Afrikaansche taal dan niet begripen, dat 'n taal het eenvoudige resultaat is van evolutie? Dat 'n taal niet aan 'n groepje menschen kan worden opgedrongen als 'n maaltje eten? Er zal hier

¹⁾ O.a. deur *De Vriend* (Bloemfontein), *De Afrikaner* (Pietermaritzburg), *Land en Volk* (Pretoria), *De Transvaler* (Johannesburg), *Goede Hoop* (Kaapst d), *Het Zuid-Westen* (Oudtshoorn), *Middellandse Afrikaner* (Cradock), *Victoria West Nieuwsbode* (V. W.), *Re-Echo* (Humansdorp) en *Nieuwe Tijd* (Aberdeen).

gedurende eeuwen nog een felle strijd gestreden worden tusschen de twee talen en het zal gaan evenals in het dierenrijk, de wet van „survival of the fittest” zal ook hier gelden...”¹⁾ So betoog een van de teenstanders, onbewus daarvan dat hij hier juis die Afrikaanse standpunt verdedig. Hij vind Afrikaans „slordig” omdat b.v. *t* in *nasie* nie uitgespreek word nie! Dis „verfijnde gemakzucht” om te wil skryf soos jii praat. Oor honderd jaar sal geen mens Afrikaans verkies bowe Engels, omdat daar „geen lezenswaardige literatuur” sal bestaan nie. Word Afrikaans skryftaal, dan sal Hollands spoedig in S. A. ’n vreemde taal word, Afrikaans sal terruggedring word naar die kombuis, Engels sal baas word. Maar al duur dit nog honderd jaar, Afrikaans sal nooit skryftaal word nie, ens., ens.

Een landgenoot van die skrywer antwoord: „Na veel jaren verblijf hier te lande, heb ik mij reeds lang de illusie uit ’t hoofd gezet, dat Hollands, zoals in Nederland gesproken, hier de taal zal worden. ’t Zal hier niet ’n vreemde taal worden, *doch is het!* Spreekt dus al mijn hart voor Nederlands, mijn verstand zegt: in Afrika Afrikaans!”²⁾

Weer ’n ander vra: Wat van die kanseltaal, van ons Bijbel en ons gesange? Die kan tog nooit Afrikaans word nie. En dan moet PRELLER maar weer herhaal: ons wil nie die kerktaal dadelik verander nie; laat Nederlands in kerk en skool gehandhaaf word; ons soek voorlopig ons werkkring daarbuite. ”Dis wel ons ideaal dat ’n beskaafde Afrikaans eenmaal op die skoolbanke moet geleer en van die kansel sal gehoor worde, maar dit moet die *gevolg* wees van ’n erkende toestand, nie ’n middel tot ons doel nie”³⁾

PRELLER het soms wanhopig geword dat hij moes argumenteer met mense, wat nie die minste verstand van taal had nie. Als hij sij standpunt breed en lang uiteengeset en hom boeglam geskrijwe het, dan kom daar op ’n goeie dag weer ’n brief, waarin hij die wete krij om uit te skei met sij „Hotnostaal”, en waarin daarop aangedring word om „het taal toch asublief weer

¹⁾ *De Volkstem*, 8 Julie 1905.

²⁾ *De Volkstem*, 12 Julie 1905.

³⁾ *De Volkstem*, 6 Sept. 1905.

in ere te herstel, want Hollands ben een echte taal, terwijl Afrikaans onecht is." ¹⁾

Een ander geliefkoosde argument was: Daar bestaan geen literatuur in Afrikaans nie! Des te meer rede, sou 'n mens sê, om dan maar dadelik 'n begin te maak met die beoefening van Afrikaans als skryftaal. 'n Korrespondent antwoord op hierdie beswaar:

„Is Afrikaans uw moedertaal,
Waar is uw literatuur?
Die schatten groot en rijk en klaar
Uit Neerlands voorraadsschuur?”
Mij moedertaal is Afrikaans!
Ik maak die literatuur;
Ik dig en spartel met die pen,
Al kijk jij, nog so suur. ²⁾

En PRELLER antwoord met die wedervraag: „Waar is die vrugte van al die jare van deftige gesukkel? Wat ons invoer kan ons help, maar dit sal ons nie red nie. Ons wil ons eie goedjies hê, en wat meer is, ons sal dit ook krij... En aangesien ons nou 'n dorre onvrugbaarheid aanskouw in die bestaande toestand, met al sijn kragte, nee, nog meer, aangesien ons 'n gestadige *agteruitgang* daarin bespeur — wat sal uitloop op totaal *niks* — daarom klem ons ons vas aan Afrikaans; daarom blaas en spook en woel en werk ons op die enigste plekkie, waar ons lewe bemerk: bij ons Moedertaal!” ³⁾

Een sekere korrespondent maak handig gebruik van die volgende aanhaling uit *Spiegel* om sekere bekende argumente teen Afrikaans te weerleg. In 'n tweegesprek tussen ROEMER en GIDEON pleit die laaste vir die beoefening van die volkstaal en wijs o.a. op wat Latijnse skrywers tot stand gebring het. ROEMER antwoord: „De Latijnse houtmen voor een rijke, volkomene ende zeer ghevoeghlijcke taal, d'onze int teghendeel voor een arme ende ongheschikte, dies ducht ick tselve in Duijts niet zal konnen teweegh ghebracht worden.”

GIDEON: („Kijk nou bietjie waar slaat die stof uit” — sê die

¹⁾ *De Volkstem*, 21 Okt. 1905.

²⁾ *De Volkstem*, 16 Aug. 1905.

³⁾ *De Volkstem*, 6 Sept. 1905.

skrijwer) „De Latijnse taal was *eertijds oock arm*, die wonderlijk zo bij haar zelf als uit de Griecxe spraack verrijckt is, ende in schickelijcker vervoeghing ghebracht; wat was de Italiaansche taal voortijds, ende hoe cierlijk is die nu ghemaackt: *dit staat ons oock te betrachten*, hier toe hebben wijlui beter middel als iemand; merckt oock hoe de Fransoyzen naast korte jaren hun spraack opgepronct hebben, zo datse nu van elck hoogh gheacht word... ja, de Enghelsen, die toch *een schuimtaal hebben*, beghinnen cierlijk ende rijpelijk die op te proncken; wij Duytschen blijven alleen after...”¹⁾

PRELLER het dit nie bij 'n blote opwekking tot beoefening van Afrikaans gelaat nie, maar ook terstond geleentheid daartoe verskaf deur in Junie 1905, in *De Volkstem* 'n prijsvraag uit te skryf vir die beste oorspronklike verhaal. Die resultaat was bevredigend, wat die aantal deelnemers betref het, en hoewel die keuse van taal vrijgelaat was, het slegs 3 van die 98 insenders hulle van Hollands bedien. Die gehalte van die opstelle was uit die aard van die saak minder bevredigend. In sij bespreking daarvan sê PRELLER o.m.: „Ons weet maar al te goed dat ons nog — of al (ons is nie seker watter van die twee nie!) amper op die heel onderste sport van die leer staan, en ons is dus tevrede om maar daarvandaan af te beginne opklim — *opklim* in die vaste o'ertuiging dat ons *sal* en *moet* opkom.”²⁾

En dat dit PRELLER inderdaad erns was om self op te klim, blyk uit die voorbeeld wat hij dadelik gegee het. In Des. 1905 begin hij in *De Volkstem* 'n studie oor *Piet Retief*, wat Febr. 1906 in 'n boekie van heel beskeie omvang verskijn het. Dit was die grondslag van sij teenswoordig so populaire werk, wat steeds in omvang en waarde toegeneem en reeds 'n 9^{de} druk beleef het.

STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALGENOOTSAP.

Kort na die verskijne van PRELLER se brosjure was in Pretoria en Bloemfontein twee voorlopige kommissies gevorm, die Transvaalse bestaande uit dr. N. HOOGENHOUT, dr. M. S. LINGBEEK, NICO HOFMEYR, EUGENE MARAIS en PRELLER; die Vrijstaatse

¹⁾ *De Volkstem*, 22 Nov. 1905.

²⁾ *De Volkstem*, 9 Aug. 1905.

uit ds. W. POSTMA,¹⁾ JOH. VISSCHER en D. J. DU TOIT („Lokomotief”). In oorleg met mekaar het die kommissies verder propaganda gemaak onder die leus „Afrikaans praat en skryf, Hollands leer, albei lees!"; en voorbereidende maatreëls getref vir die oprigting van 'n taalgenootskap. Die gevolg van een en ander was 'n algemene samekoms van begunstigers van Afrikaans in Pretoria op 13 Des. 1905. Een dertigtal persone uit verskillende dele van Transvaal en uit Bloemfontein was aanwesig. Na 'n korte uiteensetting van die ontstaan en die doel van die beweging deur dr. HOOGENHOUT en enige diskussie, werd formeel beslote tot die stigting van 'n taalgenootskap. Dië konsep statute werd behandel en vasgestel, waarna die volgende bestuur gekies werd: dr. N. HOOGENHOUT (Pretoria), A. J. VAN DER WALT (Potchefstroom), JOH. VISSCHER (Bloemfont.), adv. N. DE WET, F. P. NICHOLSON, G. S. PRELLER en IZ. VAN HEERDEN (almaal uit Pretoria).

Verder werd op die vergadering meegedeel, dat ruim 300 persone uit Transvaal en 100 uit Vrijstaat hulle instemming betuig had met die beweging; terwyl die volgende persone nog uitgenooi sou word om in die bestuur sitting te neem: H. C. JORISSEN, dr. D. F. MALAN, dr. J. D. DU TOIT, S. W. PIENAAR, ds. W. POSTMA, J. S. M. RABIE en ds. SNIJMAN.

Die volgende is 'n uittreksel van die statute, soos goedgekeur op die eerste jaarvergadering in 1907:

NAAM.

(1). Daar bestaat 'n vereniging met die naam van „Die Afrikaanse Taalgenootskap”.

DOEL.

(2). Doel van die Genootskap is:

- a. Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans deur Afrikaners als hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde;
- b. ontwikkeling van die Afrikaanse Taal in suiwere vorm;
- c. aankweking en ontwikkeling van 'n suiwere Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.

¹⁾ Ds. W. POSTMA is die bekende dr. Okulis, wat later die *Eselskakebeen* geskryf het. In Mei, 1905 het hij in *De Vriend* begin skrywe oor die taalkwessie onder die skuilnaam *Jong Afrika*.

MIDDELE.

(3). Die Genootskap sal trag om sij doel te bereik:

- a. deur Afrikaners aan te moedig Afrikaans te spreek, te lees en te skryf;
- b. deur te werk voor die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif;
- c. deur aanmoediging van verenigings voor die studie van die Afrikaanse taal en geskiedenis;
- d. deur behulpsaam te wees met die uitgifte en verspreiding van goedkope Afrikaanse boeke en andere geskrifte;
- e. deur pryse uit te loof of eervolle onderskeiding toe te ken voor opstelle en geskrifte in Afrikaans;
- f. deur die versameling van oude en hedendaagse Afrikaanse letterkunde en publikasie daarvan naar gelang van omstandighede;
- g. deur die onderwijs in die Nederlandse taal en Suid-Afrikaanse geskiedenis op die skole te help bevorder;
- h. deur samewerking met andere vereniginge wat dieselfde doel beoog;
- i. deur alle andere middele ter hand te neem wat kan help om die doel van die Genootskap op wettelike en behoorlike wijze te bevorder.¹⁾

Die verdere bepalinge handel oor lidmaatskap, huishoudelike sake, ens. Eens in die jaar sou 'n jaarvergadering gehou word, waarop die bestuur 'n jaarrapport moes voorlê.

DIE BEWEGING IN KAAPLAND.

Die aktiewe propaganda ten gunste van Afrikaans in die Noorde het natuurlik ook meteens die penne in Kaapland in beweging gebreng. Veral die Taalbondvoormanne het met besorgdheid die snelle ontwikkeling van die beweging gadeslaan en 'n waarskuwende stem daarteen verhef.

In *Ons Land* van 29 Aug. 1905, rig prof. de Vos, voorsitter van die Taalbond, 'n „Open brief aan de voorstanders van een Afrikaanse schrijftaal”, waarin 'n ernstige beroep op hulle gedaan word om ter wille van die eensgesindheid van hulle voorneme af te sien. Skrywer is geen vijand van Afrikaans nie, maar ag

¹⁾ *De Volkstem*, 23 Okt. 1907.

dit 'n ongelukkig gekose tijdstip vir die invoering daarvan als skryftaal. Want dit beteken dat al die werk, wat die Taalbond pas ter erkenning van die vereenvoudigde spelling, en ten koste van veel strijd, tot stand gebring het, weer ongedaan gemaak word; die beweging beteken 'n oorlogsverklaring aan al wat nog Nederlands kan genoem word; dit beteken versnippering van kragte en verbreking van die onmisbare band met Holland. En gestel, dat Afrikaans skryftaal word, sal die regering dit erken en die universiteit en die kerk? Nee, ons volk verlang dit nie, anders sou die Patriotbeweging meer sukses gehad het.

Die toenmalige redakteur van *Ons Land*, adv. F. S. MALAN, skryf in dieselfde uitgaaf 'n hoofartikel onder die titel: „Vecht niet in uw eigen kamp!” Die strewe van die Afrikaansvoorstanders word daarin gekenskets als 'n „vegpartij,” wat net bereken is om verdeeldheid te kweek onder eie geleedere en Engels in die hand te werk. MALAN bedank daarvoor om aan die vegterij deel te neem. „We zullen op de ingeslagen weg voortgaan, doch beslist weigeren om deel te nemen aan enig gevecht in ons eigen kamp.”

„Glad mis!” antwoord Preller ¹⁾, „ons soek g'n versnippering nie; ons wil g'n twis nie; ons wil ons Hollands nie loslaat nie; ons wil ons kerk en skool en regering nie vra om 'n toestand te erken, wat nog nie bestaat nie” Afrikaans is die fondamentsteen waar Hollands op rus in S. A., en terwyl Engels ons op die oomblik oorweldig, gaan Afrikaans verlore, word dit veral in die stede bedorwe tot 'n akelige mengelmoes, waar later geen dokter meer aan sal help nie. Dit wil ons keer en bij daardie fondamentsteen wil ons beginne. Buite die kerk en die skool lê nog 'n ruime en vrugbare veld braak: ons hele volk, waarvan 'n groot deel langsamerhand verval tot 'n onkundige proletariaat; diè wil ons ophelp, met diè wil ons praat deur middel van krant en boek, en hoor wat hulle te sê het, wat hulle denk. „Dit wil ons doen op die enigste manier, waarop dit sonder wonderwerke dadelik — want tijd is kosbaar — kan gedaan worde: deur ons te bedien van die taal wat ons almal verstaan en almal liefhet — ons Moedertaal... G'n kloppartije, g'n rusie,

¹⁾ *De Volkstem*, 9 Sept. 1905.

g'n versnippering, maar net 'n appèl na ons volk, net die reg om langs die weg te werk."

Ook die toenmalige redakteur van *De Vriend*, JOH. VISSCHER, Nederlander van geboorte, trek in 'n warmgestelde artikel in Afrikaans te velde teen die spoke, wat die Kapenaars sien. Hij het groot agting vir prof. DE VOS en baje simpatie vir die Taalbond, maar vir hom is dit duidelik dat die natuurlikste en magtigste wapen teen verengelsing van ons nasie die spreektaal van Suid-Afrika is.

Van alle kante het dit aanvalle gereent. „De kombuistaal die in Pretoria verheerlijkt wordt," betoog prof. MARAIS, „is niet de taal van den ontwikkelde Afrikaner." ¹⁾ En wat later: „Geen *patois*, maar zuiver Nederlandsch!" ²⁾ En *De Unie* ³⁾ haal „met zeer veel ingenomenheid" 'n artikel aan uit *Het Kristelik Schoolblad*, waarin heftig tekeer gegaan word teen „een onbesuisd invoeren ⁴⁾ van allerlei *nieuwigheden*, ⁴⁾ dat met het bestaande geen rekening wil houden, een roekeloos radikalisme, o zulk 'n vermetele onbesuisdheid." En verder: „Zou Zuid-Afrika de band met Holland eigenmachtig willen doorsnijden, zou 't de nog zo jeugdige loot wreed van de moederstam willen afkappen en dus, wat de taal betreft, zelfmoord willen plegen?" Want Afrikaans, soos dit gepraat word, „moet nog bewijzen, dat het voertuig kan zijn voor hogere geestesuiting. *Voor ons staat vast, dat het voor hogere stijl niet geschikt is.*" ⁴⁾

Die *kombuistaal*-argument, wat tot vandag nog telkens weer opduik, is van oue datum en nie alleen in Suid-Afrika bekend nie. Ook Platduits word met die naam vereer. „Wat keen nimbus van „Bildung" hett," skrywe FRANZ FROMME, ⁵⁾ „dat kann sik nich doersetten; un dissenn nimbus van „Bildung" hett in de oogen van 't volk man dat Hoogduitsch alleen, — dat Plattduitsch noch ummer nich... Disse ole, mooje spraak ward algemeen noch nich so acht' as dat sien moss. Man doch is dat woord van de *keuken- un ploogtaal* een unglukkelk woord. Dat Plattduitsch is vooral de spraak van 't *huis*; un daar ward

¹⁾ *Geref. Maandblad*, Sept. 1905.

²⁾ *Geref. Maandblad*, Junie 1906.

³⁾ Nov. 1905.

⁴⁾ Kursivering van mij.

⁵⁾ *De toestand van 't Plattduitsch, Dietsche Stemmen*, Mei 1916.

't nich in de keuken alleen spoken. Elkeen Nederduutsche stad hett meer as een good huis, daar ward dat ook in de donssen ¹⁾ spoken . . . Hett een Nederduutsch hart wat to seggen, so mutt dat op Platt seggt warden, mit Hoogduutsch gait dat nich."

Alles presies net soos bij ons. Platduits is alleen veel ouër en misskien van aansienliker afkoms, dan Afrikaans in die oë van baje Hoog-Hollandse mense, want „disse *gemeene* spraken hebbt al koenige un eddelluu' spoken in een tied, daar nog keen minsch wat van Hoogduutsch weten dee."

Net so ongemotiveer is die dwase bewering — en tog met sulke onfeilbare sekerheid uitgespreek, en nog tot in 1918 herhaal deur prof. MARAIS ²⁾ — dat Afrikaans ongeskik sou wees vir „hogere geestesuiting." Want daaruit is maar één gevolgtrekking moontlik: dat die *Afrikaner self* daarvoor ongeskik is, ook die ontwikkelde Afrikaner! Immers: „*Sprache und Volksgeist sind eins und dasselbe.*" En om so iets vandag nog in erns vol te hou is òf willens en wetens blind te wees vir wat daar op die oomblik gaande is in Suid-Afrika, òf dit gee blijk van 'n volslae magteloosheid om sig los te maak uit die kluisters van 'n verouderde tradiesie en sig aan te pas bij die nuwe ideale van Jong-Suidafrika. Want die tijd is onherroepelik verbij, dat 'n Afrikaner met sij „Boeretaaltjie van 'n paar honderd woorde" in die strate van 'n groot europese stad kon voorgestel word als 'n „Rip van Winkel" of 'n „unintelligible barbarian." ³⁾

En als die eersteling van ons Afrikaanse literatuur in sij kinderskoene dan nog geen aanspraak mag maak op die kwalifikasie van „hogere geestesuiting" nie, dan bestaat daar nie die minste twiifel nie dat dit wël die geval sal wees, wanneer die toekomstige denkers en kunstenaars van ons volk, wat vandag op die skoolbanke met hulle moedertaal begin, eendag die stadium van volle rijpheid sal bereik het.

Een treffende parallel van dieselfde hooghartige geringskatting van die volkstaal vind ons in die geskiedenis van die Vlaamse beweging. HUGO VERRIEST vertel o.a. hoe GEZELLE se poësie bestempel werd als „stratevlaamsch." „*Loquèla* hiet: cette loque là!

¹⁾ Woonkamer.

²⁾ *Geref. Maandblad*, April 1918.

³⁾ OLIVE SCHREINER: *Fortnightly Review*, April 1896.

en daar GUIDO GEZELLE teekende G. G., wierden die twee letters vertaald: De Groote Gaai Fijn verstand, zoö ge ziet." ¹⁾

Maar nog treffender, in verband met bowegenoemde beweringe, is die volgende parallel uit die briewe van KLAUS GROTH, ²⁾ die vader van die Nederduitse beweging en digter van *Quickborn*: „Sollen wir nicht reden können, wie uns der Schnabel gewachsen? Wie wir uns verstehen? Aber nein! Die Hochdeutschen wollen uns uniformieren, sie wollen uns zu ihren Brüdern machen, aber nicht sich zu den unsern, wir sollen immer aufgeben, hingeben, nun gar unser Eigentümlichstes, unsere Sprache. Denn *Sprache und Volksgeist sind eins und dasselbe* . . . Uns geneigt zu machen, wird uns unsere Eigentümlichkeit als Roheit, unser Reichthum als Armut vorgehalten. Es wird uns vordemonstriert, was wir alles *nicht* sagen können, unsere Sprache sei nicht im Stande, die höheren Lebensverhältnisse, wissenschaftliche Begriffe, verwickelte Denkverhältnisse auszudrücken. Und gerade dasselbe behauptete LEIBNITZ vor 100 Jahren, 50 Jahre vor GÖTHE und KANT, vom Hochdeutschen, der „Haupt- und Heldensprache“, wie er sie trotzdem nennt! Der Unsinn ist grosz. Eine Sprache kann gerade das nicht ausdrücken, was sie noch nicht ausgedrückt hat. Mehr kann man nicht behaupten. Wer kann bestimmen, was sich plattdeutsch *nicht* sagen liesze? *Es komme der Mann, der irgend etwas zu sagen hat* ³⁾ — er wird es eben sagen, plattdeutsch, wenn er ein Plattdeutscher ist." ⁴⁾

En dan krij ons presies dieselfde afgesaagde ou deuntjie oor Afrikaans: „Die Sprache sei nur zum niedrig Komischen brauchbar . . . Hochdeutsche Gedichte sind eben hochdeutsche Gedichte, wenn sie nicht von HEINE oder UHLAND sind, es können Oden oder Gassenhauer sein: aber Gedichte in plattdeutscher Mundart müssen nach dem Kuhstall riechen, das ist Selbstverstand, und jede Ode unter ihnen wäre eine Sünde wider Apollo." ⁵⁾

Het CAREL SCHARTEN ons dit nie nog ten oorvloede aan die verstand gebreng nie? „Het Zuid-Afrikaansch klinkt tog wel

¹⁾ HUGO VERRIEST: *Voordrachten*, herdruk in *Werk*, bls. 215.

²⁾ *Briefe über Hochdeutsch und Plattdeutsch* (1858 verskijn en opnuwt uitgegee in 1914 — Quickborn Bücher, 6. Band.)

³⁾ Kursivering van mij.

⁴⁾ t. a. p. bls. 41.

⁵⁾ t. a. p. bls. 27.

aardig! Zeker, voor gemoedelijke of grappige versjes heeft het de bekoring van kinderlijke onbeholpenheid.”¹⁾ Maar moet tog asseblief nie probeer om iets hogers te bereik met so ’n „doofstommentaalte,” so ’n „gebarsten viool” nie, want dan gee dit bepaald ’n „pijnlijk-lachwekkende” geskiedenis af; kies dan maar liewers, besweer ik julle, „het schoone Engelsch!”

Wat antwoord KLAUS GROTH, ook vir Afrikaans: „*Fähig ist die plattdeutsche Sprache zu allem* — wie sollte sie nicht, die die tiefsten Töne der Menschenbrust in Liebe, Leid und Tod — nicht etwa im ‚Quickborn‘, sondern alle Tage ausspricht. Oder begrüßt der Vater seinen Erstgeborenen hochdeutsch? Und flüstert der Bräutigam seine Liebe erst, wenn er sie übersetzen kann? Oder ist diesen Leuten anders zu Mut, wenn Vater und Mutter stirbt, als etwa einem Geheimrat? O welche Sünde begeht man mit unsinnigem Gewäsch! Man raubt denen das Vertrauen an sich selber, am eignen Wort, am eignen Gefühl, die da gläubig genug sind, zu den Schwätzern hinaufzublicken als zu den Höheren”.²⁾

Prof. MARAIS beweer dat Afrikaans nie deug als kanseltaal nie. „Wenn der Pastor nicht plattdeutsch mit seiner Gemeinde über Glauben und Pflichten sprechen kann, so liegt’s nicht an der Sprache, es liegt an ihm, der die Sprache nicht beherrscht”.²⁾ En verder, dat Afrikaans nog nie „kultur-fähig” is nie. „Und wäre sie es nicht, so könnte sie in 50 Jahren so gut wie ihre Schwester (lees Moeder) befähigt werden. Was die Zeit ihr geben kann, ist nicht Inhalt, sondern Form.”²⁾

Onderwyl die Afrikaanse Taalgenootskap in die Noorde besig was om die gras nog verder aan brand te steek, het die vuur in Kaapland aangewakker geword deur ’n geesdriftige en bekwame klompie woordvoerders, waaronder ds. (nou prof.) N. J. BRUMMER, dr. D. F. MALHERBE, dr. A. I. PEROLD, wat later adv. W. J. VAN ZIJL en adv. C. J. LANGENHOVEN met adv. J. H. H. DE WAAL aan die spits.

Soos reeds vermeld, had DE WAAL toe reeds sedert 1903 in *De Goede Hoop* baanbrekend werk gedaan. Die verskijning van sij *Johannes van Wijk* was ’n feit van betekenis vir die nuwe beweging, en die boek het dan ook ’n hartelike ontvangs te beurt

¹⁾ *De Gids*, 1910, II.

²⁾ t. a. p. bls. 42.

geval. PRELLER hét ó.a. 'n breedvoerige bespreking daaraan gewij. ¹⁾ Hij is nie blind vir DE WAAL se tekortkominge nie, „Die leser moet g'n monumentale mens-epos verwag nie, g'n fijne sielkundige uitrafeling van menselike deugde en ondeugde, g'n groot plasties vermoë, wat die werk deurhulwer met 'n lewende mens-aseem, . . . die romantiek is partijkeer voos, die styl-middele gebrekkig, die psychologie hopeloos vals . . .” Niettemin beskou PRELLER die werk, „met uitsondering van OLIVE SCHREINER haar *Story of a South African farm*, als die lesenswaardigste boek in sijn soort, wat daar nog in Hollands, Afrikaans of Engels in ons wereldeel verskene is”. En vir dr. MALHERBE was dit „'n gelukkige voorbeduidingsteken, dat dieselfde historiese verhaal, wat ons teruglei tot aan die wordingsdrempel van die ontkiemde Afrikaanse volk, ook tegeliktijd een van die belangrikste voorbodes is van die nou sig magtig ontvouwende geesdrif vir 'n egt nasionale literatuur.” ²⁾

CELLIERS se *Vlakte* was toe reeds in *De Volkstem* ³⁾ verskene als 'n verrassende verheugenis vir almaal, wat met verlange uitgesien het na die eerste tasbare vrugte van die beweging, na die eersteling van 'n eie literatuur.

STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALVERENIGING.

In Okt. 1906 werd deur dr. D. F. MALHERBE, toe pas na voltooid studie uit Duitsland teruggekeer, 'n breed opgesette voorlesing in Wellington gehou oor die vraag: „Is Afrikaans 'n dialek?” ⁴⁾ Op wetenskaplike gronde het hij die vraag ontkennend beantwoord en 'gepleit vir die aanvaarding van Afrikaans als skriftaal.

Kort daarop het dr. W. J. VILJOEN, destijds professor in Nederlands op Stellenbosch, eweneens in Wellington — waarskijnlik als reaksie op MALHERBE se lesing — 'n Stellenbosse redevoering herhaal oor die enigssins sonderlinge vraag: „Wat is nu eigenlijk onze Taal?” ⁵⁾; waarin die volgende uitspraken sonder-

¹⁾ *De Volkstem*, 18 Aug. 1906.

²⁾ *De Goede Hoop*, Sept. 1906.

³⁾ 12 Mei 1906.

⁴⁾ Vgl. *De Volkstem*, 27 Okt. 1906.

⁵⁾ Vgl. *De Unie*, Des. 1906.

linge beskouwing voorkom: „Was het Afrikaans in eigen huis alléén meester, of waren alle Afrikaners bij de *keuze tussen Hollands en Afrikaans* ¹⁾ in hun wens min of meer eenstemmig voor het Afrikaans, dan zou er niet veel anders tegen te zeggen zijn dan dat wij daardoor de geweldige invloed van een kultuurtaal prijsgeven. Maar wat nu is het geval? Dat er onder de Afrikaners ten opzichte van deze kwestie zelfs niet in de verste verte eenstemmigheid bestaat. Verreweg de meesten, en daaronder genoeg Afrikaners van naam en betekenis, aan wier liefde voor volk en taal zelfs niet door de vurigste patriotten mag worden getwijfeld, zijn besliste tegenstanders van de verheffing van het Afrikaans tot schrijftaal, sterker nog — *zullen in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelik de voorkeur geven aan het Engels.*” ¹⁾

’n Mens weet nie reg waar om jou meer oor te verbaas nie: oor die voorstelling als sou Afrikaners ’n *keuse* moet doen tussen Hollands en Afrikaans, en daarby in die laaste geval die kultuurinvloed van Hollands prijsgee; of oor sulke allervoortreffelikste Afrikaners, wat onvoorwaardelik hulle moedertaal sou verruil vir ... Engels!

Dis seker merkwaardig om ’n Afrikaanse taalgeleerde in twijfel te sien verkeer omtrent sij moedertaal, terwijl ’n vreemdeling na ’n korte verblijf in Suid-Afrika tot die volgende slotsom kom: „Waar men den geweldigen indruk van krijgt, dat is dit: dat de taal die een volk spreekt en waaraan een volk vasthoudt, niet door redeneeringsargumenten kan worden bedisseld. Men leert begripen wat voor een levend, onverwoestbaar ding een landstaal is, — machtiger dan de mensch en zijn ordonnanties. Men *kiest* geen taal, men *heeft* er een; heeft er een ingezogen, ingeademd, ingeprent.” ²⁾

En als daardie „Afrikaners van naam en betekenis” inderdaad bestaan het, dan sou niemand seker vir ’n oomblik enige twijfel gekoester het omtrent die gehalte van hulle „*liefde* voor volk en taal” nie. Dis buitendien ongerijmd om sulke mense in één adem te noem met *patriotte*, want „de taal van de veroveraar in de

¹⁾ Kursivering van mij.

²⁾ Prof. J. A. VAN HAMEL, *Uit het Z. Afrik. Gemenebest*, bls. 96.

mond (en in die pen) van de veroverde, is de taal van *slaven*.”¹⁾

Genoemde voordragte het saamgeval en waarskynlik ook verband gehou met die stigtingsplanne van 'n Kaaplandse Afrikaanse taalvereniging. Een voorlopige kommissie bestaande uit dr. D. F. MALHERBE, dr. A. I. PEROLD, adv. DE WAAL, adv. W. ROUX en J. G. VAN DER HORST was reeds besig om voorstelle te formuleer, wat op 'n algemene vergadering voorgelê sou word.

Op 3 Nov. 1906, het hierdie vergadering plaasgevind in die Wichtsaal in Kaapstad onder voorsitterskap van J. G. VAN DER HORST, waarbij 'n 70-tal persone uit die omstreke teenwoordig was. Na 'n geesdriftige bespreking van die konsepvoorstelle van genoemde kommissie, waarbij veral nadruk daarop gelê werd, dat die beweging nie teen Hollands gekant was nie, werd 'n vereniging tot stand gebreng onder die volgende hoofbestuur; J. G. VAN DER HORST, advokate J. H. H. DE WAAL, W. ROUX, ROCHE POHL en W. J. VAN ZIJL; drs. D. F. MALAN, D. F. MALHERBE, D. F. DU TOIT MALHERBE en A. I. PEROLD; ds. P. DE WAAL, P. J. HOOGENHOUT en D. J. BRINK.

Die volgende is 'n uittreksel van die Statute:

Die naam van die vereniging is „Die Afrikaanse Taalvereniging.”

1. MOTIEF.

Die vereniging gaat uit van die standpunt dat Afrikaans die taal van die Afrikaanse volk is, en om die rede deur ons volk erken en ondersteun behoort te word, en meen, dat die taal so vrij als moegelik van vreemde woorde en idioome moet gebruik word.

2. DOEL.

Die hoofdoel van die vereniging is om die gebruik van suiwer Afrikaans als spreek- sowel als skryftaal aan te moedig, en om meer liefde en waardering bij ons volk daarvoor op te wek.

3. MIDDELE.

Om die doel te bereik sal die vereniging trag om

- a. Afrikaanse ouers voor oog te hou dat, waar hulle Afrikaans als huistaal verwaarloos, daar groot gevaar is, dat Engels die huistaal van hulle

¹⁾ Draadberig van Pres. STEIJN aan die Kaapse taalfees in 1913.

- kinders sal word, en dat hulle nasionaliteitsgevoel daardeur verswak sal word;
- b. daarvoor te ijwer, dat degelike onderwijs in Nederlands op ons skole sal gegee word, daar Nederlands die hoofbron van Afrikaans is; en dat niemand tot skoolinspekteur aangestel sal word nie, tensij hij 'n redelike kennis van Hollands besit;
 - c. 'n strenge wetsbepaling te verkrij, dat niemand tot die siviele diens sal toegelaat word nie, tensij hij 'n redelike kennis van Hollands besit;
 - d. die gebruik van Hollands als offisiële taal deur afdelingsrade, munisipaliteitsrade, ens., als wettig erken te krij;
 - e. verdienstelike Afrikaanse boeke, lieder e.a. geskrifte uit te gee en te versprei;
 - f. aan bevrinde koerante en tijdskrifte leesstof in Afrikaans te besorg;
 - g. kragtig saam te werk met alle andere vereniginge, wat spesiaal vir die bevordering van Afrikaans ijwer, en ook in harmonie te werk met die Z. A. Taalbond, die A. C. V. V., die Z. A. O. U. en alle andere dergelijke liggame, wat betref die uitbreiding van Hollands in ons land.
 - h. alle andere doeltreffende middele te gebruik vir die versterking, ontwikkeling en bevordering van die taal.”¹⁾

Die verdere bepalinge handel oor huishoudelike sake, ens. Eenmaal in die jaar sou 'n kongres gehou word, bestaande uit die hoofbestuur en afgevaardigdes van die verskillende takke van die vereniging.

TEENSTAND.

In die jare volgende op die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging was die taalkwessie in Kaapland voortdurend aan die orde in die Engelse en Hollandse pers. Want die A. T. V. manne het geen gras oor die saak laat groei nie, maar van Kaapstad uit 'n georganiseerde veldtog op touw geset deur die Westelike Provinsie. Verder was in *Ons Land* 'n aparte A. T. V. kolom tot hulle beskikking gestel, deur middel waarvan hulle voortdurend die aandag van die lesende publiek op die beweging gevestig kon hou.

¹⁾ *Ons Land*. 18 Des. 1906.

Veral gedurende 1907 werd in *Ons Land* 'n heftige pennestrijd gevoer, wat nie juis altijd verkwikkelike lektuur verskaf het nie, omdat dit dikwels, bij gebrek aan deugdelike argumente, ontaard het in persoonlike aanvalle, wat met die saak self niks te doen had nie. Hoe die A. T. V. manne ook al op grond van hulle statute herhaaldelik betoog het, dat dit geenssins hulle bedoeling was om Hollands in die wiele te rij nie, in die oog van die leek was hulle nou eenmaal „de moordenaars van onze dierbare Hollandse taal”, en daarom moes hulle bij iedere voorkomende geleentheid oor die kole gehaal word.

Sulke leke-argumente was ten slotte heeltemaal onskuldig en baje keer vermakelik. Maar van meer betekenis was die teenstand van manne soos dr. VILJOEN, prof. MARAIS, e.a., omdat hulle met veel meer gesag kon optree.

Dr. W. J. VILJOEN was geen vijand van Afrikaans nie. „Dat wij het Afrikaans een goed hart toedragen, is recht en billik; dat wij 't zoeken te zuiveren van alle vreemde smetten in de vorm van barbarismen en anglicismen, die 't aankleven en ontsieren, is prijsenswaardig, is plicht. Maar in geen geval mag onze ijver daarvoor een bron zijn van verzwakking onzer nationale eenheid of verbreking van de band van stameenheid met het nederlandse volk... Het Afrikaans tegen verwildering te bewaren, is een taak, die onze besten krachten eist en de aandacht verdient van allen, die 't wel menen met de intellektuele vooruitgang van ons volk”¹⁾

Iemand wat so redeneer kan geen vijand wees nie. En juis daarom verwonder dit des te meer, dat hij tog geen voorstander was nie, maar in onmiddellik verband met hierdie pleit vòòr Afrikaans, gewag maak van „onvoorwaardelik de voorkeur geven aan het Engels.” Weliswaar beweer dr. VILJOEN die laaste alleen ten aansien van Afrikaans *als skryftaal*, maar dit maak hoe-genaamd geen verschil nie. Want *skryftaal* op sigself bestaan nie, tensij dit 'n so getrouw moontlike aanduiding is van die gesproke woord; en daarom geld al sij besware dààrteen in die eerste plaas die gesproke taal. En aangesien *praat* en *skryf* in die grond

1) „Wat is nu eigenlijk onze Taal?” — *De Unie*, Des. 1906, bls. 177.

2) Vgl. prof. DE VOOYS: *Spreeken en Schrijven, in Noord- en Zuid-Nederland*, bls. 8 vlg.

van die saak dieselfde proses van gedagte-uiting versinnelik, — alleen met hierdie verskil dat die eerste laat *hoor* wat die laaste bij benadering laat *sien*, — is dit opmerklik dat dr VILJOEN wel die eerste wou suiwer en teen verwildering bewaar, maar sonder terselfdertijd ook sorg te bestee aan die laaste.¹⁾

Dis egter nie duidelik nie op watter grond die mondelinge beoefening van 'n taal kan aangeprijs word, terwyl die skriftelike beoefening daarvan afgekeur word. Nog minder duidelik is dit, hoe die sorg vir ons eie taal ooit sou kan lei tot „verzwakking onzer nationale eenheid of verbreking van de band van stam-eenheid met het Nederlandse volk”, gesien dat juis die algemene Afrikaanse volkstaal bij uitstek die uitdrukking is van ons nasionale eenheid, en als sodanig ook die enigste waarborg vir ons voortbestaan als deel van die Dietse stam.

Aan die ander kant het dr. VILJOEN niks te doen wil hê met die A. T. V. nie, „omdat ik het nut en de noodzakelijkheid van uw beweging, nu die zich blijkbaar gaat bemoeien met de schrijftaal en van het Hollands begint te spreken als „een vreemde taal, sover dit ons nasie betref,” *niet* inzie. Ik heb mijn taal veel te lief dan dat ik mij met een dergelijke, gevaarlike, demokratiese uiting verenigen of een beweging steunen kan, die berekend is, de band van geestes- en taaleenheid met de bakermat onzer vaderen te verstoren.”²⁾

En verder: „Het is ons duidelik, dat, als wij toegeven aan dit streven van de A. T. V., wij daardoor in taalbeschaving achteruit zullen gaan. 't Is een beweging naar achteren; een dalen tot het peil van het minder ontwikkeld deel van het volk, dat wij, juist door middel van verbeterd onderwijs in het Hollands, tot meerdere beschaving ook in de taal moeten trachten te brengen.”³⁾

Dat dr. VILJOEN vocêr gladnie die minste twijfel gekoester het nie aangaande die vraag „wat is nu eigenlijk onze taal?”, blijk op oórtuigende wijze uit wat hij in 1896 skryf⁴⁾: „Mit der Gründung der *Genootskap van Regte Afrikaners* 14. August 1875 beginnt eine neue Periode in der Geschichte der afrikanischen

1) Vgl. benede bls. 73.

2) *De Unie*, Sept. 1907, bls. 104.

3) *De Unie*, Aug. 1907, bls. 42.

4) *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, Strassburg, 1896, bls. 36.

Sprache. Sie, die bisher nur im Volksmunde gelebt hatte, sollte nunmehr als Schriftsprache höheren Zielen dienen. *Vermochte sie den mündlichen Gedankenaustausch zu vermitteln, warum konnte sie nicht ebenso geeignet sein oder geeignet gemacht werden, sich zur Schriftsprache erheben zu lassen?* ¹⁾ Litterarische Ausbildung ist ja allein im Stande, eine Sprache die fortwährend unter fremden Einflüsse steht, und in ihrem eigenen Hause nicht Alleinherrscherin ist, vor Verfall zu bewahren. Die feste Ueberzeugung davon, dass *die afrikanische Sprache für das afrikanische Volk gut genug ist*, ¹⁾ hat die Vorkämpfer der neuen Richtung zu energischem Handeln angespornt. Wenn wir das bedenken, so können wir in der Erhebung des Afrikanischen zur Schriftsprache unmöglich die Aeussereung eines thörichten Lokalpatriotismus erblicken, sondern vielmehr die gesunde Aeussereung eines sich kräftig regenden Nationalgefühls. Das Ziel der *Genootskap*, das darin besteht, *eine eigene geschriebene zu der eigenen gesprochenen Sprache zu fügen, müssen wir in jeder Hinsicht billigen*. ¹⁾ Aber die Schriftsprache sollte sich möglichst der Umgangssprache anschliessen, kurz, man wollte das Reis beugen, bevor es zum Baum geworden, und darum ward zum Lösungswort: *Ons skryf soos ons praat!*

Bald nach Gründung dieser Vereinigung begegnen uns die ersten Spuren litterarischer Thätigkeit in Südafrika. Damals beginnt die Sprache in den Dienst der Poesie zu treten, damals schrieb man die erste Prosa in ihr, damals endlich *gab man zuerst den im Volk herrschenden Stimmungen Ausdruck in „language forcible and true.“* ¹⁾ Damit war für alle Zeiten der Grundstein einer echt nationalen Litteratur gelegt...

Waarom die skrywer dit 10 jaar later nodig geag het om hierdie wetenskaplik juiste standpunt te versmaak en presies die teenoorgestelde in te neem, is 'n raadsel. Iedere geleerde het natuurlik die volste reg om naar gelang van nuwere gegewens 'n vroeër uitgesproke mening te hersien; maar in hierdie geval hoef daar vir geen enkel oomblik die minste twyfel te bestaan nie, wie van die twee nader aan die waarheid was: die promovendus van 1896 of die professor van 1906.

¹⁾ Kursivering van mij.

VOORUITGANG.

Trots alle teenstand, passief en aktief, het die Afrikaanse taalbeweging snelle vorderinge gemaak. Binne 'n jaar was in Kaapland takke van die A. T. V. gestig op die volgende dorpe: Prins Albert, Wellington, Paarl, Kaapstad, Carnarvon, Steijnsburg, Montagu, Swellendam, Stellenbosch, Burgersdorp en Middelburg. Verder was reeds begin 1906 in Potchefstroom 'n Afrikaanse Taalunie tot stand gekom onder leiding van TOTUIS, VAN DER WALT, e.a., terwyl begin 1907 in Bloemfontein 'n Afrikaanse Taalgenootskap, op dieselfde grondslag als die Transvaalse, opgerig was onder bestier van dr. J. BRILL (reeds sedert 1875 voorstander van Afrikaans), genl. HERZOG, dr. A. FRANCKEN, ds. W. POSTMA e.a.

Die vernaamste propagandamiddele het bestaan in konserte, voorlesinge, gesellige aande, prijsvrae, verspreiding van lektuur, vlugskrifte, ens. Die toneel het hierbij veral uitstekende dienste bewijs. In Pretoria was begin 1907 selfs 'n min of meer vaste geselskap opgerig, die *Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging*, wat onder leiding van PRELLER en Mev. ENGEL-WILSON op verskillende plekke in Transvaal uitvoeringe gegee het. Met veel sukses is o.m. vertoon geword *Ou Daniel* van H. OOST, *Piet s'n Tante*, 'n Afrikaanse bewerking van *Charley's Aunt* deur PRELLER, en selfs *Medea* van JAN VOS. In Kaapstad en De Paarl het o.m. *Die spioen en sij handlangers* en *Amper maar nog nie* van DE WAAL op die planke gekom, terwyl die liefhebberij-toneel op die kleinere dorpe sig in hoofsaak bepaal het tot die luimige stukkies van MELT BRINK en LANGENHOVEN. Deur middel van jaarlikse kongresse het die verskillende vereniginge onderling in voeling met mekaar gebly en verdere werksaamhede bepaal.

Nou's 't erns! skryf PRELLER naar aanleiding van dr. D. F. MALAN se rede „Dit is ons erns,” op 13 Aug. 1908 voor die Stellenbosse A. T. V. uitgespreek. „*Is 't ons ernst?* — so werd daar op pessimistiese toon 'n jaar of vier gelede gevraag, amper moedeloos naas die bewijse van geringe vordering al die jare van ingespanne strijd voor . . . Hollands. *Laat 't ons erns wees!* was 'n antwoord, meer optimisties, voller van hoop en verwagting, voor . . . Afrikaans.

Laat 't ons tog eenmaal erns wees, met ons Moedertaal! En vandag weerklink 't al, suiwerder, selfbewus en seker: *Dit is ons erns!* ... met Afrikaans. En daar 's rede voor ons sekerheid! Want die nasie is ontwaak tot selfbewustheid ... „Taalbond” en „Taalgenootskap” werk na mekaar toe, nie van mekaar af nie. In 'n nabije toekoms is hul eën, op die enigste grondslag, waarop 'n gesonde nasionale ontwikkeling kan volg: 'n selfbewuste volk met 'n eige taal, wat 'n volmaak eige beskawing tegemoet gaat.”¹⁾

Inderdaad het nog voor die end van 1908 'n toenadering tussen beide partije tot stand gekom. Op 'n Hollandse taalkongres aan De Paarl (Des. 1907) was deur dr. VILJOEN 'n voorstel gedaan om tot 'n vergelyk te kom ten opsigte van die verdere behartiging van Hollands, onder watter vorm dan ook. Dit het gelei tot 'n konferensie tussen afgevaardigdes van die Taalbond en die A. T. V., waarop beslote werd die onderlinge strijd te staak en in die vervolg gemeenskappelik op te tree in belang van die Afrikaans-Hollandse taalsaak. Dit was 'n groot stap vooruit, omdat die Engelse partij tot dusver nog altijd munt kon slaan uit die onderlinge verdeeldheid bij die teenpartij.

Ondertussen het „die eerste reendruppels” reeds so stadigaan begin val, sodat dr. MALAN in sij openingsrede bij die tweede A. T. V. kongres (Des. 1908) met voldoening kon wijs op 'n 50-tal oorspronklike boekwerke en werkies in Afrikaans voor hom op die tafel, als die resultaat van 5 jaar se werk. Onwillekeurig het die vraag bij hom opgekom, waaraan dit te wijte was dat ons volk, na 'n 250-jarige bestaan, nog so arm was aan 'n eie literatuur? Als nakomelinge van die Hollanders, Franse en Duitsers was ons tog nie van alle kunssin ontbloom nie? Die A. T. V. antwoord, aldus dr. MALAN: „Die beeldhouwer is wel daar, sij hand is op die marmer, maar die beitel ontbreek! Die skilderstuk is wel ingebrand in die siel van die volk, en die volk brand van verlange om die beeld op die doek te bring, maar ... die penseel en die verf ontbreek!”²⁾ Kunssin was daar genoeg, maar tot hiertoe moes ons nog altijd 'n ander volk se taal leen en daarom kon dit nie tot uiting kom nie. Volk en taal was 'n

1) *De Volkstem*, 6 Nov. 1908.

2) *De Volkstem*, 29 Des. 1908.

tweeling onder dieselfde dak opgegroeï, en tog het hulle mekaar gedurende twee eeue nie geken nie, eerder mekaar verag. Die A. T. V. se roeping was om volk en taal met mekaar te versoen, sodat daar 'n eie literatuur kon kom. Tot dusver, meen die spreker, het die beweging nog grotendeels 'n selfverdedigende karakter gedra; maar die stadium moes nou vervang word deur 'n meer praktiese rigting. Alle poginge moes in die vervolg gerig word op die bevordering van 'n eie literatuur, want als die eers daar was, sou verdere propaganda vanself oorbodig word.

Op dieselfde kongres was die spellingkwessie ook ter sprake. Uit hoofde van die uiteenlopende meninge het die vergadering egter geen besluit geneem nie, maar als voorlopige leiddraad die volgende twee beginsels aanbeveel: (a) Respekteer die oog en wijk dus so min moontlik af van die gebruikelike vereenvoudigde spelling; (b) respekteer die oor en spel volgens die beskaafde Afrikaanse uitspraak.

Als verdere voorbeelde van gestadige vooruitgang en tegelyk van die gemeenskappelijke bevordering van Afrikaans en Hollands, kan eindelik nog genoem word die stigting in 1908 van die „Afrikaans Hollandse Taalvereniging” in Pretoria en van „Onze Taal” in Bloemfontein. Eersgenoemde het sig veral ten doel gestel om Hollandskundige onderwyskragte op die Transvaalse skole geplaas te krij en verder die handhawing van absoluut gelijke taalregte bij die onderwys en in die staatsdiens. Die laaste het die bevordering beoog van beide Afrikaans en Hollands en afdelinge gehad vir musiek, sang, toneel en literatuur.



STIGTING VAN DIE AKADEMIE.

Die stigting van „De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” kan beskou word als een van die vernaamste mijlpale in die geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging.

Tijdens die sittinge van die Nasionale Konvensie in Kaapstad teen die end van 1908, waaruit ten slotte die „Unie van Suid-Afrika” ontstaan is, het die gedagte opgekom om ook op taalgebied 'n sentrale organisasie in die lewe te roep, waarin alle bestaande Hollandse en Afrikaanse taalvereniginge sou kan verenig

word, en wat als gesaghebbende liggaam sou kan optree teenoor universiteit en regering. Die oomblik daarvoor was goed gekose, omdat daar juis in die tijd 'n tot nog toe ongekennde gees van verbroedering deur Suid-Afrika gewaar het.

Na enige informele besprekinge tussen Taalbond en A. T. V. voormanne, het op 5 Jan. 1909, op 'n wenk van pres. STEYN, „Onze JAN” en genl. HERTZOG, 'n algemene konferensie in Kaapstad plaasgevind, bijgewoon o.a. deur 'n aantal lede van die Nasionale Konvensie, waarop in beginsel beslote werd tot die stigting van 'n Akademie. Een uitgebreide kommissie, bestaande uit 'n 20 tal erkende voormanne uit alle dele van S. A. werd benoem om die verdere regeling ter hand te neem.

Ondertussen was „Onze Taal” in Bloemfontein besig om 'n groot taalkongres aldaar te organiseer, eweneens met die doel om meer algemene samewerking te verkrij tussen die bestaande taalliggame. Van die geleentheid het die Akademiëkommissie gebruik gemaak om sij inmiddels ontworpe planne en voorstelle aan die kongres ter beoordeling voor te lê. Na 'n breedvoerige bespreking van enige dae, werd op 2 Julie, 1909 oorgegaan tot stigting van 'n Akademie, en uit 'n groslijs deur die kongres opgestel, die eerste 30 van 'n mogelike 50 Akademiëlede gekies, n.l. 12 uit Kaapland, 9 uit Transvaal, 7 uit Vrijstaat en 2 uit Natal.¹⁾

Doel van die Akademie was „de handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord „Hollands” wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika.” Om die doel te bereik, sou o.m. die volgende middele aangewend word: uitskrijwe van eksamens in taal, lettere, geskiedenis en kuns; uitskrijwe van prijsvrae oor wetenskaplike onderwerpe; verlening van geldelike steun bij die uitgawe van verdienstelike werke; inrigting van biblioteke, leesgeselskappe en populaire voorlesinge; sorg vir lektuurverspreiding en doelmatige skooluitgawes; sorg vir die gelijkberegting van tale bij die universiteits- en ander openbare eksamens; medewerking met alle bestaande liggame van soortgelijke aard, ens.²⁾

1) Die name kom voor in *Jaarboek I* van die Akademie.

2) Volledige statute en besonderhede in die *Jaarboeke*.

Verder werd vak-kommissies ingestel vir eksamens, taal en lettere, reklame, waaksaamheid en affiliasie, wat telkens op die jaarvergaderinge rapport sou uitbreng.

Met die stigting van die Akademie was daar dus 'n band geleg tussen alle bestaande partije op taalgebied en 'n offisiële stempel gedruk op die vergelyk tussen Taalbond en Taalgenootskap. Soos ds. N. J. BRÜMMER dit kernagtig uitgedruk het op die derde A. T. V. kongres (Des. 1909): „Elkeen trek sij eie voor met sij eie ploeg, hou sij oog op sij eie span, maar albei is besig om dieselfde akker te ploeg. En als daar nog nou en dan een of ander Rip van Winkel uit sij slaap opflikker en teen Afrikaans uitvaar, dan is dit maar die stuiptrekkings van 'n slang, wat swaar vervél. Van sulke siekteverskijsels is dit beste om geen notiesie te neem nie.”¹⁾

Soos uit die jaarboeke blyk, is die Akademie reeds 'n liggaam van betekenis geword in die kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika.²⁾ Die vernaamste werksaamhede van die Akademie, ten opsigte van Afrikaans, is gewees die vasstelling van die spelling in 1915, waardeur daar eindelik 'n énd gemaak is aan die belemmerende spellingverwarring; en verder die onontbeerlike uitgawe van 'n „Afrikaanse Woordelys” in 1918. Tewens het die Akademie sig, op aanwysing van die Provinsiale Rade, die laaste jare belas met die keuring van nuwe Afrikaanse skoolboeke, ten opsigte van taal, styl en illustrasie. Een hele reeks van deur die Akademie goedgekeurde skoolboeke het reeds verskijn.³⁾

Op die jongste jaarvergadering (1918) is o.m. beslote tot die uitgawe van 'n wetenskaplike tydskrif, die benoeming van 'n versamelaar van kultuur-historiese gegewens in Suid-Afrika, en die bewerking van 'n uitvoerige Hollands-Afrikaanse bibliografie.

¹⁾ *De Volkstem*, 30 Des. 1909.

²⁾ Wegens oorlogsomstandighede is dit mij onmoontlik gewees om die jaarboeke na 1914 te raadpleeg.

³⁾ Vgl. *Die Brandwag*, Jan. 1918.

DIE BRANDWAG.

Op die eerste jaarvergadering van die Afrikaanse Taalgenootskap in Okt. 1907, was die kwessie van 'n eie orgaan ter sprake gebreng. Eenparig was die vergadering van oordeel dat 'n ernstige poging gedaan moes word om uitvoering te gee aan art. 3(b) van die statute, en 'n degelike Afrikaans-Hollandse tydskrif uit te gee. Met die oog daarop werd 'n uitgebreide kommissie benoem, wat dadelik die saak aangepak het deur 'n ope brief te rig aan alle belangstellende persone, waarin die doel en die noodsaakelikeid van so 'n tydskrif uiteengeset en om ondersteuning gevraag werd. Die kommissie had 'n waarborgsom van minstens £ 2000 op die oog, wat deur middel van £ 10 inskrijwinge sou moet bijmekaar gemaak word. Hoofdoel van die tydskrif sou wees die bevordering van 'n eie letterkunde, maar met die oog op die uiteenlopende behoeftes van die verskillende lesers, sou dit terselfdertijd die karakter dra van 'n „boerewinkel”, waarin dus vir iedereen wat te krij sou wees.

Suid-Afrika is egter nie rijk aan ondernemende uitgewers nie, en die helpmekaar gees van later jare was toe nog nie so sterk ontwikkel nie, sodat die tydskrif-kommissie op die derde jaarvergadering (Mei 1909) moes meedeel, dat nog maar 'n kwart van die benodigde bedrag verseker was. In die besef egter, dat Unie-dag 'n dag van betekenis sou word in die geskiedenis van Suid-Afrika, het die kommissie begin 1910 tot die besluit gekom om die dag ook te vier deur 'n daad van nasionale betekenis. En so werd op 31 Mei 1910, met „*De Volkstem*” als „peetvader”, die eerste nommer van *Die Brandwag* die wêreld ingestuur.

Die eerste nommers bevat 'n groot aantal welkomsgroete en gelukwense van die mees vooraanstaande Afrikaners. President STEYN skryf o. m.: „Houd moed, 'n nieuw tijdperk is aangebroken. Jong Zuidafrika is ontwaakt en begriipt zijn roeping. Moge *Die Brandwag* nooit slapende worden gevonden, zodat hij dadelik kan waarschuwen als er iets nadert, dat voor ons volk gevaarlijk is...”¹⁾ En TOTIUS: „Ik is baje, baje blij dat ons nou 'n *Brandwag* krij! Ik hoop hij sal juis wakker staan als dit dag

¹⁾ *Die Brandwag*, I, 1, bls. 3.

s'n kant toe gaan — dan bedreig gevaar ons die meeste..."¹⁾
 Die volgende was CELLIERS se groet:

Brandwag, hou
 die wag getrouw:
 slapers lê in lome rus
 van gevare onbewus,
 ongewek tot strijd en strewe
 in die kamperk van die lewe;
 hoor hul woord: „die strijd 's gedaan,
 waarom nou nog brandwag staan?”
 Brandwag, dubbel waaksaam nou!
 aan jou sorg is hul vertrouw.

En g'n een laat jij verbij
 of jij moet die wagwoord krij.
 Wie die jammer het aanskouw
 wat die haat en heerssug brouw,
 en na trane, ramp en leed
 nou die wagwoord nog nie weet,
 sal die voorhoofd-teken dra:
 „Vijand van Suid-Afrika!”²⁾

Op die tietelblad was die forse gestalte van 'n brandwag in kommandopak geteken, wat van 'n bosrand af half verskole agter bome, die Afrikaanse vlakke voor hom deur 'n verkijker opneem; terwyl die son net sij kop uitsteek aan die horison agter „die ijl-blouwe bande der ver-verre rande.”

Die redaksie, bestaande uit dr. W. M. R. MALHERBE en GUSTAV PRELLER³⁾ verklaar in die eerste nommer o.m.: „*Die Brandwag*, waarin saamgetrokken word t' werk van de beste pen-voerders uit ons Volk, heeft postgevat en salueert eerbiediglik alwie genegen is dit feit met enige belangstelling te bejegenen... Hij heeft positie gekozen op 'n punt waar 't terrein alsnog onbewaakt bleef: het Afrikaner huisgezin... En *Die Brandwag* is vast van plan om, met de hulp van alle goedgezinde Afrikaners,

¹⁾ *Die Brandwag*, I, 2, bls. 3.

²⁾ *Die Brandwag*, I, 2, bls. 4.

³⁾ PRELLER was alleen voorlopig mederedakteur. Sedert 1 Sept. 1910 staat *D. B.* uitsluitend onder redaksie van MALHERBE.

zich de plek te veroveren in 't Afrikaner huisgezin, die tans ledig staat, of opgevuld is met vreemde kaf, als „Home Notes”, „Home Chat” en „Home Journal”, enz. En daarenboven wil dit tijdschrift trachten om leiding en koers te geven aan de vele zeer bekwaam gebleken Afrikaner-pennen, die ernaar streven of ervoor gevoelen, 'n eigen nasionaal-afrikaanse letterkunde te helpen grootmaken... Ons behoort aan g'n partij of seksie nie, en ons sal maar weinig aanleiding hê om ons te bemoei met die kleinlike kibbelarije van klieke of klasse. Ons is Hollandse Afrikaners, en voorsover ons dit is door ons taal, geskiedenis, godsdiens en tradisie, is ons vas vanplan om dit ook te blijf... Ons erken en besig albei die vorme van Hollands, wat in ons wereldddeel gangbaar is, en moedig dieselfde aan bij al ons medewerkers...”

Voortreffelik is *Die Brandwag* daarin geslaag om in die uiteenlopende behoeftes van die huisgesin te voorsien. Vir man, vrouw en kind, daar was en is nog steeds „voor elck wat wils.” Veral „Tannie” het van die staanspoor af die harte van die Afrikaanse kinders gesteel met haar luimige, deur-en-deur verafrikaanse „kaskenades van Klein Duimpie.”¹⁾ Een enkele staaltjie als voorbeeld van „Tannie” se verteltrant:

„Ek is mos 'n groot man,” sê KLEIN DUIMPIE. „Ek is 'n man wat nou die wêreld wil gaan sien!” Hij stap dñars deur die huis en krij vir Trapsoetjies voor in die blomtuin van sij Ma. DUIMPIE spring óp sij rug en kielie hom al op sij maanhaar langs met 'n grassie. Trapsoetjies draai sij stert los van die takkie, waar hij' in die son gesit en slaap-het. Hij hou sij linkeroog op die vlieg, wat 'n endjie van hom af sit, en loer met die regteroog agteruit naar die mannetjie op sij rug. Hij lig sij haarvoorpoottjie stadig op, — en sit hom weer mooi versigtig neer. Tijds genoeg! Kom ek nie vandag nie, dan kom ek tog môre! Meteens steek hij sij tong uit, soos 'n mens 'n stukkje rekker sou uitrek, en, — tjoeps!... het hij die vlieg op die punt van sij tong, trek hom in en begin op sij gemak te kouw. „Toe jong!” sê KLEIN DUIMPIE, „kom aan, roer jou, man! Jij kan vanaand gaan slaap, als ons eers daardie rantjie

¹⁾ Die eerste deel van hierdie voortreffelike kinderverhaal is in 1917 in boekvorm verskijn bij VAN SCHAİK, Pretoria, mooi geïllustreer deur CICELY CLARK.

oor is." En hij kielie hom weer op sij rugstring langs met die grassie. Trapsoetjies sluk die vlieg in en lig weer één voorpootjie op, maar vóór hij dit kon neersit, was hij vas aan die slaap! „Liewe land! Nee, dit gaat te stadig naar mij sin," en hij spring van Trapsoetjies se rug af..."¹⁾

Sij plan om sig 'n blijwende plek in die Afrikaanse huisgesin te verower, het *Die Brandwag* ook ten uitvoer gebreng. Bij die aanvang van die sesde jaargang (Juni 1915) skryf die redakteur o.m.: „*Die Brandwag* het sij weg al gevind naar alle dele van die wêreld, waar Afrikaners gevestig is: Europa, Nederlands-Indië, Brits-Indië, Noord en Suid-Amerika, en orals op die vasteland van Afrika. Selfs in hierdie deurmekaar tije krij ons nog intekenare van buite Suidafrika..."

Die blad is tot vandag nog ongetwyfeld een van die beste tijdskrifte in ons land, sowel wat inhoud als illustratie en tiepografiese uitvoering betref; terwyl dit vir die Afrikaanse taalbeweging van opberekenbare waarde gewees is en vir die volksoopvoeding in die huisgesin so goed als onmisbaar geword het.

OFFISIËLE ERKENNING VAN AFRIKAANS.

Die jaar 1914 sal vir altijd in die geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging met rooi letters aangeteken staan als 'n *annus mirabilis*, omdat in daardie jaar eindelijk die allereerste en mees vanselfsprekende opvoedkundige beginsel deur wetgewing in Suid-Afrika erken geword is, naamlik: dat die Afrikaanse kind sij eerste onderrig op skool sal ontvang in en deur middel van sij eie taal!

Aan die invoering van Afrikaans op die skool is die naam van adv. C. J. LANGENHOVEN onafskeidelik verbonde; en aan sij onversettelike wilskrag het die Afrikaanse kind dit te danke, dat hij vandag nie langer als 'n vreemdeling in sij eie land behandel word nie, en dat eindelijk die grondslag geleg is vir die normale ontwikkeling van 'n eie kultuur.

Dit was nie die eerste keer dat LANGENHOVEN vir die erkenning

¹⁾ t. a. p. bls. 1.

van Afrikaans gepleit het nie. Reeds sedert jare had hij met besielde oortuiging geveg teen die ongesonde dualisme tussen praat en skryf, en alleen die gunstige geleentheid moes sig nog voordoen om sij woorde ook in dade te kan omset.

In 1911 skryf LANGENHOVEN naar aanleiding van die taalkwessie: „Hoe lank sal ons blij hink op twee gedagtes? Als Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? Als Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie? Is die één te hoog om te praat en die ander te laag om te skryf? Dan is die posiesie eenvoudig dit: vir één soort gebruik is die taal van ons moeders nie goed genoeg nie, en vir die ander soort gebruik is die kinders van ons moeders nie goed genoeg nie. En so staat ons voor die oog van die wereld als die èen en enigste nasie op die aarde, wat ons op die aansprake van ons moedertaal beroep, terwijl ons nie weet wat ons moedertaal is nie!”¹⁾ Uit so’n toestand sal nooit ’n letterkunde gebore word nie, en daarom behoort daar ’n end aan gemaak te word deur Afrikaans sonder versuim als offisiële skriftaal te erken.

Daar was selfs besliste voorstanders van Afrikaans, wat die laaste mening van LANGENHOVEN bestrij het. Naar hulle oordeel was die tijd nog nie ryp om Afrikaans offisiël, dus in plaas van Nederlands, als kultuurmedium te aanvaar nie. Kan ons die student *belles lettres*, wetenskaplike lektuur, teksboeke oor wijsbegeerte, theologie, regsgeleerdheid, skone kunste, ens. aanbied? vra adv. W. J. VAN ZIJL.²⁾ Is die kunsgevoel en skoonheidssin van ons skrywers genoeg ontwikkel? Is ons wereldbeskouing breed en ruim genoeg? Wat is ons letterkunde, vergeleke bij die van die Europese kultuurtale? Dit alles moes verkry word deur gestadige evolusie en nie deur revolusie nie.

LANGENHOVEN het daar tereg op geantwoord, dat dit juis een van die dringendste redes was, waarom ons dadelik moes *begin*, begin die om die bron te suiwer waaruit al daardie armoede voortvloei, anders sou ons nooit daardie stadium bereik nie. ’n Mens leer nie swem op droë grond nie, en ’n kind wat heeldag op die arm gedra word, leer nie gouw loop nie.³⁾ LANGENHOVEN

¹⁾ *Ons Land*, 15 Aug. 1911.

²⁾ *Ons Land*, 29 Aug. 1911.

³⁾ *Ons Land*, 12 Sept. 1911.

kon daár bygevoeg het, dat dit 'n gebrek aan historiese perspektief openbaar, meer nog, dat dit eenvoudig 'n dwaasheid is om 'n begin-literatuur te wil gaan vergelyk met kunswerke wat die resultaat is van eeue en eeue beskawingsgeskiedenis en taalbeoefening. Want hoewel Suid-Afrika natuurlik nie vandag eers uit 'n „middeleeuwsse” slaap wakker word nie, maar reeds in meerdere of mindere mate deel het aan die algemene geestesbeskawing van die teenwoordige tyd, word al te dikwels uit die oog verloor dat ons, ten aansien van die *beoefening van die volkstaal*, nog maar in die stadium van die Afrikaanse „vroegrenaissance” verkeer, en dus in die eerste plaas moet vra naar wat dieselfde periode bij die Europese kultuurvolke opgelewer het. En of ons vroeër of later tot dieselfde hoogte sal opklim, sal afhang nie van ons taal als sodanig nie, maar wel van die ontwikkeling van die volk wat die taal praat; en dis duidelik dat hierdie ontwikkeling alleen moontlik is, wanneer dit tewens *gegrond is* op die sistematiese beoefening van ons eie spraak.

LANGENHOVEN het hom egter nie laat ontmoedig nie deur medestanders, wat „briek aangedraai het teen die opdraand uit”, maar die eerste geleentheid aangegryp om 'n besliste poging te waag. Met die eersvolgende sitting na sij verkiesing tot lid van die Kaapse Provinsiale Raad, het hij, na sorgvuldige voorbereiding agter die skerme op 25 April 1914 die volgende voorstel ingedien en bepleit:

„Deze Raad hecht zijn goedkeuring aan de toenemende handhaving door het onderwijsdepartement van deze Provinsie van het gezonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zoals neergelegd in de onderwijsordonantie; en beveelt aan, dat dat beginsel verder uitgebreid worde door het gebruik van Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de vierde standaard, waar het Hollands volgens wet de voertaal is; mits dat geen leesboeken, in het Afrikaans geschreven, voorlopig worden toegelaten, tenzij dezelve voorzien zijn van een getuigschrift van goedkeuring door een of meer personen van erkende bevoegdheid, daartoe benoemd door hetzij de Superintendent van Onderwijs, hetzij de „Zuid-Afrik. Akademie voor Taal, Letteren en Kunst”, en mits het gebruik van zodanige leesboeken niet toegelaten worde waar het betrokken schoolkomitee bezwaar ertegen heeft.”¹⁾

¹⁾ *Ons Land*, 8 Aug. 1914.

Dit was tenslotte so'n vanselfsprekende maatreël, dat selfs die Engelse lede in die Raad daar geen beswaar teen gemaak het nie, sodat dit bij eenparig besluit deurgegaan het.

Hierdie onverwagte sukses het nie sonder uitwerking gebly op die noordelike provinsies nie. Met verrassende snelheid het hulle die voorbeeld van Kaapland gevolg, deur ongeveer tegelyk die volgende mosies, eweneens bij eenparig besluit, aan te neem:

Oranje Vrijstaat (15 Junie 1914 — voorsteller HAVENGA):

Deze Raad is van gevoelen, dat ten einde de voorschriften van Ordonantie no. 2 van 1912, met betrekking tot onderricht in en door middel van de „huistaal”, behoorlik uit te voeren, het woord „huistaal”, voor zover het Hollands bedoeld is, dient opgevat te worden in de zin van Nederlands en Afrikaans, en verzoekt het Uitvoerend Komitee de nodige stappen te doen om naar gelang van omstandigheden deze uitleg bij het Openbare Onderwijs prakties toe te passen.”¹⁾

Transvaal (24 Junie 1914 — voorsteller LUDORF):

„Deze Raad, lettende op het feit dat de huistaal der leerlingen van de lagere school, vooral in de buitendistrikten van deze Provinsie, overwegend Afrikaans is; en lettende op de omstandigheid, dat tans het onderwijs aldaar niet door middel van de huistaal der leerlingen geschiedt, en om die reden minder doeltreffend is; en lettende verder op de wenselijkheid om in het belang van het onderwijs het gezond pedagogies beginsel van huistaal-medium in algemene toepassing te brengen, besluit het Uitvoerend Komitee op te dragen ervoor te zorgen dat:

- a. waar het Hollands volgens wet de voertaal is, voortaan het Afrikaans als zodanig zal worden aangenomen, behoudens het recht van schoolkommissies om te verlangen dat het Hollands de voertaal zal zijn;
- b. bij de vaststelling der leermiddelen voor het Afrikaans, de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst zal worden geraadpleegd.”²⁾

Met hierdie besluite was egter nog maar die eerste stap gedaan, en LANGENHOVEN het ingesien dat dit nou veral saak was om sorg te dra dat daaraan ook inderdaad uitvoering sou gegee

¹⁾ *Het Schoolblad*, 15 Aug. 1916.

²⁾ *Ons Land*, 8 Aug. 1914.

word. Daartoe was in die eerste plaas nodig, dat sonder versuim voorsiening gemaak sou word vir die nodige leermiddele in Afrikaans. En aangesien dit nie waarskynlik was dat die betrokke onderwys-owerhede hulle voorlopig erg warm sou maak oor Afrikaans nie, was die Akademie die aangewese liggaam om in hierdie saak die voortouw te vat. Maar ongelukkig kon daar nog nie op die onverdeelde steun van die Akademie gereken word nie. Daarom het LANGENHOVEN die eerste geleentheid te baat geneem om op die volgende Akademie-sitting, wat kort daarop geval het (Bloemfontein, 2—4 Julie 1914) sekere voorstelle in die rigting in te dien en te ondersteun met 'n deurwrogte lesing oor „Afrikaans als voertaal,” in die woorde van PRELLER, — „een der krachtigste en welsprekendste argumenten voor 't Afrikaans, waarnaar spreker ooit heeft mogen luisteren.” ¹⁾

Nog eens het LANGENHOVEN daarin met hartstogtelike oortuiging gepleit vir Afrikaans, en veral nadruk gelê op die grondoorzaak van die afwesigheid van 'n eie literatuur — een van die hoofbesware van die teenstanders: „Die inspirasie ontbreek! ontbreek!! ontbreek!!! in ons heerlike Suid-Afrika, waar elke berg en elke vlakte skreeu om digters, waar elke tafereel uit ons roemrijke geskiedenis skreeu om skrywers. En dié kostelike erfenis, wat ontgin moes word om ons volk te besiel met 'n hartstogtelike besef van wat hij is en waar hij vandaan kom, word verwaarloos: nie net agtelosig verwaarloos nie, maar opsettelik afgesluit onder strenge waarskuwing: „Geen Toegang! Op las van die Staatsman, van die Leraar, van die Onderwyser.” En generasie op generasie het ons VONDELS en GOETHES en MILTONS daar verbij gegaan worstelende om verlos te word uit hulle barensnood, om die lewende siel vir hulle volk voort te bring volgens die ingewing en bevel van hulle God, en het die uithangbordjies gesien en maar aangehou op hulle onvrugbare weg naar die graf. Baje van hulle is reeds daar vergaderd, menere, en ons kan geen één van hulle terugroep nie. Hulle werk is vir eeuwig vir ons verlore — vir ons Afrikaners wat dit die minste van alle volke kan mis. Was ons alleen in ons land, net ons Afrikaners alleen, dan was dit gruwelik om ons nasie deur kunsmatige afsluiting

¹⁾ *Akademie Jaarboek V*, bls. 140.

ontstoke te hou van die kultuur-voorregte tot opbouw van verstand en siel, gevoel en vernuf, karakter en burgerskap, wat die *taken for granted* alledaagse besitting van ander nasies is. Maar ons doen dit in 'n land waar onse wedijweraars ten volle, ja tot oewervloed toe, toegerus is met die wapens wat ons met voorbedagte raad vir ons eie mense uit die hande hou.”¹⁾)

Die teenstander beweer: „Afrikaans is nog nie 'n gevormde skriftaal nie: *ergo*, ons kan hom nie als skriftaal aanneem nie. Ons onderwysers is self nie deur behulp van hom als medium opgelei nie: *ergo*, hulle is onbekwaam om hom als medium te gebruik bij die onderrig van andere. En daarom sal ons wag, terwyl één generasie na die ander verbij gaat, totdat die sonder vorming gevormde skriftaal, en die sonder ontwikkeling ontwikkelde kultuurtaal, en die sonder opleiding opgeleide onderwysers, plotseling deur die tussenkoms van 'n *deus ex machina* uit die hamel val”.²⁾)

LANGENHOVEN besluit met die volgende woorde: „Dit was die allerlaaste pleidooi waarvoor ooit gelegenheid of noodsakelikheid moes bestaan het: die smeekstem van 'n Afrikaner met mede-Afrikaners om te erken wat sijn en hulle s'n is, wat dit tog maar altijd sal blij, wat nie van die gehalte is om ons voor te skaam nie. Te skaam nie, menere! Skande op daardie skaamte! Dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste witmans-taal, wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed draag van alles wat ons en onse vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriumfeer het; die één band wat ons als nasie aanmekaar heg: die uitgedrukte siel van ons volk.”³⁾)

Met twee teenstemme⁴⁾) het die Akademie daarop, op voorstel van LANGENHOVEN, sijn goedkeuring geheg aan die Provinsiale Raadsbesluite in sake Afrikaans, en met die oog daarop 'n kommissie benoem om onverwijd in oorleg met vakkundige persone 'n begin te maak met die opstelle van die vereiste leermiddele.

¹⁾ *Akademie Jaarboek V*, bls. 126.

²⁾ t. a. p. bls. 114.

³⁾ t. a. p. bls. 139.

⁴⁾ Prof. MOORREES en ds. SCHOON, het versoek dat hulle name als teenstemmers sou vermeld word.

In Kaapland was toe reeds 'n soortgelijke kommissie aan die werk.

Dit sou egter nog drie jaar duur alvorens die betrokke onderwysdepartemente, op inisiatief en aansporing van die Afrikaanse Taalgenootskap, 'n daadwerklike begin sou maak met die invoering van Afrikaans op die laere skool.

ONS MOEDERTAAL.

Met die bowevermelde Raadsbesluite was die Afrikaanse taalbeweging 'n nuwe stadium ingetree, wat gekenmerk werd deur 'n hernuwde geesdrif en verhoogde aktiwiteit op taalgebied, wat in die naaste toekoms tot verreikende gevolge sou voer.

Een van die eerste uitinge daarvan was die oprigting, in Julie 1914, van *Ons Moedertaal* als orgaan van die Stellenbosse A. T. V., onder redaksie van prof. J. J. SMITH, dr. T. B. MULLER en G. C. TOMLINSON. Die blad was uitsluitend in Afrikaans gestel en werd dadelik na sy verskijning als offisiële orgaan van die Kaaplandse A. T. V. erken.¹⁾ Een tweede uiting was die bijeenroep van 'n A. T. V. kongres in dieselfde maand op Stellenbosch (24—25 Julie 1914.)

Dit was reeds te voorsien dat die Afrikaans-voorstanders, na die eerste offisiële erkenning van die volkstaal, nie langer met sulke beskeie eise als bij die aanvang van die beweging tevrede sou wees nie, maar dat hulle nou ook bij die Kerk en die Staat en die universiteit sou aanklop om erkenning. Temeer, omdat in hierdie tijd 'n geesdriftige groep propagandiste uit die geledere van Jong-Suidafrika prominent op die voorgrond begin tree het.

Dit het dadelik geblyk uit die gees van die besprekinge op bowegenoemde kongres en uit die volgende eenstemmige besluite:

- (a) Die Sinodes van die Hollandse kerke in S. Afrika word in ernstige oorweging gegee om 'n Afrikaanse bijbelvertaling ter hand te neem.
- (b) Die aandag van die Ned. Geref. Kerk word gevestig op

¹⁾ In verband met die politieke verwikkelinge na die uitbreek van die oorlog, werd die uitgawe sedert Nov. 1914 tydelik gestaak. Sinds Aug. 1915 het *Ons Moedertaal* weer verskijn, totdat dit in Mei 1916 verenig werd met *Die Huisgenoot*.

die wenselikheid om Afrikaans naas Nederlands te erken als offisiële taal van die kerk.

- (c) Onder die woord „Hollands” in art. 137 van die Unie-grondwet moet verstaan word Nederlands en Afrikaans, en die Regering word versoek stappe te neem om aan hierdie uitleg bij die administrasie van die landsake prakties gevolg te gee.
- (d) Die Universiteitsraad word versoek kandidate toe te staan om hulle bij alle eksamens desverkieende van Afrikaans te bedien bij die beantwoording van die vrae.¹⁾

Terselfdertijd het die kongres deputasies benoem om hierdie besluite bij die betrokke liggame voor te dra en te bepleit.

Die Stellenbosse kongresbesluite was oorsaak dat die taalstrijd onmiddellik met hernuwde heftigheid opgevlam het, feller nog dan in die eerste stadium van die beweging. Die gemoedere was alreeds ontstem deur die enigssins kwetsende toon, wat *Ons Moedertaal* van die begin af aangeslaan het. So het die redaksie b.v. in die eerste nommer van enkele Hollands-skrywende krante gewaag als „verroeste remskoene”; en verder gesê dat „sommige predikante al moet begin te vat om hul plig teenoor hul gehoor na te kom, deur te preek (eweals Kristus gepreek het) in die eenvoudige, pittige, harttreffende taal van die volk, in plaas van hul diepste oortuigings te omsluit met die gelapte gordijn van ’n geijkte, afgesaagde *amper-Nederlands*”²⁾

En nou nog sulke radikale eise op die koop toe — dit was te veel geverg ineens! Dit het briewe gereent in die pers. Die „taalfanatisme” van sulke „revolutionaire taaldilettanten,” wat selfs die Bijbel nie meer ontsien nie, moes gebreidel word. Wat sou daar oorblij van „onze oude, schone en geliefde Hollandse taal,” als ’n taal wat „door indiese en mozambiekse kindermeyden verbasterd en ontaard” is, nou ons skryftaal moet word? Als Afrikaans ons moedertaal is, dan het ons net soveel moedertale als moeders, want elke moeder praat anders. Oorsetting in Afrikaans beteken die skending van die Bijbel, omdat julle eie woorde dan die plek van Gods woord sal inneem; dit sal ont-

¹⁾ *Ons Moedertaal*, Julie 1914.

²⁾ *Ons Moedertaal*, Julie 1914, bls. 1.

erend wees vir die Opperwese en aanstotelik vir die toehoorders om deur middel van *jij* en *jou* aangespreek te word, want *u* is nie Afrikaans nie! „Afrikaans als voertaal wil zeggen: weg met de Hollandse onderwijzers! Weg met de Hollandse Bijbel! Weg met de Hollandse predikanten! Weg met de verwantschap met de Hollanders! De dood aan het Hollandse element in Zuid-Afrika!”¹⁾ „Bezint eer ge begint,” waarskuw *De Unie*.²⁾ „Haast u toch langzaam!” is die meer besadigde raadgewing van prof. De Vos.³⁾ Dit beteken: „Blij vinnig stilstaan!” antwoord die redaksie van *Ons Moedertaal*, „en so 'n raad deug gaar nie vir 'n jeugdige Afrikanerdom, wat die lewe in elke polsslag voel en wat die toekoms entoesiasies tegemoet sien.”⁴⁾

Nog maandelang het hierdie polemieek voortgewoed en dikwels het beide partije hulle selfbeheersing kwijt geraak, wat nie juis bevorderlik was vir 'n sakelike en oortuigende gedagtewisseling nie. En tot vandag nog duik die gewone leke-besware telkens weer op. So skryf b.v. die vorige jaar iemand, wat reeds van 1906 af teen Afrikaans polemiseer: „De bewering dat Afrikaans onze moedertaal is, werp ik als Afrikaner met verachting van mij, en ik ben er zeker van dat onze geachte voorvaderen, indien zij uit hun graven konden spreken, hun stemmen met verontwaardiging er tegen zouden verheffen...”⁵⁾

Dis volmaak nutteloos om besware als die voornoemde te weerleg, want hulle sal nie verdwyn nie, voor en aleer die verkeerde insig waarop hulle berus en wat voortvloei uit 'n ingewortelde *skryftaal*-tradiesie, nie deur wetenskaplike taalonderwijs uit die weg geruim word nie. Vir die meeste mense in Suid-Afrika is die *taal-in-druk* van die Bijbel en die boek, van vammelewe se dae af die enigste bestaande en erkende taalnorm gewees; en al wat maar enigssins daarvan afwijk — en daaronder in die eerste plaas hulle eie daelikse spreektaal — kannie 'n „taal” wees nie, omdat dit 'n *ander skrifbeeld* vertoon als die tradisionele. En omdat die spreektaal nog nie kant en klaar bespreël, begrammatiseer en beskooldmeester is nie, nog

1) 'n Korrespondente in *De Volkstem*, 24 Julie 1914.

2) Aug. 1914.

3) *Ons Land*, 23 Julie 1914.

4) *Ons Land*, 25 Julie 1914.

5) *Ons Land*, 29 Nov. 1917.

nie voldoende „durch Bücher gefesselt” is nie, kan dit in hulle oë ook nog nie als gesaghebbende „boektaal” naas of in die plek van Hollands gestel word nie. Van toepassing is hier die opmerking van KLAUS GROTH: „Es bezeichnet so recht unsere papierene Zeit, dasz für sie nur das lebt und existiert, was man zu Papier gebracht, beschrieben, notiert und registriert hat” ¹⁾

Een jonger geslag sal denkelijk eers leer insien, dat die gesproke taal die enigste *werkelik bestaande* norm is, waarnaar die skrifbeeld sig so nouwkeurig moontlik moet rig. „De school leert, dat de geschreven taal de echte taal is. In der waarheid is zij enkel de kopie, de verbeelding der gesproken taal. Maar het gezonde origineel wordt verwaarloosd, en wettige kracht heeft alleen: het namaaksel! Schrijvers en schoolmeesters hebben het in den loop der tijden zoo ver gebracht. *Men keurt het model af als het zijn eigen slecht geschilderd portret niet nauw gelijkt.* De schoolmeester herhaalt duizend en duizendmaal deze ongerijmdheid en leidt het kind van de levende, borrelende bron der ware taal af. Zoo versterft de taal, gaat dood, krimpt in, totdat de verkrachte natuur ongedwee wordt en men zich opnieuw tot de oude taal wendt en tot het volk” ²⁾

Prof. DE VOS redeneer als volg en *De Unie* beaam dit: „Het Afrikaans nu schooltaal te gaan maken zal naar mijn overtuiging de nadeligste gevolgen hebben. Stel u voor een kind, dat in het huis niets anders dan het Afrikaans hoort, tot de vierde standaard ook geen ander Hollands op de school leert. Als het dan, gelijk zo velen doen, de school verlaat, hoe zal dat kind zijn Bijbel of enig ander hollands boek lezen, of een preek verstaan? Zal het dan hoegenaamd geen nut mogen hebben van de ganse nederlandse literatuur? Verlaat hij de school zo vroeg niet, dan moet dat arme kind, nadat het één soort van Hollands heeft geleerd, van voren af een ander soort Hollands gaan leren! Zal dat de belangen van het Hollands in ons land bevorderen?” ³⁾

Hieruit blyk 'n nog algemeen bestaande begripsverwarring ten aansien van die verhouding van Afrikaans tot Nederlands, *alsof*

¹⁾ *Briefe über Hochdeutsch und Plattdeutsch*, bls. 77.

²⁾ GUSTAV VERRIEST: *Over de grondslagen van het rythmisch woord*, bls. 10. Kursivering van mij.

³⁾ „Haaſt u langzaam”, *De Unie*, Aug. 1914, bls. 37 vlg.

die eerste die laaste heeltemaal sou uitsluit. Een oomblik nadenke moet egter tot die insig voer, dat van sodanige uitsluiting *a priori* reeds geen sprake kan wees nie. Want kragtens die oorsprong daarvan uit 17^{de} eeue Nederlands, is Afrikaans — naar die bekende formule van PRELLER — „*Hollands verrijk met die Afrikaanse woordeskat, en sagter en buigsamer gemaak (lees: geword) in 'n Afrikaanse vormleer.* Dis al.”¹⁾

Woordeskat en sinsbouw is grotendeels dieselfde, temeer waar die eerste, sedert die meer algemeen skriftelike beoefening van Afrikaans, voortdurend uit Nederlands aangevul word. Maar die vorm, grammatika, taaleie, idioom, „genius of the language” — noem dit wat 'n mens wil — is anders, is *in essensie* verskillend. En hoewel hierdie kenmerkende verskil aan die een kant groot genoeg is om Afrikaans tot 'n afsonderlike taal te stempel, is dit aan die ander kant klein genoeg om die twee taalvorme onderling nog volkome verstaanbaar te maak, al is een daarvan ook feitelik uitheems.

Wanneer die kind dus met *beskaafde* Afrikaans op die skool begin, dan leer hij reeds, kragtens hierdie nouwe verwantskap tussen die twee tale, terselfdertijd Nederlands. En daarbij kom nog die groot voordeel, wat dadelik in die oog moet spring, dat hij begin met 'n *van huis uit* bekende taalvorm, in plaas van 'n *uitheemse*, waardeur hij en taalkundig en opvoedkundig normaal ontwikkel kan word.

Prof. DE VOS erken „dat het tans een hopelose taak is de jeugd van ons volk er toe te brengen, het Nederlands als haar moedertaal te beminnen en aan te leren en vooral te spreken”²⁾ En tog moet die onderwyser maar voortsukkel en sij tijd verkwis aan 'n *hopelose taak*, waar dit plig is om die kind, wat vroeg die skool moet verlaat, tenminste 'n degelike kennis van sij eie taal te verskaf — en *nasionale selfrespek* in te boesem! — in plaas van 'n uiteraard hopeloos gebrekkige kennis van die Nederlandse grammatika, wat hom daarna des te vatbaarder maak vir die invloed van Engels. En als die kind, wat langer op die skool blij, na die vierde leerjaar 'n begin maak met die studie van Hollands, lê dit voor die hand — en reeds die allereerste

¹⁾ Inleiding tot JAN CELLIERS, bls. 6. Kursivering van mij.

²⁾ t. a. p.

resultate bewijs dit!¹⁾ — dat hij met veel meer gemak die Nederlandse vorm sal begriip en selfs geheel meester word, vir sover dit nodig mag wees. Maar dit spreek vanself, dat dit dan oorbodig sal wees om die Afrikaanse kind, tenminste op die laere skool, nog te gaan lastig val en kwel met al die spitsvondighede van die Nederlandse *grammatika*. Omdat Nederlands die hoofbron is waaruit hij sij Afrikaans moet verriik, sal dit voldoende wees als hij Nederlands kan *lees* en *verstaan*, sonder dit noodwendig grammaties te kan praat en skriif. Op sigself kan daar natuurlik nie die minste beswaar teen bestaan nie, dat 'n mens soveel tale als maar moontlik sal leer praat en skriif. Maar met 'n degelike kennis van Afrikaans hoef die kind nie nog daarenbowe 'n grondige kennis van die Nederlandse spraakkuns te besit nie, om met gemak van die Nederlandse letterkunde als sodanig te kan kennis neem. Dit blijk trouwens reeds hieruit, dat die meeste ouere mense geen noemenswaardige grammatikaal onderwijs geniet het nie en tog met gemak Nederlands lees en begriip. Daarom is dit onbegriipelik dat prof. DE VOS kan beweer, dat die kind na 'n vierjarige kursus in Afrikaans geen Hollandse boek of preek sal verstaan nie. Soos LANGENHOVEN dit uitdruk: „Als 'n kind nu met vierde standaardse Afrikaanse onderwijs gewapend, geen Hollandse spreek kan verstaan, dan zal de totaal onbestaandaarde kerkganger die nog minder verstaan.”²⁾

Die literatuur-beswaar is ewe denkbeeldig, want „die Nederlandse letterkunde is gemeenskaplike goed en sal dit ook altijd blij, solang als die twee taalvorme nog onderling verstaanbaar is. MAERLANT behoort ewegoed tot die letterkunde van die Afrikaner, als CAEDMON en CHAUCER tot die van die Engelsman. . . ”³⁾ Buitendien is die meerdere of of mindere *verstaanbaarheid* van Hollands, al volg dit vanself uit 'n grondige kennis van Afrikaans, nie hoofsaak nie, omdat die Afrikaner nie net gedurig moet *hoor* en *lees* nie, maar ook en veral moet *praat* en *skriif*!

Die vooroordele teen Afrikaans als Bijbel- en kerktaal, hoe sterk ook, sou op die duur nie bestand blijk nie teen 'n steeds

¹⁾ Vgl. die jaarrapporte van die Transvaalse skoolinspekteurs, *Die Brandwag* (redaksioneel) April, 1917 en Julie, 1918.

²⁾ *Ons Land*, 1 Aug. 1914.

³⁾ J. J. SMITH: Inleiding tot Leipoldt, bls. XV.

wassende stroom in die kerk self. Want in hierdie jare is dit juis 'n klompie jong theologe, wat 'n leidende aandeel het in die Afrikaanse taalbeweging, en binne twee jaar sou de kerk besef dat dit nutteloos was om nog langer teenstand te bied.

AFRIKAANS IN DIE KERK.

Soos orals elders, was ook in kerkelike kringe die meninge ten aansien van Afrikaans van altyd af verdeel. Dis oorbekend dat die stigter van die eerste Afrikaanse taalbeweging 'n predikant was, terwyl *Die Sewe Duiwels* van „Ou oom Jan” hom dadelik laat ken als 'n ambgenoot van ds. S. J. DU TOIT, van wie hij een van die trouwste medewerkers was.

Bij die aanvang van die nuwe beweging het hierdie verskil van opvatting in nog veel sterker mate als vroeër tot uiting gekom. Hoewel die kerk offisiël heftig teen die beweging gekant was en daar ook geen geheim van gemaak het nie, was daar aan die ander kant 'n goeie klompie predikante, wat dadelik 'n leidende aandeel daarin geneem het. Onder die oprigters van die Kaaplandse A. T. V. was b.v. vier predikante, terwyl na die eerste kongres in 1907 nie minder dan sewe predikante in die hoofbestuur sitting geneem het. 'n Mens hoef maar alleen die name van dr. D. F. MALAN, prof. N. J. BRÜMMER en prof. dr. J. D. DU TOIT (TOTIUS) te noem, om te laat sien dat die nuwe beweging van die begin af die steun gehad het van vooraanstaande kerkmanne.

PRELLER se optree in 1905 het dadelik in kerkelike organe teenstand ontmoet. Die *Transvaalsche Kerkbode* b.v. was van oordeel dat „de Booze met zijn bokspooten weer een mooi spelletje met ons aan den gang heeft”,¹⁾ terwyl *De Vereeniging* pertinent verklaar het: „De Kerk zal *nooit* het Afrikaansch kunnen aannemen”.²⁾

Dis veral belangwekkend om die beskouinge van prof. J. I. MARAIS oor Afrikaans na te gaan, soos die van tijd tot

¹⁾ *Zuid-Afrik. Post*, 31 Aug. 1905.

²⁾ *Zuid-Afrik. Post*, 21 Sept. 1905.

tijd in die *Gereformeerde Maandblad* verskijn het, omdat daaruit duidelik die gestadige evolusie in die konservatief-kerklike opvatting blijk.

In Aug. 1905, verklaar prof. MARAIS onder die opskrif *Spraakverwarring*: „Oefen u in het Hollandsch ten einde onze Zuid-Afrikaansche spreektaal te verheffen en te veredelen”, ’n uitspraak waarmee die A. T. V. dit volkome eens was. Maar iets verder heet dit: „Laten de leiders des volks op taalgebied daarvoor zorgen, dat we zuiver Hollandsch spreken, gelijk onze vadersen dit deden, en niet vervallen in een taal, die in *beschaafde kringen* ¹⁾ niet geduld mag worden,” terwijl naar aanleiding van PRELLER se brosjure die vraag gestel word: „Is dat nu de doodsklok over de uitvaart der Hollandsche taal in Z. Afrika, of zijn ’t huwelijksklokken over den echt tusschen de Afrikaansche maagd en haar „Vereenvoudigden” Nederlandschen echtvriend? Is dat de „Patriot-taal” geijkt — eene taal, die *door beschaafde Afrikaners* ¹⁾ tot hiertoe niet werd erkend? Of hebben we nu hier een nieuwen vorm der taal, een veredeld Afrikaansch, dat zelfs in de beste kringen mag worden toegelaten, zonder de geur van de „kombuis”, of de wanklanken der straat, of de keurige spraakwendingen der keukenmeid? Voorwaar, wij staan andermaal voor Babels toren en de spraakverwarring is voor goed begonnen!”

Bij ’n eenigssins aandagtige lesing van PRELLER se brosjure sou dit prof. M. dadelik geblyk het, dat die doel wat PRELLER op die oog had, presies geformuleer was in sij laaste vraag. Dus nie die taal van die straat, van die outa en aja nie, maar van die beskaafde Afrikaner. ²⁾

Maar dat ’n *beskaafde* Afrikaans vir prof. M. destijds eenvoudig nie denkbaar was nie, en sij vraag dus bloot als ’n retoriese frase bedoel was, moet ’n mens wel opmaak uit die volgende welwillende opmerking aan PRELLER se adres: „De *kombuistaal* die in Pretoria verheerlijkt word, is *niet de taal van den ontwikkelde Afrikaner*”. ³⁾

Uit die voorgaande aanhalinge blyk dat prof. M. geen onderskeid gemaak het nie tussen die taal, sowel van die *Patriot*-manne, als

¹⁾ Kursivering van mij.

²⁾ Vgl. bowe bls. 20.

³⁾ *Geref. Maandbl.*, Sept. 1905. Kursivering van mij.

van PRELLER en sij medestanders, als van die hele Afrikaanse volk,- en die taal van die ... kombuisjong! M. a. w. *Afrikaans*-sprekende mense kon nie „beschaafd” wees nie. Prof. M. kon aan hierdie laaste opmerking nog net toegevoeg het: „De taal, die de ontwikkelde Afrikaner bij voorkeur spreekt, is Engels.” Dan was hij iets nader aan die waarheid, want als dit nie Afrikaans was nie, „Nederlands” was dit seker nie.

In Okt. 1905 skryf prof. M. weer: „Wil men voor 't Engelsch een schoone toekomst bereiden, men spreke niet slechts het plat Afrikaansch, maar verheffe dat dialect tot schrijftaal, tot medium van letterkundige omgang tusschen beschaafde mannen.”

Hoe dikwels is hierdie blote bewering sonder 'n enkele poging tot motivering daarvan, nie met 'n deftige gebaar herhaal geword nie! Die paar jaar geskiedenis sedert 1905 het egter reeds die bewijs gelewer, dat die skone toekoms vir Engels sterk verminder, nou dat ons nasionale selfrespek ons geleer het, dat ons eie taal net so goed en nog beter is. 'n Onderzoek sal aan die lig bring, dat naarmate Afrikaans meer beoefen word, die gebruik van Engels afneem; en dat die Afrikaners wat vandag nog met mekaar Engels praat, of daarin korrespondeer, reeds tot die uitsonderinge behoort.

Sonder behoorlik kennis te neem van wat PRELLER eigenlijk wil, word sij strewe iets verder kortweg gekenskets als *taalverbastering*. In Amerika ijwer die Hollanders vir taalsuiwering. „Hier wil men taalverbastering. Dààr is men trotsch op de letterkunde der vaderen. tracht men zijn eigen letterkunde in *diënzelfden vorm te gieten*.¹⁾ Hier wil men *een dialect — en dat niet in zijn schoonsten vorm*.¹⁾ (was dit opsettelijke miskenning van PRELLER se strewe?) verheffen tot de algemeen erkende taal, zoodat het Nederlandsch ons al vreemder worden zal en waarschijnlijk een vroegtijdigen dood te gemoet zal gaan.”

In Des. 1905 klaag prof. M.: „Helaas! de *oorsprong*, de *voortgang* en de *ontwikkeling* van 't zoogenoemd Afrikaansch zijn niet heel verkwikkend.” Dit naar aanleiding van dr. HESSELING se bekende teorie, wat prof. M. so skijn op te vat alsof Afrikaans nou niks meer met Hollands gemeen het nie, maar met huid en haar uit Maleis-Portugees voortgespruit is!

¹⁾ Kursivering van mij.

. Die *Sewu Duiwels* vind prof. M. „een kostelijk leesboek! Maar waarom niet in het Hollandsch?” ¹⁾ Wonderlik, so ’n vraag van ’n Afrikaner aan ’n Nederlander! Maar sou prof. M. dan gladnie besef het nie, dat die Boeremense van „ou oom JAN” dan *doodgebore* sou gewees het. Want of „onze vaderen” van honderd jaar gelede of meer nou ook al Hoog-Hollands *gepraat* het of nie, die skrywer van die *Sewu Duiwels* het natuur en waarheid gesoek en gewind bij die mense van sij eie tijd. En dis presies wat Nederlandse skrywers van die *Reinaert* af tot vandag toe ook gedaan het, tot selfs die „gevierde” HILDEBRAND toe. Die „copiëerlust des dagelykschen levens”, waaroor POTGIETER ontevrede was, is die nie juis daár die raakste nie, waar HILDEBRAND ook die „taal des dagelykschen levens” in die mond van sij persone gelê het? En is dit nie die rede waarom hulle vandag nog *lewe* nie?

Prof. M. betreur dit, dat bij ’n „reciteer examen” in Kaapstad „Die stewartjies van Sannie” meer in die smaak geval het bij die jongmense, dan „een der heerlijkste zangen uit TEN KATE of een der liefelykste gedichten uit BEETS”. Die *Grappige Stories* en *Gijbert van Graan* „pakken, terwijl de producten van onze meest beminde en gevierde Nederlandsche schryvers geen indruk schijnen te maken”. Die skrywer erken egter dat Afrikaans wel op sij plek is in volksgedigte, want daar bestaat ’n precedent: „BURNS blijft BURNS, en is op zijn plaats” maar hij mag TENNYSON en SCOTT nie verdring nie. Seker ook nie in Skotland nie! En verder „Het Afrikaansch — maar wat is Afrikaansch? — mag evenmin *onze* schrijftaal worden als „broad Scotch” de schrijftaal worden zal van Schotland.” Of die vergelyking ook kan opgaan?

Prof. MARAIS se verwarring het nog toegeneem, want later word die vraag nog ’n paar maal herhaal: „Wat is nu eenmaal Afrikaansch? Wat dekt die ongelukkig-gekozen term?” ²⁾ Totdat iemand so vrindelik was om prof. M. TORIUS se *Bij die Monument* te stuur. Daarmee val dan ook die eerste kentering waar te neem. „Ik moet eerlijk verklaren, dat ik meer vond dan ik verwachtte, en ik begon te droomen van ’n tijd, waarin een echt Zuidafrikaansche BURNS zich zal laten hooren in de taal en spreek-

¹⁾ *Geref. Maandblad*, Sept. 1907.

²⁾ *Geref. Maandbl.*, Des. 1907.

wijze van het volk." *In die Kamp* word geciteer, waarbij prof. M. opmerk: „Wie kan dit met drooge oogen lezen?" En naar aanleiding van *Die howenier was weggegaan*: Is dit niet naar het leven geteekend? TOTIUS geve ons meer!" ¹⁾

In 1914 het prof. M. al 'n gunstiger opinie oor die herkoms van Afrikaans. Naar aanleiding van VAN RIJN se „boekske" ²⁾ betuig hij sij ingenomenheid daarmee, dat die skrywer „op voortreffelijke wijze aantoon, teenover anderen die aan 't Afrikaansch een lagen oorsprong (?) toekennen, en het naar de keuken en de slaven-kwartieren verbannen, dat *de spreektaal* een *zuiver Nederlandsch* is, *natuurlijk eenigszins gewijzigd* naar de omstandigheden des lands." ³⁾ En dan volg daar 'n strafrede teen „al de anglicismen die 't jongere geslacht de taal invoert... 't Is om razend te worden wanneer jonge Afrikaners „*achter* dinner" iets ondernemen, „*achter* iemand kijken," hun vrienden gaan *afzien*, en soms „een *mess* van 'n ding maken," ens. ens.

Prof. M. was hier egter aan die verkeerde adres, waar hij *die skooljeug* daar 'n verwijt van maak dat dit, in VAN RIJN se woorde „z'n Afrikaans met Engels vermengt, en overall met minagting over het *Kitchen-Dutch* gepraat word." Want ten opsigte van hierdie laaste sonde was die professor self 'n hoofskuldige. En wat die tereg gewraakte taalvermenging betref, dit behoef hier geen betoog meer nie dat dit juis die vanself-sprekende gevolg was van daardie selfde minagting vir Afrikaans, wat jare lang deur *ongesonde onderwijstoestande* in die hand gewerk werd.

„Het is juist de tot hiertoe gevolgde averechtse methode van onderwijs, die de Afrikaanse kinderen van 't Nederlands vervreemdt en de Engelse kant opdrijft. Nederlands *kunnen* ze niet spreken, Afrikaans achten ze *niet beschaafd genoeg*, ergo — dan maar zoveel mogelijk Engels! Dat is prettig te spreken en wordt bij de grote massa aangemerkt als 'n teken van geleerdheid. Vandaar bij tal van Afrikaners of het Engels of de boven aangeduide brabbeltaal of, op z'n best, een parodie van 't Nederlands, doorspekt met keurige anglicismen." ⁴⁾

¹⁾ *Geref. Maandbl.*, Febr. 1909.

²⁾ C. J. VAN RIJN: *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands*.

³⁾ *Geref. Maandbl.*, Jan. 1914. Kursivering van mij.

⁴⁾ Vgl. mij brosjure: *De toekomstige volkstaal van Z. A.*, bijvoegsel van *Holl. Zuid-Afrika*, 15 Junie 1917.

In Maart 1914 kom prof. M., naar aanleiding van 'n boek oor Gezelle¹⁾, tot die gevolgtrekking „dat de taal die in Vlaanderen gesproken en geschreven wordt, op vele punten afwijken van de taal, die men bezigt in Holland. *De schrijftaal wortelt in de volkstaal, de taal die leeft op de lippen des volks*”²⁾

So was die professor dan ten slotte, waarskynlik sonder dit self nog te bevroed, aangeland bij... PRELLER; want sterker argument ten gunste van Afrikaans as skryftaal dan die laaste is, gelet op die verhoudinge, nie denkbaar nie. En in Maart 1917 staan prof. M. heeltemaal op Afrikaanse standpunt, waar hij „met innige vreugde en warme belangstelling” die derde druk van KAMP en LE ROUX³⁾ aankondig en o.m. skryf: „Hoewel de samenstellers het waarskynlik niet zullen verstaan, *belijd ik hier volmondig, dat ik de bladzijden gewijd aan Afrikaanse dichters met groot genoegen ontving en las. Dat noem ik „letterkunde*”.⁴⁾ Ten bewijse word aangehaal *Die Ossewa* van CELLIERS.

Dat hierdie volmondige belijdenis egter nog nie 'n hartgrondige bekering beteken het nie, blyk uit wat prof. M. in April 1918 skryf, naar aanleiding van 'n geesdriftige artikel oor Afrikaans uit die pen van ds. G. A. MAEDER in dieselfde nommer van die *Geref. Maandblad*.

Ds. MAEDER maak onderskeid tussen *suiwer Nederlands* (d.i. „het algemeen beschaafd” van Nederland), *Kaaps-Hollands* (d.i. die offisiële Hollandse kansel-, pers- en skooltaal, gewoonlik „Hoog-Hollands” genoem) en *Afrikaans*, die algemene volkstaal. Hoewel Kaaps-Hollands gewoonlik 'n ander benaming was vir Afrikaans, verdien hierdie onderskeiding seker aanbeveling, omdat die in Suid-Afrika gebruikelike vorm van Nederlands lang nie meer aanspraak kan maak op die naam van „zuiver Nederlands” nie. Grammatikaal mag dit nog wel als sodanig geld, maar in wese is dit grotendeels reeds Afrikaans, en daarom 'n tussenvorm tussen Afrikaans en Nederlands.

Die slotsom van ds. MAEDER se betoog kom hierop neer: „'t Is

1) H. S. S. KUYFER: *In het land van Guido Gezelle*.

2) Kursivering van mij.

3) *Uit de Ned. lyriek der laatste 3 eeuwen*.

4) Kursivering van mij.

niet het Nederlands of het goed Kaaps-Hollands, dat gaat winnen; maar „die Afrikaanse taal” in politiek en handel, in koerant en op kantoor, in les en lektuur, op school, kollege en universiteit, ja in de Kerk net zo zeker als in de Staat, in het huisgezin zowel als op de straat. Ik weet dat dit gevoelen zeer aandruist tegen het delikaat en kies gevoel van oudere broeders, die in Holland gestudeerd hebben, en het Nederlands met zijn 1000-jarige lektuur in de grond huns harten beminnen, zoals mijn zeer geachte vriend, vader A. STEYTLER; „but we must face the music, there is no help for it...” Ja, hoe pijnlijk ook voor de welmenenden die blijven staan om zich zelve en hun geliefd zuiver Hollands te rechtvaardigen, gaan de arme tollenaars, die op hun Afrikaanse borst slaan, de toekomst meer gerechtvaardigd dan zij te gemoet.”

Dit was blijkbaar te veel vir prof. M. om in sij eie blad onweersproke te laat. Die gevolg is dat sij vroeër afgelegde belijdenis feitelik herroep word. Nog in 'n vorige nommer ¹⁾ verklaar prof. M. in 'n aankondiging van *Dichters uit Zuid-Afrika*: „CELLIERS is een meester in de kunst, ²⁾ en LANGENHOVEN staat niet ver achter met TOTIUS en de anderen.” Maar hier heet dit: „Het Afrikaansch moet *op hooger peil* ²⁾ komen te staan, eer het als kultuurtaal bij ons algemeen burgerrecht zal verkrijgen.” Hoe moet 'n mens dit met mekaar rijm? „Dat er een begin gemaakt is met een echt Afrikaansche letterkunde stem ik gereedelijk toe. 't Is echter een *klein* begin. Buiten de verzen van TOTIUS, CELLIERS, MALHERBE en enkele anderen, is er niet veel dat men onder letterkunde zou kunnen rekenen. Een Zuid-Afrikaansche Burns moet nog geboren worden.”

Watter letterkunde het ooit *groot* begin en *waarom* is die van ons nog so klein? Is ons Burns nie misskien lank al dood nie, omdat sij talent deur minagting en vooroordeel in die kiem versmoor werd? Prof. M. het dit veral op Jong-Suidafrika gemunt: „De taal die men soms van de lippen onzer jongemenschen hoort is alles behalve stichtelik of welluidend... Bij Jong Zuid-Afrika moet 't taalgevoel worden gewekt en aangekweekt. Het platte, stuitende, onsierlijke, vulgaire moet uit de taal geweerd worden.” Die professor is hier alweer aan die verkeerde adres. Hoe kan

¹⁾ *Geref. Maandbl.*, Maart 1918.

²⁾ Kursivering van mij.

die *taal* als sodanig aansprakelik gestel word vir die ondeugde van die *sprekers* daarvan? Omdat 'n mens in Engels, Duits, Frans of Hollands net so wel onstigtelike dinge hoor, moet die *tale* daarom „op hoger peil” gebreng word of die mense? En hoe sal Jong-Suidafrika beter leer praat als hulle nie inderdaad *geleer* word hoe om dit te doen, als hulle eie taal nie die voorwerp word van ernstige studie op die skool, als smaak en gevoel vir hulle eie letterkunde, als nasionale selfrespek nie bij hulle aangekweek word nie?

„Zijn wij wel rijp voor taalverandering”, vraag prof. M. Moet dit sover gaan „dat alle grammaticale vormen moeten verdwijnen? Is het in het belang van onze jeugd, dat zij met afkeer wordt vervuld tegen alle grammatica, en alzoo taalgevoel verliest?”

'n Baje belangrijker vraag sou wees: Is dit in die belang van ons jeug dat hulle met liefde vervul word vir die taal van hulle moeders en hulle volk, en so gered word van nasionale ondergang?

Volgens prof. M. het Afrikaans dus geen grammatika nie!¹⁾ En daarom moet ons onderwysers maar op die ou sukkelspoor voortploeter om Afrikaans-*sprekende* kinders die „grammaticale vormen” van 'n ander volk se taal in te prent, en aanhou om hulle willens en wetens te besondig aan een van die allerelementairste beginsels van opvoedkunde!

Ten spijte van dit alles egter, om prof. M. se woorde in verband met die Noorweegse volkstaal te besig: „Het laatste woord in alle zaken van dezen aard wordt dan ook niet door regeeringen, maar door het volk als zoodanig gesproken”.²⁾ So gaat ook in Suid-Afrika die nasionale evolusie stadig maar seker sij gang, wat ten slotte selfs uit prof. M. se eie blad blijk. Want blijkens 'n aankondiging in die Junie nommer, 1918, is die *Geref. Maandblad* in die hande van 'n nuwe redaksie oorgegaan, waaronder die name van verskillende oortuigde voorstanders van Afrikaans voorkom, en sal voortaan ook aan Afrikaans toegang tot die blad verleen word.

Dat prof. M. sig van hierdie evolusie bewus is, blijk uit sij

¹⁾ Vgl. in hierdie verband dr. T. H. LE ROUX: *Heeft het Afrikaans een spraakkunst?* (Het Westen Drukkerij).

²⁾ *Geref. Maandbl.*, Febr. 1914.

laaste woord als verantwoordelike redakteur: „De *kleur* van 't blad, die *richting* van 't blad, het *doel* van 't blad blijven wat ze zijn: mogelijk zal de *vorm* later eene verandering ondergaan. Ook hier zal de regel gelden: *In den vorm van dezen tijd*” ¹⁾

Ondertussen was Afrikaans reeds deur die Vrijstaatse en Transvaalse Sinodes als offisiële taal van die kerk, naas Hollands, erken. Die Geref. Kerk was hierin voorgegaan. Nog voor die reeds vermelde Stellenbosse kongresbesluite was op 'n algemene vergadering van die Geref. Kerk op Potchefstroom in beginsel tot die oorsetting in Afrikaans van die Belijdenisskrifte en die Bijbel besluit, terwyl verskillende predikante ook in Afrikaans begin preek het.

Tekenend vir die toenemende Afrikaans-gesinde stroming in kerkelike kringe, veral sedert 1914, is die feit dat die volgende beskrywingspunt — „De Synode spreke hare afkeuring uit over het gebruiken van Afrikaansch als officiële taal van onze Kerk en het vertalen van den Bijbel in het Afrikaansch” — in 1915 ingedien deur die Kerkeraad van Kaapstad, nie op die Sinode ter sprake gekom het nie. Die opposisie onder die jongere lede het so sterk geblyk, dat die moderatuur 'n bespreking van die saak waarskynlik nie raadsaam geag het nie.

Die volgende is die teks van die besluit op 25 Mei 1916 deur die Vrijstaatse Sinode aangeneem met vier teenstemme:

„De Synode erkent het Afrikaans als officiële taalvorm op de kansel en elders, naast Nederlands. De Synode besluit tot het vertalen van de Bijbel in het Afrikaans en nodigt daartoe uit de samenwerking van de Gefedereerde Kerken en andere Hollandse Kerken in Zuid-Afrika. Zij draagt dit werk op aan 'n speciale kommissie, die in onderhandeling zal treden met de Synodale Kommissies van gemelde kerken, ten einde de kundigste en bekwaamste mannen daartoe te erlangen.” ²⁾

Ongeveer terselfdertijd was die saak ook onder bespreking in die Transvaalse Sinode van die Verenigde Kerk. Hoewel die teenstand daar sterker was, werd na 'n lange diskussie met 52

¹⁾ Geref. Maandbl., Junie 1918.

²⁾ De Huisgenoot, Junie 1916.

teen 31 stemme besluit: „dat de tijd gekomen is om Afrikaans als officiële taal van onze Kerk te erkennen, en de zaak worde verwezen naar de Raad der Gefedereerde Kerken”.¹⁾

Een skrywer wat in *De Kerkbode* mededeling doen van hierdie besluit, sê o.m.: „De discussie lijdt niet aan doodsheid! De voorstanders van de zoetklinkende Afrikaansche taal zijn niet weinigen. Eigenaardig bijna, is het om predikanten te hooren spreken in het Afrikaansch, die anders goed Hollandsch gebruiken. Maar, zooals een hunner zoo pas heeft aangemerkt, degenen die het best Hollandsch kennen, spreken ook het sierlijkste Afrikaansch. Eigenaardig is het ook dat vele ouderlingen, die toch in de verste verte niet kunnen beweren dat zij Hoog-Hollandsch kennen, ten zeerste gekant zijn tegen het gebruik van Afrikaansch! Onlangs bij een bruilofts gelegenheid sprak een broeder ouderling van „den hand van het bruid”, en dacht waarschijnlijk dat hij „Hoog-Hollandsch” sprak. De leeraar zeide toen: Deze broeder heeft nu in Hoog-Hollandsch gesproken — nu zal ik maar een paar woorden in Afrikaansch zeggen!”²⁾

Bowegenoemde besluite is ten slotte, so nie definitief bekrachtig nie, ten minste ondersteun geword deur die „Raad der Kerken” in Maart 1917. Daar was verskillende voorstelle oor Afrikaans ingekom en hoewel „men de keel schoonmaakte, tot tegenspraak toen dit beschrijvingspunt aan de orde kwam” — soos die verslaggewer dit uitdruk — is die voorstelle ten slotte verenig en in die volgende vorm deur die vergadering met één teenstem aangeneem:

„Deze vergadering is van oëvertuiging, dat Nederlandsch nooit de spreektaal van ons volk worden zal, maar dat gelijk Afrikaansch sedert jarén het middel tot gemeenschap onderling onder ons volk geweest is, het dat blijven en al meer worden zal; en dat gelijk het gebruik daarvan in de hoogste raadszalen van ons land meer regel dan uitzondering geworden is, dat ook uiteindelyk het geval zal zijn op de kansels van onze Kerk; en dat alles, omdat er levenskracht in het Afrikaansch is, welke aan alle verachting en verontachtzaming met wonderlyk success het hoofd heeft weten te bieden, en ook omdat in het Afrikaansch alleen bij velen de volksziel

¹⁾ *De Volkstem*, 30 Mei 1916.

²⁾ *De Kerkbode*, 15 Junie 1916.

zich uit. Deze vergadering acht echter onder de tegenwoordige hachelijke toestanden, de tijd niet rijp thans bij de andere Synoden der, Gefedereerde Kerken erop aan te dringen Afrikaansch ook als hare officieele taal te erkennen.”¹⁾

Hoewel hierdie Raad geen wetgewende mag besit nie, maar alleen adviserend optree, „heeft men daarin meer dan in eenig ander lichaam de uitspraak van het vereenigd gevoelen van onze Kerk in Zuid-Afrika,” omdat daarin sitting het die lede van die Moderature van die vier Gefedereerde Kerke en die vernaamste lede van die Sinodes. Dis dus te verwag dat in die naaste toekoms die Sinodes van Kaapland en Natal die voorbeeld van die noordelike provinsies sal volg, waar ook reeds die Sinode van die Hervormde Kerk in Transvaal sig daarbij aangesluit het.

Ingevolge die Sinodale besluit van die Vrijstaatse kerk, is daar reeds 'n aanvang gemaak met die Bijbelvertaling. Die kollege van vertalers is saamgestel uit prof. dr. J. D. DU TOIT en prof. dr. F. POSTMA (Transvaal), dr. T. B. MULLER²⁾ en ds. N. J. VAN DER MERWE (Vrijstaat), dr. B. B. KEET en ds. G. B. A. GERDENER (Kaapland), met dr. D. F. MALHERBE, dr. T. H. LE ROUX en prof. J. J. SMITH als taaladviseurs, en verder 'n aantal reviseurs. Nadat 'n 100 tal proewe van vertaling uit die Oue en Nuwe Testament ter beoordeling aan bevoegde persone voorgelê was, is die vertaal-kollege tot ooreenstemming gekom betreffende sij verdere werksaamhede en hoop om die vertaling in 'n jaar of drie klaar te krij. Die Britse en Buitenlandse Bijbelgenootskap het die uitgawe van die Afrikaanse Bijbel op sig geneem.

Dat hierdie Bijbelvertaling nog lang nie algemeen bijval vind nie, spreek vanself. Dit kan ook nouweliks verwag word en daar sal ongetwyfeld nog baje penne oor hierdie saak in beweging kom. Bij voorbaat word al reeds stemming daarteen gemaak. So skryf 'n emeritus-predikant in *Ons Land* (8 Okt. 1918): „En wat zal ik toch zeggen van onze dierbare Bijbel met zijn Statenvertaling? Verruild voor een Bijbel in het Afrikaans overgezet? . . . Ik lees dat de vertalers besloten hebben om de Bijbel te

¹⁾ *De Kerkbode*, 29 Maart 1917.

²⁾ Hierdie veelbelowende jong Afrikaner is op 26 Okt. 1918, tijdens die griep-epidemie oorlede.

vertalen door *een oversetting van onze Statenbijbel met raadpleging evenwel van het oorspronkelijke!* Dus zullen wij niet alleen hebben een Schriftverklaring, maar ook een *Schriftverbetering!* Ik heb een afkeer van de „hogere kritiek,” want ik heb er genoeg van gehad in de strijd tegen het Liberalisme en het Modernisme en ik vrees voor de vertaling! De Heer verhoede toch de verdere voortgang van de Afrikaanse taalbeweging...”

Dis merkwaardig dat dieselfde Statenvertaling op sij beurt indertijd ook teenstand ondervind het. „De invoering van iets nieuws op kerkelijk gebied heeft in ons goede land altijd groote moeilijkheden ondervonden... *Zelfs de invoering van den Staten-Bijbel was aan bezwaren onderhevig!* De predikanten kregen bevel deze vertaling „zoetelijk” in te voeren”¹⁾

Hoe weinig grond daar bestaan vir die teoretiese besware teen 'n Afrikaanse Bijbel, selfs bij sulke oortuigde Afrikaans-voorstanders als LANGENHOVEN, blyk uit die gretigheid waarmee van ds. W. J. CONRADIE se *Bijbelgeskiedenis vir ons volk* gebruik gemaak word. Op aansporing van *Die Brandwag*-redaksie geskrywe en in 1912 uitgegee deur „De Rustica Pers,” Wijnberg, sal daar binnekort 'n derde druk van nodig wees.

In 'n „Woord Vooraf” sê die skrywer o.m.: „Vijfentwintig jaar gelede het ik al die noodzakelijkheid ingesien van 'n Bijbelgeskiedenis in die taal van ons volk, — 'n boek wat ons jongmense gemaklik sal kan lees, al het hulle maar min skool gegaan. Hoe meer ondervinding ik in die loop van tyd opgedaan het, des te sterker het ik naar so'n boek verlang.” En dat die skrywer veral aan die kinders van sij volk 'n groot diens bewijs het, blyk uit menige getuienis. So skryf ds. MEIRING: „Ik heb enige dagen lang nu bij huisgodsdienst daaruit tot mijn kinderen gelezen, en heb bevonden dat het boek uitnemend geschikt is om de aandacht der heel kleintjes te wekken en te houden. Meer dan eens, als ik het boek dicht deed, gebeurde het dat de kleintjes bij mij aandrongen om nog te lezen...” En tog laat ds. M. daarop volg: „Doch omtrent het gebruik van het Afrikaans als schrijftaal, heb ik nog geen licht. Tegen de beweging kan ik mij niet verklaren, maar daarvoor ook niet...”²⁾

1) Dr. H. H. BARGER: *Ons Kerkboek* (1907), bls. 21. Kursivering van mij.

2) *Die Brandwag*, Aug. 1912. Oorgeneem uit *De Kerkbode*.

Als proewe van ds. CONRADIE se bewerking kan 'n fragment uit Gen. 27 dien:

„ISAAC was al ver oor die honderd jaar, en kon van ouderdom nie meer sien. Hij roep toe eendag sijn oudste seun, en sê: ESAU, mijn kind, kijk ik word oud; ik weet die dag van mijn dood nie; neem nou jou gereedskap, jou pijlkoker en jou boog en gaan vir mij 'n stuk wild skiet. Maak dan 'n smakelike stukkje vir mij klaar, dat ik kan eet, en vir jou 'n hartelike seën gee, voor dat ik sterf.

REBEKKA het die gesprek afgeluister, en so gou als ESAU weg was, alles aan JACOB vertel. Sij sê toe aan JACOB: Kijk hier mijn kind, luister nou mooi en doen wat moeder jou sê. Gaan naar die vee en breng twee van die beste jong bokkies. dan sal ik smakelike spijse vir jou vader maak, so's hij graag eet. Dan moet jij dit vir jou vader gaan gee, sodat jij die seën kan krij.

Maar moeder, sê JACOB, ESAU is een harige man en ik is glad. Als vader aan mij voel, dan is dit klaar met mij, want dit sal lijk of ik die spot met hem drijwe, en so kan ik 'n vloek op mij haal in plaas van 'n seën.

Maar REBEKKA sê: Mijn liewe kind, die vloek kan maar op mij kom. Luister maar en doen wat ik wil hê. JACOB maak toe so. Toen die kos klaar was, het sij 'n mooi pak klere van ESAU uitgehaal, en vir JACOB aangetrek, en die bokvelletjies het sij netjies om sijn hals en oor sijn hande getrek. Toe stap JACOB in met die lekker kos en roep: Mijn vader!...”¹⁾

AFRIKAANS IN DIE SKOOLWÊRELD.

Omdat die Afrikaanse taalbeweging sig aanvankelik weinig met die skool bemoei het, en Afrikaans eers sedert die Provinsiale Raadsbesluite van 1914 'n aktuële skoolvraagstuk geword het, datterken die belangstelling daarvoor in offisiële onderwyskringe eers uit later tijd. Tog was die kwessie ook vroeër af en toe ter sprake in vaktijdskrifte en op onderwyskongresse; en hoe Afrikaans langsamerhand ook tot die skoolwêreld deurgedring het, kan die beste waargeneem word in die offisiële organe van die Hollands-Afrikaanse onderwysersvereniginge in Kaapland, Vrijstaat en Transvaal.

¹⁾ t. a. p., bls. 45. Hierdie citaat is uit die eerste druk.

K a a p l a n d.

Soos reeds vermeld, was die redaksie van *De Unie*, orgaan van die Z. A. O. U.¹⁾, die beweging nie gunstig gesind nie.²⁾ Op die tweede Z. A. O. U. kongres in Des. 1906, wêd die vraag gestel: „Welke houding moet de Z. A. O. U. aannemen ten opzichte van de Afrikaanse taalbeweging?” Uit die bespreking het al dadelik geblyk dat onder die geledere van die Z. A. O. U. 'n sterke antipathie bestaan het teen die beweging. „Men vergete niet dat Afrikaans, hoe goed en mooi ook, geen „kultuurtaal” is, en dat de strijd van Afrikaans tegen Engels een Leonidas-tegenstand is! Eens zal waarschijnlijk de tijd komen, na 50, of 100 of misschien 200 jaar, dat Afrikaans een „kultuurtaal” wordt, doch als het tot die tijd alleen moet staan in zijn strijd tegen de machtige Engelse taal, dan zal het reeds lang te voren uitgestreden en gedood zijn!”³⁾

Die verste wat die kongres dan ook kon meegaan met die beweging was om de A. T. V. bij monde van die voorsitter, dr. VILJOEN, van sij steun te verseker „voor zover deze de spreektaal wenst te veredelen.” Die kongres was dus blykbaar van oordeel dat daar nog 'n ander soort taal moet bestaan het als die *spreektaal*!⁴⁾

Daarmee was Afrikaans voorlopig aan die sorg van die A. T. V. toevertrou, tot dat dit op die negende kongres van die Z. A. O. U. in Des. 1913, weer ter sprake gekom het naar aanleiding van 'n referaat in Afrikaans deur H. J. J. VAN DER WALT (Steynsburg) oor die vraag: „Voorsien ons onderwysstelsel in die behoeftes van land en volk?” Met nadruk het die spreker gewijs op die inkonsekwensie om jaarin en jaaruit te ijwer vir die *moedertaal*-beginsel op die skool, en tog met alle mag te blij vasklem aan... Hollands!

Nog op 'n vorige kongres in Des. 1911, was deur dr. G. G. CILLIE 'n voorstel bepleit om die dubbele medium (Engels naas Hollands) nie vòòr die sesde leerjaar in te voer nie. Die spreker

1) *Zuid-Afrikaanse Onderwijzersunie*.

2) Vgl. bls. 29.

3) Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN op genoemde kongres, *De Unie*, Jan., 1907, bls. 236.

4) Vgl. bowe bls. 37.

het hom daarby beroep op die uitsprake van die Imperiale Opvoedingskonferensie van Londen (1911), met name op OWEN EDWARDS van Wallis, „die met nadruk erop gewezen had, dat 'n kind in Wallis, dat door zijn moedertaal („Welsh”) onderwijs ontvangende had, later beter Engels sprak, dan een kind dat onmiddellik met Engels als medium begonnen was.”¹⁾ „En als opvoedkundige” — aldus dr. CILLIE — „protesteer ik ten enenmale teen die aanleer van een tweede taal vóór men die moedertaal — pardon: huistaal! — behoorlik kent.”²⁾

Die logiese gevolgtrekking uit dit alles — die *Afrikaanse* huistaal as taal en voertaal dwars deur die skool, en Hollands naas Engels alleen as vaktaal! — het vlak voor die hand gelê. Maar hierdie *huis-* en *moedertaal* pleidooi was ten gunste van... Hollands!³⁾

Op bogenoemde kongres (1913) was, naar aanleiding van genoemde referaat, die volgende voorstel ingedien: „Betreffende moedertaalonderwijs op onze scholen meent dit kongres dat in gevallen van Hollands als „moedertaal” verstaan moet worden die gewone spreektaal-vorm van onze taal,” — maar verworpe deur... Afrikaanse onderwysers! Die verste wat die mense eindelik, na ernstige beraadslaging, kon kom was om te verklaar „dat by het aanvankelik onderwys van afrikaanse kindere die afrikaanse vorm van het Hollands dient gebruik te worden, en dat die Hollandse vorm geleidelik moet worden ingevoerd”⁴⁾

Dit was ten minste 'n offisiële bekragtiging van wat, uit die aard van die saak self, seker lang reeds by die aanvangsonderwys van toepassing gewees het, vir sover die nie Engels was nie. Die Provinsiale Rade moes egter eers deur wetgewing die aandag van ons onderwysers by 'n konsekwente toepassing van die moedertaal-beginsel bepaal.

De Unie was dan ook gladnie in sijn skik met die LANGENHOVEN-besluit nie. „Hier ligt een slang in het gras, en hier liggen moeite en verdriet. En van die dingen hebben wij meesters toch al meer dan genoeg” — skryf „De Optimist” op tamelik pessimistiese

¹⁾ *De Unie*, Febr. 1912, bls. 233.

²⁾ *De Unie*, Febr. 1912, bls. 231.

³⁾ Skrywer hiervan het destijds dr. C. se voorstel gesekondeer en sijn sienswijse gedeel.

⁴⁾ *De Unie*, Jan. 1914, bls. 215.

toon naar aanleiding daarvan.¹⁾ En tog is dit merkwaardig dat *De Unie* bij die bespreking van nuwe Hollandse leesboeke vir die skool, voortdurend daarop gehamer het, en ook volkome tereg, dat sulke boeke „in Afrikaanse geest” geskrywe moes wees om aan hulle doel te kan beantwoord. Maar niettemin moes die onmoontlike dualisme van ’n *Afrikaanse gees* in ’n *Hollandse liggaam* gehandhaaf blij. Geen wonder dat die resultaat die Afrikaanse taalgevoel ewe min kon bevredig als die Hollandse, omdat so’n lewensgevaarlike operasie in die meeste gevalle die dodelike vermindering van beide Afrikaanse gees en Hollandse liggaam tengevolge moes hê.

Die Z. A. O. U. het sig voorlopig nie baje oor die raadsbesluit in sake Afrikaans bekommer nie. Op die volgende kongres in 1915 was die saak selfs nie eens ter sprake nie. Maar op die duur was so ’n Gallio-houding nie vol te hou nie, en op die kongres van 1916 werd die saak dan ook eindelijk met erns aangepak in ’n referaat oor „Afrikaans als voertaal op onze scholen” deur S. G. JOUBERT (Tulbagh). Die veelbesproke „Taalordonansie van 1912”, waarin bepaal was dat „de voertaal bij het onderricht van ieder leerling in alle standaarden van een openbare school tot en met de 4^{de} standaard, is de *huistaal* van de leerling,” werd vir die eerste maal konsekwent opgevat in die sin dat *Afrikaans* in plaas van Hollands behoort gebruik te word — *reeds sedert 1912 volgens daardie ordonansie moes gebruik geword het!* — en nie alleen tot die vierde leerjaar nie, maar dwarsdeur skool en universiteit; of soos die voorsitter dit uitgedruk het: „elk kind onderwezen van z’n A. B. tot z’n B. A. door ’t medium der media — de taal die z’n moeder spreekt!”

Die volgende voorstel werd eenparig aangeneem: „Het kongres heeft met genoegen vernomen dat er reeds wetgeving ingebracht is geworden voor wat betreft de Afrikaanse taal op de scholen en verzoekt het bestuur bij de autoriteiten erop aan te dringen, de Afrikaanse taal ook na Std. IV op de scholen en bij de universiteit als spreek- en schrijftaal (vak en medium) toe te laten.”²⁾

Eindelik is op die jongste kongres (Des. 1917) met 5 teenstemme

¹⁾ *De Unie*, Junie 1914, bls. 385.

²⁾ *De Unie*, Aug. 1916, bls. 489.

Afrikaans naas Hollands tot offisiële taal van die Z. A. O. U. verklaar. Een van die laaste besware was nog dat die Z. A. O. U. opgerig was om die belange van die „Hollandse taal” te behartig, en „wanneer onderwysers het kind Hollands moeten leeren, doch die taal zelf niet gebruiken, handelen zij vals.”¹⁾ LANGENHOVEN was bij hierdie debat aanwesig en het die teenstanders versoek om konsekwent te handel, en dus ook in hulle huisgesinne Hoog-Hollands te praat; want als Afrikaans vir die kongres vernederend was, dan moes dit sulks ook vir die huisgesin wees.

Op voorstel van dr. CILLIE werd verder eenparig besluit om bij die Administrasie aan te dring op uitbreiding van die raadsbesluit van 1914, ten einde Afrikaans „als taal en voertaal op de lagere school” ingevoer te krij. Veral die houding van dr. CILLIE, aanvankelik een van die heftigste teenstanders van Afrikaans, is tekenend vir die gewijsigde opvattinge wat gaandeweg in onderwyskringe deurgedring het.

Dit word egter meer dan tijd om op te hou met resolusies passeer, en die hand aan die ploeg te slaan, soos reeds sedert begin 1917 in die noordelike provinsies gedaan word.

Transvaal.

Daar is reeds op gewijs dat *De Unie* en *Het Kristelik Schoolblad*, orgaan van die Transvaalse onderwysers, dit roerend met mekaar eens was ten opsigte van die „vermetele onbesuisdheid”²⁾ van die Afrikaans-skryftalers. Waarom Afrikaans dan ook eers op die 15^{de} jaarvergadering (April 1912) van die V. V. O. O. Z. A.³⁾ offisieel te sprake gekom het, en wel op ’n enigssins vreemde wijze. Deur die afd. Lichtenburg was ’n voorstel ingedien ten effekte, dat die tijd gekom was om ’n kommisie te benoem ten einde „de Afrikaanse taal te herzien en zò te verbeteren wat taal en spelling betreft, dat de Afrikaanse taal de Hollandse taal op onze scholen zo spoedig mogelijk als medium van onderwijs vervange.”⁴⁾

1) P. J. DU PRÉ LE ROUX (De Paarl) op genoemde kongres, *De Unie*, Jan. 1918, bls. 176.

2) Vgl. bowe bls. 29.

3) *Vereniging van onderwysers en onderwyseressen in Zuid-Afrika*, ’n enigssins onjuiste naam vir ’n vereniging van *Transvaalse* onderwysers.

4) *Het Kristelik Schoolblad*, Mei 1912.

„Lichtenburg wierp 'n klein bommetje in de vergadering” — skryf 'n korrespondent — „met z'n beschrijvingspunt om 't Afrikaanse medium op onze scholen in te voeren. Gelukkig wist de voorzitter met de hulp van prof. LE ROUX, de schade door de ontploffing aangericht, tot 'n minimum te beperken. We hopen, dat de Lichtenburg broeders zijn heengegaan met de oortuiging, dat de tyd nog niet ryp is hun wense in vervulling te doen treden...”¹⁾

Die voorsitter het daarop gewijs dat die voorstel in daardie vorm nie bespreek kon word nie, omdat 'n taal als sodanig nie vir hersiening of verbetering vatbaar was nie. Lichtenburg het egter voet by stuk gehou, en na 'n warme diskussie moes die vergadering verdaag word. Bij nadere oortewing het Lichtenburg sij voorstel toe als volg gewijsig, waarop dit unaniem aangeneem is: „Deze vergadering is van oordeel, dat die tyd gekomen is om Afrikaans in onze scholen als medium van onderwys in de aanvangsklassen toe te laten.”

Gewoonlik werd, na afloop van die jaarvergaderinge, alle besluite ter kennis van die Direkteur van onderwys gebring. Sij antwoord op hierdie besluit was: „Door de onderwyswet van 1907 wordt de *moedertaal* voorgeschreven als medium van onderwys in stds. tot en met die 3^{de}, en door die Taalordonnantie van 1911 wordt die *huistaal* als medium van onderwys voorgeschreven in stds. tot en met die 4^{de}. *Het besluit schijnt dus onnodig*”²⁾

Dit was 'n sakelike antwoord en 'n kopskoot vir die Transvaalse onderwysers! En dis seker merkwaardig dat 'n *Engelsman* ons Afrikaanse meesters moes kom beduie wat die moedertaal en huistaal van hulle kinders was. Alsof hij wou sê: als Afrikaans nie die moedertaal is van die Afrikaanse kind nie, wat is dit dan? Maar die merkwaardigste is, dat die Transvaalse meesters hierdie teregwijsing blykbaar nie verstaan het nie, want op die volgende jaarvergadering (1913) het die afd. Ventersdorp weer dieselfde voorstel ingedien als Lichtenburg. Na enige diskussie het die voorsitter die besluit van die vorige jaar voorgelees met die antwoord van die Direkteur daarop, en ... „daar de

¹⁾ *Krist. Schoolbl.*, Junie 1912.

²⁾ *Krist. Schoolbl.*, Aug. 1912. Kursivering van mij.

inleider nu tevreden is, wordt van de zaak afgestapt!"¹⁾

Hierdie bedroewende klugspel van Afrikaanse pedagoge is geen ongewone verskijsel in ons land nie. Daar word baie kongresse gehou en telkens breed en lang oor onderwijssake geredeneer, en eenstemmige resolusies gepasseer, maar als dit op die praktijk aankom, dan sit die een vir die ander en kijk. Al van 1907 af het die Transvalers volgens wet die reg gehad om Afrikaans op die skool te gebruik, en PRELLER het indirek sij uiterste bes gedaan om hulle daarop attent te maak, en tog kom hulle soveel jaar later nog vra of hulle dit mag doen! En dis te begryp, dat 'n Engelse direkteur van onderwijs hom nie van sij kant sou gaan warm maak vir 'n saak, waaroor die Afrikaners dit nie self met mekaar eens was nie.

Dit lijk of die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria, getrouw aan sij politiek om buite skoolsake te blij, dit niet nodig geag het om die onderwysers op hulle inkonsekwensie te wijs nie. En so het hulle op die direkteur gewag en die direkteur op hulle, totdat die Provinsiale Raad in 1914 eindelik die knoop deur-gehak het.

Die drie Raadsbesluite in sake Afrikaans staan in die Aug.-nommer (1914) van *Het Kristelik Schoolblad* afgedruk, sonder kommentaar! En wat nog opmerkeliker is, op die jaarvergadering van 1915 werd met geen enkele woord melding gemaak van die brandende kwessie, waardeur die hele Afrikaanse pers in beroering gebreng was, — nie in die jaarverslag van die sekretaris nie en nog minder in die openingsrede van dr. HOOGENHOUT, een van PRELLER se warmste medestanders en mede-oprigter van die Afrikaanse Taalgenootskap.²⁾ Ewemin was dit die geval op die jaarvergadering van 1916, wat des te opmerkeliker is, omdat verskillende Provinsiale Raadslede bij die geleentheid teenwoordig was en VAN VEYEREN die vergadering toegesprek het o.a. oor die taalkwessie. Alleen word vermeld dat die volgende voorstel van MARICO aangeneem werd, met weglating van die laaste deel daarvan: „Deze afd. vraagt het Kongres om de beste middelen aan te wenden om Afrikaans als vak zo spoedig mogelijk in

¹⁾ *Krist. Schoolbl.*, April 1913.

²⁾ Daar kom ten minste in die offisiële verslae in *Het Kristelik Schoolblad* niks daarvan voor nie.

onze skole in te voer, alook die Synoden van die verskillende kerke hieroor te naderen.”¹⁾

Die kongres het dus alleen van die vraag kennis geneem, sonder om verder oor die beraming van die middele te beraadslaag. Dit alles is *merkwaardig*, gesien dat op dieselfde moment ’n Vrijstaatse onderwyserskongres in vuur en vlam was oor Afrikaans en moedertaal-onderwys in kristelik-nasionale gees!

In plaas van hulle aandag te wij aan ’n lang verwaarloosde lewensbeginsel vir die tog reeds so lang bestiefmoederde Afrikaanse kind, het ’n vergadering van *Transvaalse* meesters geduldig sit en luister na ’n redevoering van die Direkteur van Onderwys oor... die oorlog! Waarin hulle op die hart gedruk werd van hulle „plicht zowel als voorrecht” gebruik te maak om „bij elke gelegenheid een positieve en bepaalde verklaring te geven van de *rechtvaardigheid* van de zaak, waarvoor wij vechten... Gode zij dank, wij kunnen dit doen *zonder blozen*. (Het die herinnering aan die Boere-oorlog hier deurgeskemer?) Het is, ik herhaal, nodig dat elke jongen en elk meisje op de banken van onze skole weten, dat het Grote Rijk, waartoe wij *de eer* hebben te behoren, *nooit met een schooner geweten* in het veld gegaan is... Door verhalen van de dapperheid onzer soldaten moeten de (Transvaalse) kinderen tot *trots en enthousiasme* voor de zaak van de geallieerden opgewekt worden. Zij moeten gevoelen, dat de zaak *hun eigen zaak* is, en dat zij *niets beters kunnen doen* dan iets op te offeren, *hun leven* zo nodig, *voor het Rijk, dat een waarborg van vrijheid is.*”²⁾

Een les in oorlogspedagogiek! Die verslag maak nie melding daarvan hoe hierdie rede aangehoor werd nie. Maar indien ooit, dan was hier die Bijbelwoord van toepassing: „Ik zeg ulieden, dat, zo deze zwijgen, de (graf)stenen haast roepen zullen?”³⁾

Die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria het ten slotte die saak aangepak en ’n deputasie afgevaardig na die Administrateur en Uitvoerende Komitee van Transvaal, om ’n bietjie te gaan gesels oor die uitvoering van die besluit-1914. Die gevolg hiervan was ’n nuwe besluit-1916: „Dat in alle lagere skole

¹⁾ *Krist. Skoolbl.*, Mei 1916.

²⁾ *Het Krist. Skoolbl.*, April 1916, bls. 5. Kursivering van mij.

³⁾ Lukas 19 : 40.

van de Transvaal-Provinsie waar Afrikaans als voertaal ingevoerd is¹⁾ (behalve waar schoolkommissies de voorkeur geven aan Hollands) Afrikaans ook als Taal moet onderwezen worden, met dien verstande dat deze bepaling in werking zal treden:

- (1) voor standaard I in Januarie, 1917;
- (2) voor elk van de volgende standaards in klimmende reeks een jaar later, zodat die bepaling voor al de zes standaards van kracht zal zijn in 1922.²⁾

En so is daar dan eindelijk 'n *begin* gemaak met Afrikaans. En blykens die rapporte van die Transvaalse inspekteurs het die nuwe maatreël „reeds 'n seer heilsame uitwerking” gehad.³⁾

Dat Afrikaans sedert ook 'n kongres-onderwerp geword het, blyk uit die volgende: „Deze Algemene Vergadering (van Transvaalse onderwysers, 1917) draagt het Hoofdbestuur op om 'n Kommissie van Advies te benoemen in sake 't Afrikaans als medium van Onderwys en Eksamen. Deze kommissie plege overleg met de Z.-A. Akademie en 't Afrikaanse Taalgenootskap, doe aanbevelingen bij de autoriteiten en rapportere over haar werkzaamheden op 't e.k. Kongres.”⁴⁾

Die Vrijstaat.

In teenstelling met die ander provinsies slaan die Vrijstaatse onderwysers 'n veel gunstiger figuur ten opsigte van Afrikaans. Dit blyk al dadelik uit *Het Schoolblad* — *The Teacher*, die orgaan van die O. V. S. O. V.⁵⁾ Omdat hierdie vereniging bestaan uit Afrikaans-sprekende sowel als Engels-sprekende onderwysers, het die blad van sij ontstaan in Julie 1909 af, bijna angsvallig die tweetalige beginsel in toepassing gebreng, t. w. volkome gelijke regte vir Hollands en Engels, wat trouwens reeds deur sij naam aangedui word. Alle offisiële mededeling het tegelyk in albei tale verskijn, en enige jare lang werd dan ook streng die hand aan die tweetalige medium gehou, so streng selfs dat om die

¹⁾ Dit was alleen nog maar op papier gebeur.

²⁾ *Die Brandwag*, Julie 1916, red.

³⁾ Vgl. *Die Brandwag*, Julie 1918, red.

⁴⁾ *Het Krist. Schoolbl.*, April 1917.

⁵⁾ *Oranje-Vrijstaat Onderwysersvereniging*.

maand Hollands en Engels mekaar afgewissel het, wat die voorrang op die tieltelapagina betref. Dus vervolgens *Het Schoolblad* — *The Teacher* en *The Teacher* — *Het Schoolblad* om die beurt.

Na 1914 het die blad egter gaandeweg van kleur verander. Bijdrae in Engels het al minder geword en in omgekeerde verhouding het *Afrikaans* veld gewin. Sedert 1917 bevat die blad nog maar bij uitsondering 'n artikel in Engels, terwyl Afrikaans teenoor Hollands 'n oorwegende plek inneem; en sedert 1918 is ook die naam verander in *Die Skoolblad* — *The Teacher*. In beginsel word die dubbele medium dus nog gehandhaaf, maar Afrikaans het grotendeels die plek van Hollands sowel as Engels verower.

Hieruit laat sig dus ook verklaar dat die Vrijstaters dadelik officieel hulle instemming betuig het met die bekende Raadsbesluit-1914, soos blyk uit die volgende resoluëie van die jaarvergadering-1914: „Die vergadering neem met genoeg kennis van, en spreek sij warme waardering uit oor, die besluit van die Provinsiale Raad bij sij jongste sitting in sake die erkenning van die Afrikaanse taal als offisiële medium van onderwijs op onse skole, en onderneem geredelik aan hierdie besluit soveel moëlik uitvoering te gee; en ten einde sulks met sukses te doen, beveel hierdie vergadering aan dat aan Normaal (skool) studente, bij die praktiese voorbereiding soveel moëlik die geleentheid verskaf sal word om met die Afrikaanse medium bekend te word.”¹⁾

En op 'n Vrijstaatse kongres vir Kristelik Nasionaal Onderwijs op Bloemfontein gehou in April 1916, werd die volgende besluite geneem, wat vir sigself spreek: „Die kongres bring hulde aan die Afrikaanse Akademie vir wat hierdie liggaam al gedaan het en nog doen in verband met die uitgawe van Afrikaanse leerboeke vir die Lagere Skool en die daarstelling van 'n Afrikaanse spelsisteem.

„Die kongres versoek die Departement van Onderwijs beleëf dog dringend om voorsiening te maak dat 'n Afrikaner onderwijser minstens *eenmaal* per week aan Normaalstudente onderrig sal gee in Afrikaans.

„Die kongres rig een vriendelike versoek aan die a.s. Hoogeerwaarde Sinode om een kommissie aan te stel om op die kwessie van

¹⁾ *De Unie*, Aug. 1914.

wenselikheid van die gebruik van Afrikaans in die Kerk in te gaan.

„Die lede van die kongres dring aan tydlig en onttydig bij Skoolkommissie, bij Skoolraad, bij Dept. van onderwys op doorvoering van die beginsel: moedertaal-onderwys”¹⁾

Dat die Vrijstaatse sinode kort daarop Afrikaans als Kerk- en Bijbeltaal erken het, is reeds vermeld. Die Vrijstaatse onderwysers het dan ook geen gras oor hierdie besluite laat groei nie, maar self die inisiatief daartoe geneem om Afrikaans op die skool ingevoer te krij. In Julie 1916 het ’n deputasie namens die hoofbestuur van O. V. S. O. V. ’n onderhoud gehad met die Administrateur en Uitv. Komitee, sowel als met dr. W. J. VILJOEN Direkteur van onderwys, waarbij definitiewe voorstelle gedaan werd om prakties uitvoering te gee aan die Raadsbesluit-1914, op dieselfde wyse als in Transvaal. Dr. VILJOEN was intussen ook tot andere insigte gekom als in 1906 en het geredelik sij medewerking hiertoe verleen.

Naar aanleiding hiervan skryf *Het Schoolblad* (Aug. 1916) o.m.: „Die gebruik van Afrikaans als taal en medium op die skool kondig ’n nuwe tydperk aan in die geskiedenis van onderwys in S. A. Nou, vir die eerste maal, sal die Afrikaanse kind in der waarheid moedertaal onderwys geniet. Dit is ’n groot gebeurtenis, en elke onderwyser wat die belange van opvoeding op sijn hart dra, moet meewerk om hiervan ’n volslae sukses te maak. En daartoe is nodig degelik voorbereidende studie. Die noodsaakelikheid hiervan word erken op die Normaal Kollege, Bloemfontein, en daar word wekeliks ’n klas gehou in Afrikaans, wat uitstekend besoek word. Maar selfs die diensdoende onderwysers het die voorbereidende studie nodig, want Afrikaans kom nie vanself nie.”

AFRIKAANS IN HOLLAND.

Dis seker merkwaardig dat ’n Nederlandse universiteit die eerste moes wees om erkenning te verleen aan Afrikaans als wetenskaplike medium, nog lang voor dit in Suid-Afrika self sou gebeur.

In 1910 het dr. W. P. STEENKAMP aan die Vrije Universiteit

¹⁾ *Het Schoolblad*, April 1916.

(Amsterdam) gepromoveer tot doktor in die H. Godgeleerdheid op 'n proefskrif in Afrikaans oor „Die Agnosticisme van HERBERT SPENCER,” en hij was die eerste Afrikaner wat die moed gehad het om oor die diepsinnigste filosofiese vraagstukke te redeneer in ons „kombuistaal.” Als redes daarvoor noem die skrywer self: „Ek het dit gedaan uit nasionale selfrespek, uit die drang tot nasionale selfbehoud, uit nasionale pligbesef en ok — laat mij dit maar ronduit sê — uit nasionale trots.”¹⁾

Naar aanleiding van hierdie proefskrif skryf prof. MARAIS nog in 1918: „Dr. STEENKAMP schreef zijn doctorale dissertatie in 't Afrikaansch: en die dissertatie is lezenswaard, degelijk, echt wetenschappelijk. Ik vrees dat hij onder zijn landgenooten niet veel steun heeft ontvangen. Had hij in 't Kaapsch-Hollandsch (d.i. Hoog-Hollands) geschreven, hij zou *ten minste in Nederland* lezers gevonden hebben en misschien ook buiten de perken van Nederland. *Door zijn taal echter, isoleerde hij zich van de wereld . . . zelfs in zijn eigen land.*”²⁾

Vir prof. MARAIS is dit dus 'n uitgemaakte saak dat nie die onderwerp van die skrywer nie, maar sij taal die skuld dra van die beweerde „isolering.” Daarom is dit van belang om in kort na te gaan hoedanig in Holland oor Afrikaans geoordeel werd sedert die ontstaan van die Afrikaanse taalbeweging.

Reeds in 1881 skryf C. STOFFEL in 'n artikel oor die „Regte Afrikaners”: „De Afrikaansche taalbeweging heeft mijns inziens alle recht van bestaan, en verdient de toejuicing van ieder, die het wel meent met onze Zuid-Afrikaansche stamverwanten . . . De Afrikaansche taal is op volkomen wettige wijze ontstaan en bezig denzelfden ontwikkelingsgang te doorloopen, die o.a. het Engelsch heeft in staat gesteld, niettegenstaande zijn bijna volslagen verlies van spraakkunstige vormen, de fijnste schakeringen der menschelike gedachte uit te drukken. Wie zal zeggen welk eene toekomst voor haar is weggelegd, wanneer in latere jaren het schoone droombeeld van een Zuid-Afrikaansche Statenbond mocht worden verwezenlijkt?

En daarom heb ik eerbied voor de „Regte Afrikaners,” die den moed hebben gehad een schijnbaar barbaarsch gebroken

¹⁾ t. a. p., bls. XIII.

²⁾ *Geref. Maandblad*, April 1918. Kursivering van mij.

Hollandsch tot schrijftaal te verheffen: zij toonen daardoor een mannelijk vertrouwen in de toekomst te hebben; zij gevoelen dat een mensch zijn beste gedachten, zijn geheele hart alleen kan uitdrukken in de taal, die hij heeft opgevangen van de lippen zijner moeder, en dat de woorden, die in het dagelijksch verkeer van mond tot mond gaan, ook goed genoeg moeten zijn of zullen worden, om tot hoogere doeleinden te worden gebezigd. Niemand schame zich zijner spreektaal, want alleen deze is gansch het volk.”¹⁾

Presies teenoorgesteld hieraan was die mening van prof. JAN TE WINKEL in zij bekende verhandeling oor „Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika”²⁾: „De Patriottenpartij moet haar lievelingsdenkbeeld prijs geven en niet eene taal willen *invoeren*, die in niets anders hare kracht kan zoeken, dan in de *gemakzucht* der minst ontwikkelden onder de boeren. Voor het oogenblik kan die partij slechts de duurzame vestiging van het Nederlandsch tegenwerken, waardoor dus indirect de kansen van het Engelsch zouden rijzen, want dat zij zelf eenmaal zou kunnen zegevieren, acht ik — op grond van alles wat wij nu in het belang van het Nederlandsch in Zuid-Afrika hebben zien verrichten — *eene onmogelijkheid*.”³⁾ En verder: „De Zuidafrikanen zullen zelf begrijpen, hoeveel grootter de beteekenis hunner taal en letterkunde zal zijn, wanneer zij zich aansluiten bij de acht millioen stamverwanten in Europa, die wel zullen willen lezen wat door hen in het Nederlandsch wordt geschreven, maar hun Zuidafrikaansch alleen maar voor een oogenblik *als curiosum* kunnen genieten.”⁴⁾

In lijnrechte teenspraak hiermee is wat die skrijwer iets vroeër verklaar na 'n uitvoerige bespreking van die Patriot-gedigte: „Wie eenig besef heeft van natuur en waarheid in de poëzie, zal begrijpen, dat een volk waaronder zulke gedichten, als wij aanhaalden, gemaakt worden, zich vrijvechten moet.”⁵⁾ *Dat toch is geene verwijfde, geknutselde, geparfumeerde poëzie, maar de ware, de echte, de taal van het hart.*”⁶⁾

¹⁾ *Eene wettige dochter der Holl. taal*, Volksalmanak, 1882, bls. 16.

²⁾ *Vragen van den Dag*, 1896.

³⁾ t. a. p., bls. 499. Kursivering van mij.

⁴⁾ t. a. p., blz. 502. Kursivering van mij.

⁵⁾ Kursivering van die skrijwer.

⁶⁾ t. a. p., bls. 483. Kursivering van mij.

„De taal van het hart” een . . . *curiosum*!!

Tereg het dr. HESSELING protes aangeteken teen'eersgenoemde bewering. „Hoe kan men zoo iets zeggen van de waarachtige taal van een volk! *Niet het Afrikaansch, maar het Nederlandsch tracht men in te voeren.*”¹⁾

Dr. HESSELING was dit dan ook met die strekking van bowe-genoemde betoog gladnie eens nie. „Wat naar mijne meening nog nōoit is geschied en nimmer geschieden kan, dat is, dat een schrijftaal die van buiten is aangevoerd en door een kloof van twee eeuwen gescheiden is van de gesproken taal, ooit het voertuig kan worden van een nationale letterkunde, het eenige betrouwbare bolwerk tegen de veldwinnende macht van het Engelsch”²⁾ En verder: „Er is naar mijn vaste overtuiging maar één middel omr zulk een nationale letterkunde in de toekomst mogelijk te maken: *het schrijven der volkstaal*”³⁾ . . . „De Afrikaansche taal zal dan niet worden wat men thans van haar zou willen maken: een zustertaal van de onze; zij zal blijven wat zij is: een bloedverwante van den tweeden graad, — geen zuster, om mij bij dat beeld te bepalen, maar een nicht. Wij kunnen daar vrede mee hebben, want het kiezen is niet moeilijk tusschen een aardig, levend nichtje en *een pop die de kleeren onzer zuster draagt.*”⁴⁾

In sij onvermoeide ijwer om van Suid-Afrika, wat die taal betref, 'n tweede Holland te wil maak, het prof. TE WINKEL hom later nog 'n paar maal besondig aan sulke onoordeelkundige uitlatinge als die volgende: „Met zijn Zuid-Afrikaansch kan ds. du TOTT onmogelijk op den duur den strijd tegen het Engelsch volhouden. *Onder de Hottentotten zou hij er een soort van litterair leven mee kunnen wekken*, de beschaafden zullen er zich van afkeeren. Zij doen het reeds nu: niet alleen schrijven zij steeds, ook in hunne brieven, zoo goed mogelijk wat zij „Hoog-Hollandsch” noemen; maar zij zouden zich ergeren, als een predikant het waagde, hun in Zuidafrikaansch van den kansel toe te spreken”.⁵⁾ Een uitspraak wat na 20 jaar reeds volkome middeleeuws klink.

1) „Het Hollandsch in Z. A.”, *De Gids*, 1897, I, bls. 159. Kursivering van mij.

2) t. a. p., bls. 157.

3) t. a. p., bls. 158. Kursivering van mij.

4) t. a. p., bls. 162. Kursivering van mij.

5) Uit 'n „rede op het 24ste Ned. Taal- en Letterk. kongres te Dordt”, 25 Aug. 1897, bls. 10. Kursivering van mij.

En nog eens dieselfde ou stokperdjie in 'n owerigens harts-togtelike pleidooi vir die saak van die Boere in 1899: „Dat de eigenlijke Hollandsch-Afrikaansche spreektaal ooit de heerschende schrijftaal in Zuid-Afrika zou kunnen worden, is hoogst onwaarschijnlijk. Zij is daartoe te arm en *gelijkt daartoe te veel op de taal der Hottentotten*; zij wijkt daartoe te veel af van de bijbel- en kanseltaal.”¹⁾

Van die Hotnotstaal vermeld 'n reisverhaal uit die end van die 16^{de} eeuw: „Belangende haer spraek is eenen gelyck ofte men een deel Calcoense hanen hoorden raesen, eeven gelyck is oock haer spraecke, daer van gy weynich anders cont hooren als clocken ende flueyten.”²⁾

Maar laat ons aanneem dat prof. TE WINKEL met „*de taal der Hottentotten*” bedoel kleurling-Afrikaans, d.i. een minder beskaafde vorm van Afrikaans, wat die nakomelinge van genoemde „Calcoense hanen” in die loop van die tijd van die blanke inwoners in Kaapland oorgeneem het, of wat die Kaapse Maleiers vandag praat.³⁾

Selfs dan was die allermeeeste, wat 'n nugtere taalgeleerde sou kan beweer, dit: „Dat het eigenlijke kleurling-Afrikaansch ooit de heerschende schrijftaal in Z.-A. zou kunnen worden is hoogst onwaarschijnlijk. Zij is daartoe te arm en *gelijkt daartoe te weinig op de taal der beschaafde Afrikaners*.”

Of sou prof. TE WINKEL die Nederlandse spreektaal, „het algemeen beschaafd”, beoordeel wil sien volgens die spraakpeil van die Amsterdamse agterbuurtes of „het afgrijselijke plat-Leidsch”, om nou nie eens te praat van die „Nederlands” van 'n negerkok aan boord van 'n Hollandse skip als maatstaf nie?

Reeds is vermeld dat die nuwe taalbeweging dadelik steun gevind het bij tal van bekende Nederlandse taalgeleerdes. So skryf o.a. dr. R. A. KOLLEWIJN: „Het komt mij voor dat niets de Afrikaners zó kan verbinden, zózeer hun zelfvertrouwen kan sterken, als het besef dat hun Afrikaans niet is 'n minderwaardig dialekt, waarvoor zij zich eigenlijk moesten schamen, maar „de

1) *Waar het om gaat in Zuid-Afrika*, Haarlem, 1899, bls. 33. Kursivering van mij.

2) *Van Janmaat en Jan-Compagnie* (2 w. Herdr.), bls. 49.

3) Prof. TE WINKEL het dit totaal mis, waar hij verder beweer, dat „Afrikaansch ook de taal der naturellen is.”

taal van 'n volk": een taal, die gesproken, geschreven wordt met hetzelfde recht waarmee zich de Nederlander van het Nederlands, de Engelsman van het Engels bedient." ¹⁾)

Vermelding verdien ook die „Afrikaanse Avonden" wat onder leiding van Fr. ROMPEL veel daartoe bijgedra het om die nuwe beweging in ruimere kring in Holland bekend te maak. Verder het die Afrikaanse taalsak voortdurend 'n warme pleitbesorger gehad in dr. N. MANSVELT, Oud-Superintendent van Onderwijs in Transvaal, wat bij verskillende geleenthede, o.a. op die 30^{ste} Nederl. Taal- en Letterk. Kongres (1908), die goeie reg daarvan bepleit het.

Blijkens bowegenoemde beskouwing, skijn prof. MARAIS nog altijd onder die indruk te verkeer, dat „Hoog-Hollands" in Holland meer gewild is dan Afrikaans. Enkele aanhalinge kan bewijs dat juis die teendeel waar is. Nog vòòr daar eienlik van letterkunde sprake was, skryf dr. HESSELING „Ik houd te veel van alles wat echt en onvervalscht is om niet met grooter genot te lezen wat in 't *zuiver Afrikaansch* geschreven is dan de taal die *een middending* tusschen ons Hollandsch en dat der Boeren kan heeten." ²⁾)

En prof. DE VOOYS verklaar: „Wie in de letterkunde een spiegel van het leven zoekt, zal de geschriften van deze eerste periode ³⁾ — ze mogen dan in meerderheid onbeduidend zijn — niet vergeefs raadplegen. *Al dadelik trekken de zuiver Afrikaanse ons veel meer aan* dan de Hollandse. Men voelt hoe oorspronkelikhed van zeggings, kleurrijke schildering van het omringende leven, zuivere weergave van diepere aandoeningen de moedertaal vereist." ⁴⁾ En verder: „Hier te lande zullen weinige beoordeelaars, mits ze niet met SCHARTEN's vooroordeel behept zijn, niet zonder aarzelen *de jonge Afrikaanse dichters verkieszen boven hun „zuiver-Nederlands" schrijvende mededichters.*" ⁵⁾)

Daarom verwonder dit ook nie dat die „eersteling van onse literatuur" in Holland dadelik met warme belangstelling begroet werd. Daar sou 'n hele bloemlesing van waarderende woorde uit

¹⁾ *De Volkstem*, 4 Nov. 1905. Oorgeneem uit *De Amsterdammer*.

²⁾ *Taal en Letteren*, 1900, bls. 248. Kursivering van mij.

³⁾ Vòòr die Boere-oorlog.

⁴⁾ „Afrikaner Taal en Poëzie", *De Beweging*, Okt. 1913, bls. 12.

⁵⁾ Aldaar bls. 36. Kursivering van mij.

die Nederlandse letterkundige wereld kan saamgestel word, maar 'n paar aanhalinge is voldoende.¹⁾

„Zuid-Afrika zichzelf bewust, droomt van eigen letterkunde, regendruppels na langdurige droogte. Zie daar — en dat is de betekenis die dit alles voor ons heeft — het derde Nederlands sprekend gebied dat met iets eighs komt en kunst geeft, kunst als de beste Nederlandse, de warmste Vlaamse”.²⁾

„En het proza van PRELLER, en de verzen van Celliers leverden het heuglik bewijs dat het Afrikaans als letterkundige taal de proef doórstaan had. Meer dan alle voorafgaande pleidooien spraken nu de feiten. Wie oor heeft voor levend ritme, en gevoel voor oorspronklike, individuele zeggings, zal genieten van dat frisse proza. Het staat teenover de korrekt-Nederlandse uiting van andere voorgangers, als een tintelende Vlaamse bladzijde van VERRIEST teenover het verhollandste schrijven van oudere Flaminganten.”³⁾

„Gedichten als *In die konsentrasiekamp, Aan 'n Seepkissie, Die ou Blikkie* ontroeren en grijpen aan als een verhaal van wee en ellende, dat spreek met gebroken stem en u aanziet met oogen, die geen tranen meer hebben. Probeer die stukken, dat laatste yoor al, eens voortelesen, waar gij bij het zachte lamplicht zit in uw vredig tehuis, en zie eens of gij de lezing ten einde kunt brengen!... Gelooft iemand voortaan niet, dat het Afrikaansch geskikt is om dienst te doen als voertuig van ware poëzie, laat hij dan den bundel van LEIPOLDT lezen en zich bekeerens.”⁴⁾

Natuurlik is daar ook kritiek geoeftens, „vernietigende” kritiek! CAREL SCHARTEKON kon sij lag nie hou nie vir die „doofstommen-taaltje”, die „gebarsten viool”, die „ding zonder pooten, staart of ooren”, die „bastaardmopje”, ens.⁵⁾ Waaronder hij ons digters aangeraai het om 'liewers Engels te skrywe, en daarbij glad vergeet dat Engels ook sonder pote, stert of ore is. So'n „kritiek” maak egter alleen die skrywer daarvan belaggelik. „Heeft een dergelijke hooghartige opmerking niet eerder zelf iets pijnlijk-

1) 'n Korte bibliografie is te vinden in *Dichters uit Z.A.*, bl. XXIV.

2) Dr. J. B. SCHEPERS: *Bij die Monument (TOTIUS) — De Nieuwe Gids*, 1909, II.

3) Prof. dr. C. G. N. DE VOOYS: *De Beweging*, Okt. 1913.

4) Prof. dr. G. KALFF: *Oom Gert vertel ens. (LEIPOLDT) — Vragen des Tijds*, Jan. 1915.

5) *De Gids*, Junie 1910; Febr. 1911.

lachwekkends", — vraag prof. J. A. VAN HAMEL — „en komt zij niet alléén voort uit 't in Holland helaas nu eenmaal te veelvuldige gevoel van afkeuring voor alles wat een béetje anders is: uit een typisch klein „Klein-Hollanderschap"?”¹⁾

Hoe weinig die Afrikaner hom van die wereld isoleer deur van sij eie taal gebruik te maak, selfs in Holland, blijk hieruit dat sedert jare drie tijdskrifte in Holland verskijn, waarin gereëld bijdrae in Afrikaans verskijn.²⁾ Dit blijk verder uit die feit dat prof. BODENSTEIN van Amsterdam op sij kolleges, soewel als in openbare redevoeringe, nooit anders als Afrikaans praat nie. Dit blijk ten slotte uit die feit dat reeds vier Afrikaners in Groningen gepromoveer het op in Afrikaans gestelde dissertasies, 'n voorbeeld wat met hierdie werk ook deur Utrecht gevolg word.³⁾

GROEI.

Een van die mees kenmerkende verskijnsele van die Afrikaanse „renaissance”, naas die gestadige opbloeï van 'n nasionaal-Afrikaanse letterkunde, is die geweldige openbaring van nasionale bewussijn onder die geledere van Jong-Suidafrika in die laatste jare. Nog in 1912 moes *Die Brandwag* daaroor klaag dat die *South African College Magazine*, offisiële orgaan van die Kaapstadse studente, so goed als „pure Engels” was. En in 1913 skryf *Die Brandwag* nogeens: „Ons het die stille hoop gekoester, dat na die Taaldemonstrasie en die geesdrif wat daar te Kaapstad geheers het, die *S. A. C. Magazine* 'n nuwe blaadjie sou omblaai en sig sou bekeer van sij dwaalwege. Maar moenie glo nie! Geen enkele woord Hollands te vinde nie. Dis seker 'n allerbedroewendste verskijsel, en toon ons nog 'n keer, hoe *hopeloos* dit met sommige van ons Kolleges gesteld is.”⁴⁾

En in Junie 1918 is op 'n monstervergadering van Kaapstadse

¹⁾ *Uit het Z. Afrik. Gemeenebest*, bls. 99.

²⁾ *Hollandsch Zuid-Afrika, Dietsche Stemmen* en *De Toorts*.

³⁾ Hieraan kan nog toegevoeg word dat Afrikaans in verskillende Nederlandse bloemlesinge uit die laaste jare goed verteenwoordig is, o.a. die van POELHEKKE, PRINSEN, ALEIDA NIJLAND, WOUTERS; en dat die Afrikaanse bloemlesing *Dichters uit Zuid-Afrika* in Holland so goed ontvang is, dat binne 'n jaar een herdruk daarvan nodig was.

⁴⁾ *Die Brandwag*, Mei 1913.

studente, Afrikaans- sowel als Engelssprekend, eenparig besluit om bij die Senaat van die Kaapse Universiteit daarop aan te dring om Afrikaans als studievak in die kurrikulum van die Universiteit op te neem, en tewens Afrikaans geleidelik als voertaal van die Universiteit in te voer.¹⁾

Ongeveer terselfdertijd werd deur die Transvaalse en Vrijstaatse studente petitiesies gerig aan die Minister van Onderwijs en aan die Registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika, vragende om die oprigting van leerstoele in Afrikaans aan die verskillende affilierende kolleges van genoemde Universiteit, en om die erkenning van Afrikaans als voertaal. En reeds op die eerstvolgende senaat-sitting is aan die laaste versoek gevolg gegee deur 'n eenparige besluit, dat Afrikaans voortaan als voertaal bij alle eksamens van genoemde Universiteit kan gebruik word; terwyl Bloemfontein pas (einde 1918) die voortouw geneem het deur dr. D. F. MALHERBE te benoem tot professor in Afrikaans, 'n feit van groot betekenis in die geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging.

Verder word Afrikaans aan die Stellenbosse Universiteit reeds als voertaal erken en deur verskillende professore op hulle kolleges gebruik, terwyl die instelling van 'n leerstoel in Afrikaans aldaar in die naaste toekoms kan verwag word.²⁾ Ook word Afrikaans sedert 1916 naas Hollands en Engels toegelaat als medium, mondeling sowel als skriftelik, bij al die vakke van die Eerste-klas Onderwyserseksamens (Hoofdakke) in S. A.

Die georganiseerde studentebeweging dagteken van 1911 af. Toen is daar op inisiatief van die Stellenbosse studentevereniginge *Ons Spreekuur* en *A. T. V.* die eerste studentetaalkonferensie op Stellenbosch gehou, als gevolg waarvan 'n permanente sentrale komitee in die lewe geroepe werd onder die naam *Studenten Werda Komitee*, en onder die leus: *Wij zullen handhaven*, ten einde onder studente propaganda te maak vir Hollands en Afrikaans.

Als resultate van die *Werda*-organisasie kan o.m. genoem word die geesdriftige betoging van enkele duisende studente en skoliere in Kaapstad (1913) ter herdenking van die eerherstel van Hollands ingevolge art. 137 van die Unie-grondwet; en die viering van

¹⁾ *Die Huisgenoot*, Julie 1918.

²⁾ Dit is sedert dien reeds gebeur deur die benoeming van prof. J. J. SMITH aldaar.

Heldedag in Kaapstad (1916). „Zo iets was er nog nooit in ons land” — skryf *De Unie*. „Honderden en duizenden van jonge mense, die de hele dag zaten en stonden te luisteren naar die geskiedenis van ons groter mense! Dit was ’n gezicht om nooit weer te vergeten. Ons geskiedenis word op die skolen verwaarloosd en nu heeft men een ander manier gevonden om het jonger geslag met zijn geskiedenis bekend te doen worden. Of dit die beste manier is, weten wij niet. Maar wat wij weten is, dat het een zeer effektiewe manier is.”¹⁾

Na alles wat die laaste jare gebeur was, is *die Staat* ten slotte ook verplig gewees om sijn goedkeuring te heg aan die algemene erkenning van Afrikaans, wat op 19 Maart 1918, gebeur het deur die volgende Volksraadsbesluit: „Dit Huis beskouwt dat Afrikaans word inbegrepen onder Hollands als een van die offisiële talen der Unie, en dat dit beginsel erkend behoort te worden voor alle Staats- en offisiële doeleinden, behalve in gevallen van wetsontwerpen en wetten van het Parlement en van offisiële dokumenten van een van die Huizen van Parlement, in welke gevallen slechts die vereenvoudigde vorm van Hollands gebezigd zal worden.”

Die bewoording van hierdie besluit lewer meteen ’n mooi voorbeeld van die houterige, Engels-gekleurde, sogenaamd „offisiële Hollands”, wat nog in Suid-Afrika op papier gehandhaaf word. En waarom die Volksraadsverhandelinge moes uitgesonder word, is gladnie duidelik nie.

Tot dusver is Natal, „arme assepoetser onder die provinsies”, in hierdie oorsig nog nie genoem geword nie. Maar hoewel ’n oorwegend Engelse provinsie, is die klompie Afrikaners daar egter nie minder woelig nie. En ten slotte het Natal die ander drie provinsies nog uitgestof deur die instelling van partikuliere eksamens in Afrikaans. In 1917 het die *Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge* aan 300 geslaagde kandidate vir ’n skriftelike eksamen in Afrikaans diplomas uitgereik. En in 1918 is deur genoemde liggaam twee skriftelike eksamens uitgeskryf (hoër en laer), handelende oor Afrikaanse spelling, grammatika, voorgeskrewe werke in prosa en poësie, waarby nogal strenge eise gestel word.²⁾

Als bewijs dat Afrikaans mooi op pad is om die algemene

¹⁾ *De Unie*, Mei 1916.

²⁾ Vgl. *Die Brandwag*, April 1918

kultuurmedium van Suid-Afrika te word, kan nog genoem word die oprigting deur „Die Nasionale Pers” in 1918 van ’n Afrikaanse „wereldbibliotheek,” onder die naam van „*De Burger-Leeskring*.” Tweemaandeliks sal ’n Afrikaanse boekwerk van $\pm$ 250 bladsije uitgegee word, oorspronklik of vertaald, waartoe die medewerking van die beste letterkundige kragte in S. A. verkrij is. Als eerste nommer van die Burgerleeskring-serie is reeds verskijn *Voortrekkersmense*, ’n oorspronklike geskiedkundige verhaal, deur GUSTAV PRELLER.

Ten slotte is in Aug. 1918 in Riversdal (Kaapland) ’n Afrikaanse Taalfees gehou, ter viering van die erkenning van Afrikaans als landstaal. Naar aanleiding daarvan skryf *Die Huisgenoot* ¹⁾ o.m.: „Die middelpunt van al die feestelikhede was ongetwyfeld ons Afrikaanse digter, JAN CELLIERS. Sy voordrag oor „Afrikaans in die Letterkunde” was ’n inspirasie vir elkeen wat die voorreg gehad het om daarna te luister... Hij het ons hart opnuut oopgemaak vir die skoonhede en doeltreffendheid van ons Afrikaanse taal.”

Op hierdie fees is ook die gedagte uitgespreek om ’n gedenkfonds te stig, met die doel om aan JAN CELLIERS ’n werkkring te verskaf, waarin hij uitsluitend sij kragte sal kan wij aan die opbouw van die Afrikaanse letterkunde.

„Als ’n vloedgolf stort ’n warme vaderlandsliewende geesdrif sig uit oor die land; dit kom tot uiting in ’n stroom van werke in Afrikaans, als tot nog toe onbekend was en onmoontlik geag werd. Dit woel selfs in kinders van sewe, ag jaar. Waar het ons ooit so iets in vroeëre tije beleef?” Aldus *Die Brandwag*, Des. 1917.

Deur ’n paar manne in beperkte kring begonne, is die tweede Afrikaanse taalbeweging, ten spijte van — en seker ook ten gevolge van — veel teenstand, in betrekkelik korte tijd aangegroei tot ’n volksbeweging, wat vandag die hele Suid-Afrika omvat, en wat ’n nuwe tijdperk aankondig in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse nasie. Afrika word Afrikaans!

¹⁾ Aug. 1918.